Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# UIT DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT : DIE ONTSTAAN VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SEEDIENS

## *INLEIDING*

In Julie 1927 het admiraal sir H. W. Richmond, K.C.B., in Cambridge 'n tweetal lesings oor die onderwerp „Sea-Power and the Empire" gehou en, aan die slot van sy tweede lesing, met verwysing na die tydperk na die ineenstorting van die sogenaamde „Colonial Empire" verklaar:

> *Sea-power was still as essential to our security as it had been in earlier centuries. Shipping and seamen still constituted an element in sea-power, as the late war has abundantly shown us; and among the elements of sea-power is the possession, or the use, of seaports, bases of refreshment and supply all over the world, as Mahan long ago pointed out and experience of actual commerce protection has proved — if proof were, indeed, necessary.*[1]

Aan hierdie uiteensetting het bogenoemde spreker-skrywer toegevoeg:

> *Loss of sea-power by the Empire . . . . . . would lead to the break-up or loss of the Empire.*[2]

Reeds in 1902, na die totstandkoming van die *Committee of Imperial Defence,* (C.I.D.) het hierdie vraagstuk nie aan die aandag van hierdie organisasie ontgaan nie. Met betrekking tot ryksverdedigingsaangeleenthede is die probleem waarmee die C.I.D. te doen gekry het, deur F. A. Johnson soos volg geformuleer:

> *A thread of great importance running through the tapistry of this time is the relation in defence matters between the homeland and the Dominions . . . . . . Britain tried steadily to gain the firm support of these self-governing colonies in the strategic sphere, granting even larger concessions to meet their increasing spirit of independence and yet hoping to obtain financial contributions to the Royal Navy and man-power commitments to the army.*[3]

Die reaksie van die kant van die dominiums, hierdie term is in 1907 vir die eerste keer tydens die Koloniale Konferensie van dié jaar gebesig, word deur dieselfde skrywer soos volg geskets:

> *The Dominions, for their part, felt in general that Great Britain has managed to pay the bill thus far and should continue to do so, but as the menace of foreign powers grew more obvious they became more amenable to taking steps in their own defence. In Australia and Canada, this took the form of satisfying their armour people by setting up separate naval fleets; in other Dominions, that of contributions to the British fleet.*[4]

Hierdie uiteenlopende gedagtes het o.m. duidelik aan die lig gekom in 1909 toe, tydens die Imperiale Konferensie, besprekings aangaande die militêre- en vlootverdediging van die Britse ryk tussen die imperiale regering en verteenwoordigers van die dominiums in Londen bespreek is.[5]

Op 3, 5 en 6 Augustus 1909 is, ookal na aanleiding van 'n memorandum van die Britse admiraliteit, die Imperiale verdedigingsbeleid ter see bespreek. Nieu-Seeland het hom ten gunste van die voorgestelde betaling van bydraes verklaar, terwyl Australië en Kanada die voorkeur aan die grondlegging van eie oorlogsvlote gegee het. Weliswaar is, in laasgenoemde gevalle, na eenvormigheid ten opsigte van skepe, bewapening e.d.m. gestrewe, maar andersyds lê daar, in hierdie uiteenlopende sienswyse, 'n bevestiging van Johnson se reeds aangehaalde sienswyses.

Ter verduideliking kan verder nog na die reeds genoemde memorandum van die Britse admiraliteit verwys word, waarin verklaar is:

i. Indien die vraagstuk van die imperiale verdediging ter see as 'n vraagstuk van vlootstrategie beskou word, is die instandhouding van 'n enkele vloot, met eenheid van opleiding en bevelvoering die doeltreffendste.

ii. Rekening moet ook gehou word met die omstandighede waarin die dominiums verkeer. Hulle het, in die verskillende stadiums van ontwikkeling waarin hulle verkeer, sowel as met betrekking tot hul geografiese omstandighede en hul verlede, nasionale gevoelens ontwikkel wat hulle wil uitlewe en waarvoor voorsiening gemaak moet word. Op grond hiervan is:

a. Bydraes in die vorm van geld of materiaal die beste vorm van steun van 'n bepaalde dominium om met die imperiale verdediging te help.

b. In ander gevalle begeer dominiums, wat gereed is om plaaslike vlootmagte daar te stel en hulle in geval van oorlog ter beskikking van die Kroon te stel, om die grondslae vir 'n toekomstige eie vloot te lê.

c. 'n Ander vorm van steun is om sekere plaaslike dienste te onderneem wat nie regstreeks 'n vlootkarakter dra nie, maar tog die Britse skatkis se posisie verlig.[8]

Van admiraliteitsweë is, op grond van bostaande, as vernaamste taak van die konferensie die daarstelling van 'n formule beskou "in which the various Dominion Governments can best participate in the burden of Imperial defence with due regard to varying political and geographical conditions."[9] Soos reeds vermeld is, het die paaie van die dominiums, sowel onderling as ten opsigte van die Britse ryk, uitmekaar geloop.

Die Suid-Afrikaanse dominiums was onderskeidelik verteenwoordig deur Eerste Minister John X. Merriman (Kaapkolonie), kol. E. M. Green, K.C., (Natal), genl. J. C. Smuts (Transvaal) en Eerste Minister A. Fischer en genl. J. B. M. Hertzog (Oranjerivierkolonie).[10]

Met die oog op die voorgenome unifikasie van Suid-Afrika het bogenoemde verteenwoordigers geen werksame aandeel in die besprekings geneem nie.[11] Aangaande vlootaangeleenthede is daar geen konferensie met die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes gehou nie, maar wel is daar ooreengekom dat die toekomstige Unieregering die verpligting sou oorneem om die bestaande jaarlikse bydraes, wat deur die Kaapkolonie en Natal ten behoewe van die verdediging ter see aan die imperiale regering betaal is, te bly betaal.[12]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 1

# SUID-AFRIKAANSE KOLONIALE BYDRAE TEN BEHOEWE VAN DIE VERDEDIGING VAN DIE BRITSE RYK

## a. GELDELIKE BYDRAES

Sowel die Kaapkolonie as Natal het, onderskeidelik vanaf 1898 en 1903, vasgestelde jaarlikse bydraes ter beskikking van die imperiale regering gestel. Hierdie bydraes kon, deur laasgenoemde, ten behoewe van die Britse vloot aangewend word.

In Wet. No. 20 van 1898 van die Kaapkolonie, getiteld *The Navy Contribution Act, 1898* is o.m. bepaal:

> *From and after taking effect of this Act, there shall be paid annually to the Admiralty or such person as they may be pleased to appoint in that behalf and in such manner as they be pleased to direct, the sum of thirty thousand pounds out of the public revenue of this Colony as a contribution towards the annual expenditure by the Imperial Government in connection with Her Majesty's Naval Service.*[13]

In 1902 het die Kaapse parlement *The Navy Contribution Increase Act, 1902,* ook bekend as Wet no. 14 van 1902, aangeneem. In hierdie wet is bepaal dat, bo en behalwe die reeds genoemde bedrag van R60.000, die Kaapse regering jaarliks nog 'n verdere R40.000 vir dieselfde doel sal betaal.

Op 8 Julie 1903 het die Natalse parlement besluit om jaarliks, en by wyse van *The Navy Contribution Act, 1903,* 'n bedrag van R70.000 as 'n bydrae tot die jaarlikse uitgawes van die Britse vloot te betaal.[15] Hierdie bydraes is, soos reeds verduidelik, deur die Unieregering as een van sy verpligtings oorgeneem.

Hierdie bydraes is, voor Uniewording (1910) sonder voorwaardes en gedek deur koloniale wetgewing, betaal. As bewys van erkentlikheid het die Britse admiraliteit die Kaapse koloniale regering toegelaat om jaarliks twee kandidate vir toelating aan die *Royal Naval College,* Osborne, aan te beveel, terwyl die Natalse regering 'n soortgelyke reg met betrekking tot een kandidaat besit het.

## b. DIE NATALSE EN KAAPSE R.N.V.R.

Nog 'n bydrae wat deur Natal en die Kaapkolonie gelewer is, was om, in teorie altans, klein vlootmagte in die vorm van die *Royal Naval Volunteer Reserve* (R.N.V.R.), te stig en daar te stel. Ofskoon die Natalse parlement in 1907 en die Kaapse parlement in 1908 wetgewing in dié verband aangeneem het,[16] is daar andersyds geen stappe gedoen om ten opsigte van soortgelyke vrywilliger-organisasies te voldoen nie.

Daar is, behalwe dat daar in die geval van die Kaapkolonie reëlings getref is om 'n offisier-instrukteur vir die Kaapse Afdeling van die R.N.V.R. te bekom, niks gedoen om die wetgewing te implimenteer nie.

Weliswaar is 'n vlootoffisier deur die Britse admiraliteit aangewys om na Suid-Afrika oor te kom, maar ten tye van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is hierdie reëling gekanselleer. Die rede hiervoor was, aldus 'n memo-

randum van sir Roland M. Bourne in 1918, dat die desbetreffende Natalse en Kaapse wetgewing in sekere opsigte as ontoereikend beskou is en dat daar, aldus dieselfde skrywer, nooit enige magte kragtens dié wette gestig is nie.

Sonder enige werklike gesag het, aldus dieselfde skrywer wat hom op die konstitusionele aspekte toespits, dié sogenaamde vlootorganisasies op vrywillige grondslag, te wete die *Cape Naval Volunteers* en die *Natal Naval Volunteers,* op eie gesag die naam *Royal Naval Volunteer Reserve* aangeneem en is hulle informeel deur die Opperbevelhebber, Kaap, erken en aangemoedig. Dit moet ewenwel, aldus sir Roland, onthou word dat dié magte kragtens die bestaande wetgewing ten opsigte van militêre magte daargestel was. Op grond hiervan was hulle aan militêre dissipline, en nie aan vloot dissipline nie, onderhewig. Bygevolg het die Britse admiraliteit geen beheer oor hulle dienste gehad nie.

## c. DIE OORSPRONG VAN DIE R.N.V.R.-ORGANISASIE

Alvorens verder op sir Roland se aantekeninge in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die R.N.V.R.-organisasies in Natal en in die Kaapkolonie, gevolg deur verdere besonderhede aangaande die tydperk kort na Uniewording ingegaan word, is dit van voldoende militêr-historiese belang om een en ander omtrent die vroeëre bestaan en ontwikkeling van die R.N.V.R. in Engeland mee te deel.

Aan die begin van die geskiedenis van die R.N.V.R. staan die *Act for the Establishment of a Reserve Volunteer Force of Seamen, and for the Government of the same,* kortliks bekend as *The Royal Naval Volunteer Act,* van 13 Augustus 1859.[17]

In die aanhef van hierdie wet is bepaal dat daar "a Reserve Volunteer Force of Seamen for Service in Her Majesty's Fleet in Time of Emergency" moet wees en dat die lede van so 'n mag behoorlik ingeskrewe en opgelei moet wees.

Op grond hiervan is aan die Britse admiraliteit die mag verleen om 'n vrywilligermag nie groter as 30.000 man nie, en bestaande uit *Royal Naval Volunteers* op die been te bring met dien verstande dat die normale dienstydperk nie vyf jaar oorskry nie. Verder is o.m. bepaal dat hierdie vrywilligers jaarliks gedurende 'n tydperk van agt-en-twintig dae militêre opleiding op die vaste wal en aan boord sal ontvang en dat hulle vir aktiewe diens opgekommandeer kan word. In laasgenoemde geval was hulle verplig om van drie tot vyf jaar vlootdiens te verrig.

Hierdie wet, wat in 1903[18] en 1917, onderskeidelik deur die *Naval Force Act, 1903* en die *Royal Naval Volunteer Act, 1917*[19] gevolg is, is gevolg deur: *The Colonial Naval Defence Act,* 1865.[20]

Hierdie wet is in die lewe geroep om die Britse kolonies in die geleentheid te stel om beter voorsiening vir verdediging ter see te tref deur oorlogskepe te voorsien en te beman en 'n vrywilligermag daar te stel wat deel vorm van die *Royal Naval Reserve* wat kragtens die wet van 1859 in die lewe geroep is. Aan Britse kolonies is, uit hoofde van eersgenoemde wet, die mag gegee om oorlogskepe aan te skaf en in stand te hou; om vrywilligers te werf, om offisiere van 'n vrywilligersmag aan te stel, om die dienste van offisiere e.a. van die Britse admiraliteit te verkry en om maatreëls te tref om die begeerde tug en orde binne die grense van 'n kolonie of kolonies onder die vrywilligers te handhaaf. In laasgenoemde geval, of elders, was die koloniale vrywilligers onderworpe aan die dissipline van die Britse vloot.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Tewens is in die wet o.m. bepaal dat dergelike koloniale vrywilligers deel van die *Royal Naval Reserve* vorm en die Koningin-in-Rade die reg besit om sowel die oorlogskepe as die vrywilligers van 'n kolonie of kolonies as 'n onderdeel of onderdele van die Britse vloot te aanvaar indien so 'n aanbod of aanbiedings deur 'n kolonie of kolonies aan die Koningin gerig word.

In verband met die uitoefening en nakoming van tug, is op 10 Augustus 1866 die *Naval Discipline Act* deur die Britse parlement aangeneem,[21] wat in 1911 en 1917 gewysig is.[22]

Eersgenoemde wet het onder die benaming *Naval Discipline (Dominion Naval Forces) Act, 1911,* soos uit die verkorte titel blyk, die bestaande wetgewing ook van toepassing op dié vlootmagte gemaak wat deur 'n dominium of dominiums op die been gebring is. Dit wet van 1917, bekend as die *Naval Discipline Act, 1917* het 'n wysiging met betrekking tot 'n seksie (74A) van die vroeëre, bestaande wet, behels.

Nog 'n imperiale wet is die *Naval Forces Act, 1903,*[23] wat uitvoeriger omskrywe is as 'n wet "to provide for the Constitution of a Royal Naval Reserve, and a Force of Royal Marine Volunteers."

In hierdie voorbeelde van imperiale wetgewing is, sowel organisatories en andersins, die grondslae van 'n gedissiplineerde Britse koloniale- en dominium- vlootvrywilligersorganisasie, bekend as die *Royal Naval Volunteer Reserve,* gelê.

## d. MEER BESONDERHEDE OOR DIE NATALSE EN KAAPSE ORGANISASIES[24]

In sy reeds vermelde beskouings van 1911 het sir Roland Bourne weliswaar sekere konstitusionele aspekte van die Natalse en Kaapse afdelings van die *Royal Naval Volunteer Reserve* beklemtoon, maar die militêr-historiese aspekte nie aangeroer nie. Kortliks is die geskiedenis van die Natalse vlootvrywilliger-organisasie soos volg:

*Natal*

Die *Natal Naval Volunteers* (N.N.V.) dank sy ontstaan aan 'n vergadering wat op 30 April 1885 deur mnr. H. Escombe, L.W.V., te Durban-Punt belê is. Hierdie vergadering was die geboorte-uur van die *Natal Naval Volunteers*-organisasie, met — op 15 Mei 1885 — as offisiere: kapt. H. Escombe, L.W.V., lt. Ballard (hawekaptein) en lt. C. Woodroff. Tydens die eerste oefeningaand, op 27 Mei 1885, was tagtig lede in die drilsaal, die spoorweggoedereloods van Durban-Punt, aanwesig. Britse vlootuniforms is kort daarna aangeskaf en nie N.N.V.-lede is met die verdediging van die plaaslike hawe belas. Nog in dieselfde jaar is die naam van die N.N.V. in *Coast Defence Corps* verander en in 1889 het die lede beskikking oor 'n battery op die Bluff gekry.

Klaarblyklik het die nuwe korpsbenaming geen byval gevind nie, want in die korpsorders van 1891 word nog die ou benaming *Natal Naval Volunteers* aangetref.

In die jaar wat gevolg het, het die korpslede geen opleiding aan boord gehad nie, maar het hulle voldoende oefening in verband met die hantering van twee plaaslike batterye en 'n aantal ligte veldkanonne verkry. As gevolg hiervan is die N.N.V. na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, by die *Naval Brigade* inge-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

skakel. In hierdie hoedanigheid het hulle aan die gevegte om en die ontset van Ladysmith deelgeneem onder bevel van kapt. E. P. Jones, R.N., bevelvoerder *Naval Brigade, Field Force*. In 1904 was die sterkte van die N.N.V.-organisasie 200 en in Februarie 1906 is die lede opgekommandeer om die Zoeloe-rebellie in Natal te help bekamp. Op 30 November 1907 het die Natalse gewapende magte weereens gemobiliseer i.v. m. verdere Bantoe-onluste en, na werwing, het die N.N.V. op 11 Desember van dieselfde jaar oor 150 lede beskik. Demobilisasie het spoedig gevolg en tot Uniewording het die N.N.V. 'n rustige bestaan gelei.

As gevolg van beraadslagings tydens die Imperiale Konferensie van 1907 is die moontlikheid geopper om die koloniale vlootvrywilligers as 'n koloniale tak van die *Royal Naval Volunteer Reserve* op te neem. Namens die Britse admiraliteit het lord Tweedmouth (1849-1909) onderneem om imperiale wetgewing in dié verband te bewerkstellig.[25]

*Die Kaapkolonie*

In April 1903 het mnr. Herbert Penny, van Kaapstad, ere-sekretaris van die plaaslike tak van die *Navy League,* hom begin beywer om tot die daarstelling van die *Cape Colonial Division Royal Naval Volunteer Reserve* te kom. Sy pogings is met sukses bekroon en op 7 Februarie 1905, met ingang van 1 Februarie van dieselfde jaar, die stigting van hierdie Korps in die Kaapse Koloniale Staatskoerant bekendgemaak.

Die nuutgestigte korps het, soos ander Kaapse vrywilliger-eenhede en ooreenkomstig die regulasies van 1903[27] onder beheer van die kommandant-generaal, Kaapse Koloniale Magte, genl. H. T. Lukin, C.M.G., D.S.O., geval, terwyl kommandeur J. Bryant Lindley, C.M.G., hom die pos van bevelvoerder laat welgeval het.

Op 5 November 1905 het die Korps, met 'n sterkte van 120 offisiere en manskappe vir die eerste keer aan 'n Kaapstadse parade deelgeneem. In die loop van 1908 het die voortbestaan van die *Cape Colonial Division Royal Naval Volunteer Reserve* tydelik op die spel gestaan. Eerste Minister John X. Merriman en sy kabinet wou destyds besuinig en op 28 April 1908 is van die Kaapse Koloniale Sekretaris verneem dat die Kaapse Afdeling op 30 Junie ontbind sou word, terwyl terselfdertyd amptelik aangekondig is dat die Kaapse parlement nie verder sou gaan nie met 'n wetsontwerp, wat bedoel was om die Kaapse Afdeling op 'n vaste voet te plaas.

Sterk proteste aan die regering het die gevaar besweer en op 1 Augustus 1908 is die *Naval Volunteers Bill, 1908* aangeneem. Kragtens die wet het die goewerneur met advies en toestemming van die Wetgewende Vergadering en die Volksraad van die Kaapkolonie die reg gekry:

*To enrol within the Colony British subjects to constitute a force to form a Division of the Royal Naval Volunteer Reserve . . . . , and to serve in His Majesty's Royal Navy within and beyond the territorial limits of the Colony.*[28] In die wet is neergelê dat die uitgawes in verband met die eenheid uit die jaarlikse subsidie van R100.000 aan die Britse vloot bestry sou word.[29] Ewenwel het die formele daarstelling van die Kaapse Afdeling van die R.N.V.R. uitgebly. As gevolg van die aanstaande konstitusionele wysigings wat aan Uniewording voorafgegaan het, het dit tot 1912 geduur voordat die Unieregering met ons eerste verdedigingswet gereed gekom het.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 2

# DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AFDELING VAN DIE „ROYAL NAVAL VOLUNTEER RESERVE" (R.N.V.R.)

## a. DIE AGTERGROND

Ten tye van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (1910) het die Minister van Verdediging, genl. J. C. Smuts, planne begin beraam om 'n verdedigingstelsel vir die Unie te ontwerp en om — binne die raamwerk van hierdie stelsel — rekening te hou met imperiale land- en see-verdedigingsvraagstukke. Ondermeer het hy besluit om die bestaande R.N.V.R.-skema, soos dit in Natal en die Kaapkolonie wortel geskiet het, onder oë te neem en te hersien.

In die loop van 1911 is ondersekretaris H. R. M. Bourne na Engeland met die opdrag om die Britse admiraliteit aangaande laasgenoemde planne te raadpleeg.

Soos reeds vermeld is, is in die koloniale wetgewing van Natal en die Kaapkolonie voorsiening vir 'n jaarlikse bydrae van R170.000 gemaak. Na 31 Mei 1910 het hierdie bydrae uit die inkomste van die Unie gekom en het, altans ten opsigte van die finansiële jaar 1910-1911, die Unie parlement sy goedkeuring hieraan geheg. Gedurende die hieropvolgende finansiële jare het hierdie pos geen noemenswaardige bespreking uitgelok nie. Mettertyd sou hierdie voor-uniale wetgewing herroep word, maar tot tyd en wyl dit nie geskied het nie, het die gesketse toestand bly voortbestaan.

Ondersekretaris Bourne het, aldus sy persoonlike mededelings, van Junie tot Augustus 1911 alle moontlike hulp en bystand van die Britse admiraliteit, en veral van sekretaris sir William Graham Greene, K.C.B.,[30] ontvang. Laasgenoemde het kort voordat ondersekretaris Bourne sy opwagting by hom gemaak het, besprekings gevoer met verteenwoordigers van die dominiums wat tot die totstandkoming van die *Naval Discipline (Dominion Naval Force)*-wetsontwerp van 1911 gelei het.[31]

Aan ondersekretaris Bourne is voorgestel dat die spesiale voorsiening wat die Unieregering beoog het om sy doelstellings te verwesenlik in 'n soortgelyke wetsontwerp beliggaam sou kan word, maar die ondersekretaris kon hom nie met so 'n gedagtegang vereenselwig nie, aangesien genl. Smuts se sienwyse juis die teenoorgestelde was as die Britse admiraliteit s'n.

Die Britse wetgewers het die daarstelling van afsonderlike vlootmagte van die dominiums beoog wat in 'n besonder groot mate deur die onderskeie dominiums geadministreer en gekontroleer sou word.

Genl. Smuts het, aldus sy ondersekretaris, beoog:

> *the creation of a force to be given to the Admiralty to use, administer and control both in peace and war, while the Union Executive Govt. and Parliament should retain full constitutional control.*

## b. GENL. SMUTS SE SIENSWYSE

Genl. Smuts het van die gedagte uitgegaan dat die Unie van Suid-Afrika in die nabye toekoms, ja selfs oor 'n groot aantal jare, nie oor 'n doeltreffende vloot vir

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

verdediging van die Suid-Afrikaanse territoriale waters sou kan beskik nie. Dit sou onmoontlik wees om selfs 'n poging aan te wend om te probeer om 'n mate van sekuriteit vir die Unie se lewensbelangrike seeroetes te verskaf. Selfs indien die Unieregering oor onbeperkte fondse met betrekking tot 'n eie oorlogsvloot sou beskik, dan sou Suid-Afrika ten opsigte van oorlogskepe, bewapening, opgeleide en ervare personeel nog heeltemal afhanklik van die Britse admiraliteit wees. Die personeel sou geleen of gehuur moet word en indien Suid-Afrika — net soos Kanada en Australië — sy eie vloot sou wil daarstel dan sou die onpraktiesheid van so 'n gedagtegang spoedig aan die lig kom.[32]

Die alternatief was, aldus ondersekretaris Bourne, om nie voort te gaan om die Britse admiraliteit te bly subsideer en vlootbeskerming te huur of om veiligheid te koop deur jaarlikse bedrae aan die Britse admiraliteit te betaal nie.

Die Britse admiraliteit kan die bedrae volgens sy eie goeddunke uitgee terwyl die Unieregering dan maar vir 'n mate van plaaslike vlootbeskerming moet dobbel. Na 'n langdurige ondersoek ten opsigte van die taamlik ingewikkelde wetgewing van 1859, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die bestaande imperiale wetgewing, aangevul deur Unie-wetgewing, by die planne van genl. Smuts aangepas kan word.

### c. BEGINSELS

Ten einde tot die begeerde resultaat te kom, is soos volg te werk gegaan met die daarstelling van die toekomstige *Zuidafrikaanse Afdeling van de Koninklike Marine Vrijwilliger Reserve (South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve)* wat die beginsels betref.

Dit sou 'n vlootmag wees wat:

i. Deur die Britse admiraliteit geadministreer en beheer en aan dieselfde vlootdissipline as die Britse vloot onderworpe sou wees.

ii. In vredestyd in Suid-Afrikaanse waters en in oorlogstyd orals deur die Britse admiraliteit geoefen en gebruik sou word, maar waaroor die Unieregering die volgende, volledige grondwetlike beheer sou hê:

iii. Alle uitgawes met betrekking tot die mag sou uit Unie-inkomstes bestry word met, as leidraad, jaarlikse ramings wat deur die Britse admiraliteit vir goed- of afkeuring aan die Unieparlement voorgelê word.

iv. Die regulasies van die mag word deur die Britse admiraliteit opgestel, word na goedkeuring deur die Unieparlement van krag en kan op enige tydstip deur laasgenoemde herroep word.[33]

v. Die offisiere van die mag word deur die uitvoerende mag van die Unie van Suid-Afrika, op aanbeveling van die Britse admiraliteit, benoem. Eersgenoemde kan ewenwel die dienste van so 'n offisier of sulke offisiere beëindig.[34]

vi. Die Unieregering kan die mag ontbind.[35]

vii. Die K.M.V.R. (R.N.V.R.) is 'n integrale deel van die Unieverdedigingsmag[36] wat vir algemene diens in die Britse vloot ter beskikking van Sy Majesteit gestel is.[37]

### d. DIE VERDEDIGINGSWET VAN 1912 EN DIE R.N.V.R.

Ten einde bogenoemde aspekte in die regte perspektief te plaas, is op die gebeurtenisse vooruitgeloop.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die *Zuid Afrika Verdedigings Wet*, 1912, wat op 14 Junie van dié jaar in werking getree het, maak in artikels 22-23 voorsiening vir die instelling van die *South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve: Section 22*

(1) *In pursuance of the Colonial Naval Defence Acts, 1865, and 1909 (Great Britain and Ireland), and with approval of His Majesty in Council as therein provided, the Governor General may and is hereby authorised to raise a body of volunteers to be entered on the terms of being bound to general service in the Royal Navy in emergency.*
*That body of volunteers shall form part of the Royal Naval Reserve constituted under the Naval Forces Act, 1903, (Great Britain and Ireland), under the designation of the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve and the Governor General may offer to place the Division, together with the officers thereof, at His Majesty's disposal for general service in the Royal Navy.*

(2) *The Division shall be maintained at the expense of the Union out of monies provided by Parliament.*
*Section 23*

(1) *All enactments and regulations for the time being in force for the discipline of the Royal Navy shall apply within the Union or elsewhere to the officers and men of the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve during such period as they are under instruction, training, or exercise, whether afloat or ashore, or during such period as they are in actual service.*

(2) *The government, organization, administration, and training of, and the conditions of service in, the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve shall be governed by regulations as framed and amended from time to time under the authority of His Majesty's Lord's Commissioners of the Admiralty and accepted by the Governor General. Such regulations may in particular provide for the appointment of commissioned, warrant, and other officers to train and command or to serve as officers with the men of the Division ashore or afloat, and for the calling into actual service of the officers and men of the Division.*
*Such regulations and any amendments thereof shall be published in the Gazette and shall thereupon, until rescinded by the Governor General, have the same force and effect as if they were enacted in this Act. Notice of the rescission of any such regulation or any amendment thereof shall be published in the Gazette and the rescission or amendment shall take effect from the date specified in the notice.*

(3) *The term "active service" as used in this section shall have the same meaning as in the Royal Naval Reserve Volunteer Act, 1859 (Great Britain and Ireland) as incorporated in the Naval Forces Act, 1903 (Great Britain and Ireland).*[38]

## e. DIE „ZUIDAFRIKAANSE AFDELING VAN DE KONINKLIKE MARIENE VRIJWILLIGER RESERWE" KOM TOT STAND

Bogenoemde afdeling het kragtens Proklamasie No. 121 van 1913, gedateer 8 Mei 1913, met ingang van 1 Julie 1913 tot stand gekom en moet gesien word in samehang met die hieraan voorafgegane Order-in-Rade van 7 Maart 1913.[39]

Die regulasies is onder dagtekening 30 Mei 1931, as Goewermentskennisgewing no. 862 in die Staatskoerant van 3 Junie 1913 gepubliseer.[40]

In dié regulasies is allereers na artikels 22 en 23 van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912, verwys,[41] terwyl in hoofstuk 2 onder meer verklaar is dat, ten einde die verpligting tot vredestydse oefening vir militêre diens na te kom deur die ondergaan van marine-opleiding by die Suid-Afrikaanse Afdeling van die K.M.V.R., dié diens by die Afdeling nie gereken kan word om te begin voor 1 Julie in 'n burger se sewentiende lewensjaar of na 1 Julie in sy een-en-twintigste lewensjaar nie.

Verder is, in dieselfde hoofstuk bepaal dat ander burgers by die Afdeling in diens kan tree, mits hulle nie diens doen by die Kusgarnisoenmag of die Aktiewe Burgermag nie. Solank hulle by die Afdeling diens doen, sal hul name afgevoer word van die rol van enige reserwe-gedeelte van die Kusgarnisoenmag of die Aktiewe Burgermag waarby hulle behoort.

Nadat die dienstyd by die Afdeling voltooi is, sal Marine-vrywilligers ingeskrywe word by 'n afsonderlike (Marine-reserwe) eenheid of eenhede van Klas A van die Burgermag-reserwe en kan lede van sodanige eenhede te enige tyd weer vir marine diens by die Afdeling inskrywe.

In hoofstuk 3 van die regulasies is die organisasie soos volg beskrywe:

i. Die Suid-Afrikaanse Afdeling van die *Koninklike Marine Vrijwilliger Reserve* staan onder bevel van die Marine-Opperbevelhebber, Kaap die Goeie Hoop, d.w.s. die bevelvoerende admiraal.[42]

ii. Die Afdeling staan onder bevel van 'n kommandant en elke kompanie staan onder die bevel van 'n luitenant.

iii. Elke kompanie se getalsterkte is soos volg:

| | Vir elke Kompanie | Vir die Afdeling addisioneel |
|---|---|---|
| Offisiere: | | |
| Kommandant | — | 1 |
| Luitenant | 1 | — |
| Onderluitenante, waarnemende onderluitenante of seekadette | 2 | — |
| Betaalmeester (honorêre benoeming) | — | 2 |
| Geneesheer (honorêre benoeming) | — | 2 |
| Totaal: Offisiere met kommissierang | 3 | 5 |
| Manskappe: | | |
| Eerste onderoffisier | 1 | — |
| Onderoffisier (trompetter-majoor) | — | 1 |
| Onderoffisiere | 4 | — |
| Eerste seelede | 4 | — |
| Bevare en gewone seeliede seinergrade (nie meer as vyftien seiners vir elke kompanie nie) | 89 | — |
| Totaal: Manskappe | 98 | 1 |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| | Vir elke Kompanie | Vir die Afdeling addisioneel |
|---|---|---|
| Permanente staf: | | |
| Offisier-instrukteur ...... | — | 1 |
| Onderoffisier-instrukteur (eerste onderoffisiere of onderoffisiere of onderoffisiere in aktiewe diens of op pensioen van die Koninklike Marine) ...... | 1 | — |
| Tweede wapensmid (soos bo) ...... | — | 1 |
| Oppassers (al nagelang deur die admiraliteit toegestaan) | — | — |
| Totaal: ...... | 102 | 8 |

Met betrekking tot voorrang, bevelvoering en seremonies is in hoofstuk 5, met vermelding van die oorspronklike nommering van die artikels, die volgende bepaal:

7. *The Royal Naval Volunteer Reserve takes precedence immediately after the Royal Naval Reserve.*

8. *The relative precedence of Divisions is determined by the dates on which they were first severally established.*
*The relative precedence of Companies is determined:—*
*(a) by that of the Division to which they belong;*
*(b) by their relative precedence in their Division, as indicated by the number assigned to each Company.*

9. *Officers of the Naval Volunteers rank with, but after, Officers of the Royal Navy, Royal Indian Marine, and Royal Naval Reserve of their respective ranks.*

10. *Chief and other Petty Officers and men of the Naval Volunteers rank with, but after, their equivalent ratings in the Navy.*

11. *The relative precedence of Officers of the whole force is determined solely by the rank and date of their commissions in the force.*
*The relative precedence of Officers of the Division bearing commissions of the same date is determined by the order in which their names appear in the Navy List.*

12. *The Officers and Petty Officers of the Naval Volunteers are to command each other and the men of the force, agreeably to their respective ranks and ratings, in all matters assuming to their duties; but none of them are ever to assume any naval command or authority whatsoever, unless ordered to do so by their superior Naval Officer, and they are to be, in all matters whatsoever, under command of the Captain or Commanding Officer, or other superior Officer, of the ship in which they may be.*

13. *Naval Volunteers when assembled for drill or inspection, or when voluntarily doing any naval duty, either afloat or on shore, will be under the immediate command of the Senior Naval Officer present.*

14. *Nothing contained in these regulations is to be considered as giving a claim to any Officer of the Naval Volunteers to assume command of His Majesty's Land Forces on shore, not to any Officer of the Army to assume command of any of His Majesty's squadrons or ships, or of any of the Officers or men thereunto belonging, unless under special authority from the Government of His Majesty.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

15. *When Officers of the Naval Volunteers are employed on shore on joint service with His Majesty's Land Forces, their relative rank shall carry with it all the precedence and advantages, except command, attaching to the rank to which it corresponds.*

16. *A guard of honour may be provided as a matter of course for a member of the Royal Family, or the Governor-General, on arrival in the neighbourhood of the headquarters of a Division or Company; but in no other case is any body of the Naval Volunteers to take part in any public procession or ceremony, or to form a guard of honour, without the special authority of the Admiral Commanding.*

17. *The Naval Volunteers will be inspected annually by the Admiral Commanding or by a Naval Officer deputed by him.*

*A separate inspection of the boats will be made annually by a Naval Officer detailed by the Admiral Commanding.*

In hoofstuk 5 van die regulasies is, met betrekking tot offisiere, bepaal:

18. *Every person who accepts commissioned rank in the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve shall be deemed thereby to engage himself as an Officer in that Division for a period of not less than six years from the date on which he is first appointed to commissioned rank, unless he be sooner permitted to resign, retire, or be otherwise released from such engagement.*

19. *The Commanding Officer of the Division is to submit through the Admiral Commanding for the consideration of the Governor-General the names of persons recommended for appointment or promotion as Officers in the Division.*

*Candidates must be of European descent and the sons either of natural-born or naturalized British subjects.*

*Officers on the Emergency List of the Royal Navy are eligible to hold commissions in the Royal Naval Volunteer Reserve.*

20. *The following rules will be observed in regard to the rank to be given to gentlemen on appointment as Officers of the Military Branch of the Royal Naval Volunteer Reserve and in regard to the advancement of Midshipmen to the rank of Sub-Lieutenant:—*

(*a*) *The Commanding Officer of the Division and of outlying Companies will be appointed by the Governor-General on the recommendation of the Admiral Commanding.*

(*b*) *As regards other Officers:*

(1) *An Officer joining under the age of twenty will be appointed midshipman.*

(2) *An Officer joining over the age of twenty may be recommended for Midshipman or Acting Sub-Lieutenant at the discretion of the Admiral Commanding.*

21. *Officers will be expected to pass the examination for able seamen within one year of first appointment, and will not be confirmed in their rank until they have passed.*

22. *To qualify for promotion from the rank of Midshipman to that of Sub-Lieutenant, or for confirmation in the rank of Sub-Lieutenant, an Officer must satisfy the following conditions:—*

(a) *He must have embarked for training afloat for a period of not less than fourteen days.*

(b) *He must be certified as fit for advancement on confirmation by the Officer Instructor, and be recommended by the Commanding Officer of the Division.*

*The Acting Sub-Lieutenant's appointment is not except in special cases, to be held for more than three years. Officers who fail to qualify for confirmation within this period will be liable to removal from the list.*

23. *Every Officer is required to have a competent knowledge of his duties, and give a proper attendance at drills (see Article 49).*

24. *Applications for leave of absence from the Commanding Officer of the Division are to be submitted to the Admiral Commanding. Leave of absence to other Officers, up to a maximum of six months, may, under ordinary circumstances, be granted by the Commanding Officer; applications for longer periods are to be submitted to the Admiral Commanding.*

*Care is to be taken that the addresses of Officers on leave are recorded at headquarters; changes of address should be at once notified.*

25. *An Officer of the Naval Volunteers, who in the opinion of the Admiral Commanding is duly qualified, may be appointed by the Governor-General to perform the duties of Officer Instructor at Headquarters or at outlying Companies during a vacancy or during the unavoidable absence of the latter Officer for a period of more than one month, and may be granted extra-duty pay at a rate approved by the Minister of Defence while so employed.*

*He will be required to conduct all necessary correspondence and financial and storekeeping duties connected with the Division or outlying Company while so employed.*

Die volgende regulasies, vermeld in hoofstuk 6, het vir onderoffisiere en manskappe gegeld:

26. *Candidates for enrolment as members of the Naval Volunteers must be British subjects of European descent, of good character, and physically fit for the Service; their eligibility will be judged by the Commanding Officer of the Division or outlying Company, assisted by such Officers as he may think fit to appoint for the purpose.*

27. *Every recruit must possess physical fitness, intelligence, and desire for sea service. Special encouragement should be offered to men who possess experience as fishermen, boatmen, engineers, electricians, telegraphists, armourers, shipwrights, and the like. Men with the habit of the sea are particularly desired.*

*The professional qualifications of every volunteer are to be recorded on enrolment, with a view to utilizing them in time of emergency.*

28. *As a rule recruits will not be enrolled before the 1st July in their eighteenth year without the special authority of the Admiral Commanding. A limited number of boys, not exceeding five per company and not less than fifteen years of age, may be enrolled as buglers, etc., but no pay or expense to the*

*Union Government, except for clothing such boys, will be admissable until they are enrolled in a rating not lower than ordinary seaman or ordinary signalman.*
*Boys may not be placed on such a rating before the 1st July in their seventeenth year.*
*These buglers under training may be in addition to the Establishment.*

29. *Persons dismissed or discharged from any other service for misconduct or on account of medical unfitness are not to be enrolled without the special sanction of the Admiral Commanding.*

30. *Every applicant for enrolment is required to fill in the authorized form of application upon joining, and will be required also to sign an undertaking to serve for at least four years.*

31. *Enrolled volunteers are classed as "recruits" until they qualify for advancement as laid down in Appendix "A". Recruits up to a number not exceeding twenty per Company may be borne in addition to the Establishment.*

32. *Petty Officers, Leading Seamen, and higher Signal ratings within the Establishment laid down are to be rated by the Commanding Officer of the Division, provided they are recommended by the Commanding Officer of their Company and the Officer Instructor, and possess the requisite qualifications laid down in Appendig "A".*

*A Petty Officer, Leading Seaman, or higher Signal rating may be disrated by the Commanding Officer of the Division for misconduct or incompetence.*
*This power also belongs to the Commanding Officer of any of H.M. ships in which a volunteer is performing training.*

*Failure to carry out the annual requirements as regards drills will also render a Petty Officer, Leading Seaman, or higher Signal rating liable to be disrated. All cases of disrating are to be reported to the Admiral Commanding.*

33. *A Naval Volunteer may be transferred from one Company to another, but only with the consent of the Commanding Officers of the Companies concerned and under the approval of the Commanding Officer of the Division.*

34. *Each Company Officer to see that an accurate register is kept of the addresses of the men in his Company.*

35. *A service certificate (Form R.N.V. 10) is to be prepared for each Naval Volunteer on first enrolment, on which are to be recorded particulars of his description and service.*

*These certificates are to be kept in the custody of the Commanding Officer of the Division (or outlying Companies), who is to produce them at the annual inspection and when required.*

*Particular care is to be taken that notations are accurately made on service certificates, and that they are attested by the proper Officer.*

In hoofstuk 7 is die uniforms van die offisiere soos volg omskrywe:

36. *The uniform to be worn by Officers is to be of the same pattern as for Officers of corresponding ranks in the Royal Naval Volunteer Reserve serving in Great Britain.*

*Officers embarked on H.M. ships for training will be required to have the following uniform:*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| | |
|---|---|
| | *Frock coat.* |
| *No. 4 frock coat, No. 5 undress, and No. 8 (during summer months).* | *Undress coat (monkey jacket).* |
| | *Trousers, plain, blue.* |
| | *Trousers, white.* } *(during summer months)* |
| | *Tunics, white.* } *(during summer months)* |
| | *Helmet.* } *(during summer months)* |
| | *Cap and cap covers.* |
| | *Sword and undress belt.* |
| *No. 7 mess undress.* | *Jacket.* |
| | *Evening waistcoat (blue).* |
| | *Plain blue trousers.* |
| | *Mess jacket, white (during summer months).* |

'n Toelae van R40 is verstrek om die uniform aan te koop (Art. 37) en in die Nederlandse teks is die onderdele van die offisiersuniform soos volg aangedui:

| | |
|---|---|
| | *Rok.* |
| *No. 4 rok, No. 5 klein tenue, en No. 8 (gedurende zomermaanden).* | *Klein tenue baadjie („monkey" baatje).* |
| | *Broek, effen, blauw.* |
| | *Broek, wit* } *(Gedurende zomermaanden)* |
| | *Buizen, wit* } *(Gedurende zomermaanden)* |
| | *Helm.* } *(Gedurende zomermaanden)* |
| | *Pet en overtreksels.* |
| | *Sabel en klein tenue gordband.* |
| *No. 7 tafel klein tenue.* | *Baatje.* |
| | *Gala vest (blauw).* |
| | *Effen blauw broek.* |
| | *Tafel tenue baatje, wit (gedurende zomermaanden).*[43] |

Manskappe is, by die indienstreding kosteloos van die volgende uniformstukke voorsien wat hy vir die tydperk van opleiding (vier jaar) benodig het:

| (Engels) | | (Nederlands) | |
|---|---|---|---|
| 1 Blue serge jumper | Blue serge | 1 Blauw sergen broek | werkpak. |
| 1 Pair blue serge trousers | working dress. | 1 Blauw sergen kortbaatje | Blauw sergen |
| 1 Flannel. | | 1 Flanel. | |
| 1 Cap and cover. | | 1 Pet met overtreksel. | |
| 1 Cap ribbon. | | 1 Petlint. | |
| 1 Pair trousers, duck | White working | 1 Zeildoeken kort baatje | Wit |
| 1 Duck jumper | dress. | 1 Zeildoeken broek | werkpak.[44] |

Nadat die graad van voorlopige gewone seeman verkry is en voordat oefeninge te water aan boord van een van die Britse vlootvaartuie begin het, is verder uitgereik:

| (Engels) | | (Nederlands) | |
|---|---|---|---|
| 1 Pair blue serge trousers | No. 1 | 1 Blauw sergen broek | No. 1 |
| 1 Blue serge jumper | dress. | 1 Blauw sergen kort baatje | pak. |
| 1 Blue jean collar. | | 1 Blauw katoenen halskraap. | |
| 1 Sennet hat. | | 1 Platting hoed. | |
| 1 Knife and lanyard. | | 1 Mes met koord. | |
| 1 Black silk handkerchief. | | 1 Zwart zijden halsdoek. | |
| 1 Bag, seaman's. | | 1 Zeemanszak. | |
| 1 Flannel. | | 1 Flanel. | |
| 1 Cap ribbon. | | 1 Petlint. | |

Die volgende goedere is, na inskeping, aan elke manskap verstrek: Een hangmat, een matras, een kombers, een bedoortreksel en — waar vereis — een oliepak.

In art. 40 is bepaal dat die uniform van dieselfde model moet wees as dié van onderoffisiere en seeliede van die *Royal Naval Volunteer Reserve* wat in Brittanje diens doen, behalwe dat onderskeidingstekens van bekwaamheid of in verband met die aflê van die eksamen vir bevare seemanne nie gedra word nie.

Met betrekking tot die pet en die bybehorende lint is in dieselfde artikel neergelê dat albei ooreenkomstig die admiraliteitsmodel moet wees wat vir die R.N.V.R. goedgekeur is en van die naam van die Afdeling voorsien moet wees.

Die dra van skiet-onderskeidingstekens, gelyk aan dié wat vir kwalifiserende lede van die Britse marine voorgeskrywe is, t.w. gekruiste gewere, bekroon deur 'n ster (1e klas), gekruiste gewere (2e klas) en 'n enkele geweer (3e klas) is vir lede van die Suid-Afrikaanse Afdeling voorgeskrywe (art. 41), terwyl die trompetmajoor, beuelblasers en leerling-beuelblasers onderskeidelik 'n beuel $1\frac{1}{2}$ duim bokant die punt van die regterhandomslag en op die regterarm, halwerweë tussen die elmboog en die punt van die skouer moet dra (artt. 42 en 43).

In art. 45 is neergelê dat dekorasies en medaljes in ooreenstemming met die *King's Regulations* en die *Admiralty Instructions* gedra moet word.

Hoofstuk 10 van die regulasies het betrekking op dril, hoofstuk 11 op diens en oefening, terwyl in hoofstuk 12 (dissipline) in art. 63(1) vermeld is dat die dissipline van die Suid-Afrikaanse Afdeling gebaseer is op die van die *Zuid-Afrika Verdedigings Wet*, 1912. Met betrekking tot soldy en toelaes (hoofstuk 13) is in art. 79 bepaal dat wanneer offisiere en manskappe vir oefening aan boord van Britse oorlogskepe ingeskeep het, hulle die volgende soldy en toelaes sal ontvang: 'n Kommandant — R2, 'n luitenant — R1,25, 'n onderluitenant — R1, 'n seekadet R0,60 (tafeltoelaes vir genoemdes R0,20 per dag), 'n eerste onderoffisier — R0,55, 'n onderoffisier en opperseiner — R0,50, 'n eerste seeman en eerste seiner — R0,40, en 'n gewone seeman en gewone seiner — R0,30.[45] In al hierdie gevalle is die skeepskos kosteloos voorsien.

Aan ambagslui is ekstra soldy van R0,10 tot R0,30 per dag betaal.[46]

Hoofstukke 14 en 15 van die regulasies het betrekking tot bedanking, ontslag en voorraad, terwyl die inhoud van hoofstuk 16 aan die permanente staf gewy is.

Weens die belangrikheid van laasgenoemde hoofstuk word die inhoud hiervan, met verwysing na die betrokke artikelnommers, volledig weergegee.

105. *The appointments to the Permanent Staff will be made by the Admiralty, the term of appointment being fixed at three years in the first instance. These appointments may be terminable by the Admiral Commanding at six month's notice, or pay in lieu, and members are liable to be removed, for misconduct, at any time, without notice.*

106. *No member of the Permanent Staff is to be entered or discharged without the authority of the Admiral Commanding.*

107. *Officers, Petty Officers, and men of the Permanent Staff will be held responsible that they do not allow themselves to be complimented, either directly or indirectly, by presents or collective expressions of opinion from persons who are serving, or who have served, in the Division.*

## Officer Instructor.

108. *The Officer Instructor will be selected from Officers on the Active or Retired List of the Royal Navy of or above the rank of Lieutenant.*
*No Officer whose age exceeds 50 years is eligible for the appointment of Officer Instructor.*

109. *He will receive a commission as a Commander in the Royal Naval Volunteer Reserve and will rank according to the date of his commission as Commander in the Royal Naval Volunteer Reserve, but the command of the whole Division will always devolve upon the senior Naval Volunteer Officer.*

*He will be under the direct orders of the Admiral Commanding and is not to follow any other profession or appointment, public or private.*

110. *The Officer Instructor is to arrange and supervise the instruction given to Naval Volunteers and carry out such correspondence and storekeeping duties as may be required. In these latter duties he will be assisted by the Paymasters of the Division.*

*He is responsible to the Admiral Commanding for all arrangements for the speedy mobilization of the Force.*

111. *He is purely a Staff Officer, and is not entitled, by virtue of his superior rank, to take command of any of the Naval Volunteers when an Officer of the Royal Naval Volunteer Reserve is present, except for the purpose of instruction.*

112. *It is his duty to keep the Company Records of Service and to make himself acquainted with all members of the Division, their qualifications, etc.; in the case of outlying Companies the Company Records of Service may be kept by the Officers in command of such Companies, but the Officer Instructor is to examine them periodically.*

113. *He is to superintend the drills and exercises of the Division, and is, under the Commanding Officer, to have control of the Petty Officer Instructors of the several companies, both as regards their discipline and duties as Instructors. He is to keep a diary of the instruction imparted to the Naval Volunteers (on Form R.N.V. 5). The record of instruction should be entered in detail; details of outlying Companies are to be obtained periodically and entered into this diary, which will then form a complete record of instruction in the whole Division.*

*This diary, which is also to contain a monthly tabular statement showing the names of Officers who have attended drill and the number of hours so employed, is to be transmitted through the Commanding Officer of the Division (who should note his approval or otherwise thereon) to the Admiral Commanding every quarter.*

114. *He is responsible that the duties of the Petty Officer Instructors and of the Permanent Staff generally are properly performed and that the drills are in accordance with those laid down for the Royal Navy.*

*Should he have occasion, he is to report any misconduct or incompetence on the part of a Petty Officer Instructor to the Admiral Commanding through the Commanding Officer of the Division.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## Petty Officer Instructors.

115. *Petty Officer Instructors will be selected from active service or pensioned Petty Officers of the Royal Navy under conditions laid down by the Admiralty from time to time.*

116. *The Petty Officer Instructors will have the rank and wear the uniform of Chief Petty Officers in the Royal Naval Volunteer Reserve.*

*On appointment they are to be supplied gratuitously from H.M.S. "President" or Cape Yard with the difference between their naval kit and that of a Chief Petty Officer, R.N.V.R., or an allowance in lieu thereof, the cost being borne by the Union Government.*

117. *They are to give instruction to the Naval Volunteers under the direction of the Officer Instructor.*

*They are subject to the command of their superior Officers of the Naval Volunteers, and are to assist them in carrying out their naval duties.*

*They may be employed on clerical work, supervision of repairs, and general duties connected with the Division under the authority of the Officer Instructor, provided their instructional duties are not interfered with.*

*They are purely Staff Petty Officers and are not entitled by virtue of their superior rank to take command of any of the Naval Volunteers when a Petty Officer of the Force is present, except for the purpose of instruction.*

118. *They are to consider the Officer Instructor as their immediate superior and apply to him in all matters that may be necessary.*

119. *They are expected, on all occasions, to set an example to the Naval Volunteers, and they will only be allowed to retain their positions so long as they conduct themselves and perform their duties satisfactorily.*

120. *Each Petty Officer is to keep such record of the drills carried out under his supervision as the Officer Instructor may require.*

121. *Petty Officer Instructors will be required to embark with parties of Naval Volunteers undergoing training afloat in H.M. ships.*

## Divisional Armourers.

122. *An active service or pensioned Armourer's Mate of the Royal Naval appointed Divisional Armourer is to consider the Officer Instructor as his immediate superior and apply to him in all matters as may be necessary.*
*Under the direction of the latter he is to carry out the duties of examining and repairing the guns, mountings, small-arms, etc., supplied to the Division.*
*His services are also to be utilized for giving instruction to the Naval Volunteers in gun mountings, breech fittings, etc., the occasions being noted in the Officer Instructor's diary.*

123. *The Permanent Staff will receive consolidated pay from the Union Government as follows:—*

| | |
|---|---|
| *Commander Instructors* | *£600 a year.* |
| *Petty Officer Instructors* | *£209. 17s. 6d. a year and* |
| *Divisional Armourer* | *uniform allowance of £8 a year.* |

*The above are inclusive of all allowances for lodging and provisions.*

*Petty Officer Instructors when embarked are to be borne for victuals only.*

*Pay at the above rates will commence from date of appointment and will continue till the date of arrival in England, or date of discharge if they wish to remain in South Africa, with the exception of men discharged for misconduct, invalided, or joining the Cape Squadron.*

*Passages from and to England at the commencement and termination of the appointment will be granted if necessary, except in the cases of men discharged for misconduct.*

*Both Officers and men will be borne on the books of the flagship for duty with the South African Division of the R.N.V.R. If accommodation at the Naval Hospital is not available medical attendance at the Union Government expense is allowed to the Permanent Staff.*

Aan die regulasies is 'n tweetal aanhangsels toegevoeg. Aanhangsel B het te doen met die vasgestelde uitrusting vir offisiere en manskappe, terwyl aanhangsel A 'n waardevolle insig verskaf insake die kwalifikasies vir hoër grade by die *Koninklike Mariene Vrijwilliger Reserve*. Hier volg 'n letterlike weergawe van die inhoud van laasgenoemde aanhangsel:

## APPENDIX "A."

Qualifications for Higher Ratings in the Royal Naval Volunteer Reserve.

*NOTES.—(1) Advancements to ratings of Leading Seamen, Petty Officer, Chief Petty Officer, and higher Signal ratings, may only be made when vacancies for these ratings exist in the Division.*

*(2) Candidates for ratings of Leading Seamen, Petty Officer, and Yeoman of Signals are not to be examined till they have the necessary qualifying service.*

1. *Recruit.—Each volunteer on enrolment will be rated "recruit." Recruits will not be eligible for embarkation in H.M. ships.*

2. *Ordinary Seamen.—To qualify for the rating of Ordinary Seaman a recruit must—*
   (a) *attend 20 drills as laid down in Article 47;*
   (b) *satisfy the Examining Officer that he—*
      (i) *is able to row a service boat;*
      (ii) *can make all the knots and bends in ordinary use;*
      (iii) *possesses a competent knowledge of rifle drill;*
      (iv) *is able to take any man's part (except No. 1) at the guns at which he has been instructed.*

3. *Ordinary Signalman.—To qualify for the rating of Ordinary Signalman, a volunteer must pass in subjects (i), (ii), and (iii) for Ordinary Seaman, and in addition:—*

   *Semaphore.—To read at rate of 10 words a minute.*

   *Flag Waving.—To read at rate of 6 words a minute.*

   *Flashing Lamp.—To read at rate of 5 words a minute (including special signs used in flashing).*

   *Also to make the above correctly.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

4. *Able Seaman.—To qualify for the rating of Able Seaman, an Ordinary Seaman must—*

(a) *have completed 10 days' training in one of H.M. ships; and*

(b) *have passed examinations in seamanship and gunnery as follows:—*

*Seamanship Examination for Able Seaman.*
*General knowledge of making bends and hitches; knotting and splicing.*
*To make an eye slice (wire).*
*Thorough knowledge of compass and helm.*
*Identify and know the use of various tackles, method of getting boats in and out, placing collision mats, and slinging casks.*
*Methods of ascertaining speed of ships and depth of water.*
*Duties of look-outs; flag and cone; placing lights.*
*Sailmaking; to sew a seam.*
*General knowledge of anchors and cables.*
*General knowledge of boat work.*
*Gunnery Examination for Able Seaman.*
*General knowledge of guns, mountings, and breech fittings of guns, which are supplied to headquarters or outlying companies to which the man under examination belongs.*
*General knowledge of drill at guns mentioned above.*
*General knowledge of and adjustment of sights.*
*General knowledge of fireworks, small-arm ammunition, and ammunition for guns mentioned above.*
*Rifle exercises; firing exercises.*

5. *Signalman.—To qualify for the rating of Signalman 80 per cent of marks must be obtained at the following examination:—*

(1) *Semaphore.—To read at rate of 12 words per minute.*

(2) *Flag Waving.—To read at rate of 10 words per minute (service pattern flag, 2 feet by 2 feet).*

(3) *Flashing Lamp.—To read at rate of 8 words per minute (including special signs used in flashing), also to make above correctly.*

(4) *Elements of the Naval Code, viz., colours of flags, pendants, substitutes, etc. (as printed on signal card), principal foreign ensigns.*

(5) *International Code, International Signal book, including classification of signals.*

(6) *British Signal Manual.*

(7) *Bending and unbending flags, hoisting, general duties of a Signalman afloat, use and manipulation of a telescope.*

6. *Leading Seamen.—To qualify for the rating of Leading Seaman, an Able Seaman must have embarked for training and have passed examination in seamanship and gunnery as follows:—*
*Seamanship Examination for Leading Seaman.*
*More advanced questions in subjects of examination for Able Seaman.*
*Charge of boats under oars and sail.*
*Rule of the road at sea and use of sound signals in connection with alterations of course.*
*Semaphore — knowledge of alphabet.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Stropping blocks.
Rigging sheer and derricks.
General duties of leading seaman in H.M. ships.
Gunnery Examination for Leading Seaman.
As for Able Seaman, but, in addition, to drill a gun's crew or squad of men without detail.

7. Leading Signalman.—To qualify for the rating of Leading Signalman, a Signalman must have embarked for training and have passed examinations in signalling as follows:—
Signalling Examination for Leading Seaman.

(1) Semaphore.—To read at rate of 15 words per minute.
(2) Flag Waving.—To read at rate of 12 words per minute (service pattern flag, 2 feet by 2 feet).
(3) Flashing Lamp.—To read at rate of 10 words per minute a test message of one mixed alphabet, six code signs, and 20 words prose.
(4) Heliograph.—To know the parts and how to align and signal.
(5) Elementary naval signalling
(6) International Code
(7) British Signal Manual
(8) Boats' Signal Book
(9) Rule of road, sound signals, etc.
} More advanced questions than in examination for signalman.
(10) Morse Sounder or Buzzer.—To read correctly 50 words in five minutes.

8. Petty Officer.—To qualify for the rating of Petty Officer, a Leading Seaman must—

(a) have held the rating of A.B. and Leading Seaman for a total period of not less than a year;

(b) have passed examinations in seamanship and gunnery as follows:—
Seamanship Examination for Petty Officer.
More advanced questions in subjects of examination for Leading Seaman; simple questions on watertight fittings; writing up log book; able to blow a call.
Gunnery Examination for Petty Officer.
As for Able Seaman, but, in addition, to drill and instruct a gun's crew or squad of men.

9. Yeoman of Signals.—To qualify for the rating of Yeoman of Signals, a Leading Signalman must—

(a) have held the rating of Signalman and Leading Signalman for a total period of not less than one year;

(b) have passed an examination in signalling as follows:—
Signalling Examination for Yeoman of Signals.

(1) Semaphore.—To read at rate of 20 words per minute.
(2) Flag Waving.—(Service pattern flag, 2 feet by 2 feet). To read at rate of 12 words per minute.
(3) Flashing (Lamp).—To read at rate of 10 words per minute a test message of one mixed alphabet, six code signs, and 20 words prose.
(4) Heliograph
(5) Elementary Naval Signalling
(6) International Code
(7) British Signal Manual
(8) Boats' Signal Book
(9) Rule of Road, sound signals, etc.
} Higher standard required than in examination for leading signalman.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

(10) *Knowledge of general duties of signal department.*
(11) *Telegraphy.*
(a) *Morse sounder or buzzer. To read correctly 60 words in five minutes.*
(a) *Acquaintance with the use or ordinary telegraph forms, methods of counting words and preamble.*
(c) *Knowledge as to joining up instruments.*

10. *Chief Petty Officer, N.S.—To qualify for the rating of Chief Petty Officer, a Petty Officer must have served for not less than one year as Petty Officer. Examining Officers for the foregoing Ratings will be as follows:—*

| *Rating.* | *Examining Officers.* |
|---|---|
| *Ordinary Seaman and Ordinary Signalman.* | *The Officer Instructor, assisted by the Petty Officer Instructors as necessary.* |
| *Able Seaman, Leading Seaman, and Petty Officer (seamanship and gunnery).* | *The proper Officers of the ship in which embarked for training. The examination for Able Seaman and for Signalman may be taken during the first embarkation.* |
| *Signalman, Leading Signalman, and Yeoman of Signals.* | *Flag Lieutenant or Signal Boatswain. Application to be made to the Admiral Commanding when candidates wish to present themselves for examination, for which they must be recommended by Officer Instructor and Commanding Officer of Division or outlying Company.* |

## f. DIE OORSKAKELING

Op 1 Julie 1913 het die Suid-Afrikaanse Afdeling van die *Koninklike Mariene Vrijwilliger Reserve* (K.M.V.R.) sy verskyning as een van die voorlopers van die hedendaagse Suid-Afrikaanse vloot gemaak. Offisiere en manskappe van die Natalse en Kaapse Afdelings is voor dié datum in die geleentheid gestel om, met behoud van rang, by die jong organisasie aan te sluit. Alle offisiere en vyf-en-sestig Kaapse en vyf-en-sewentig Natalse manskappe het, onderskeidelik, vir ses en vier jaar vrywillige diens geteken, terwyl A- en B-kompanies aan die Kaap en C-kompanie in Durban gestasioneer is.[47]

Elkeen van die kompanies se sterkte was drie offisiere en agt-en-negentig manskappe, terwyl die offisiere en een onderoffisier vir die Afdeling en 'n permanente staf, verstrek deur die Britse vloot en bestaande uit een offisier-instrukteur vir die Afdeling en een onderoffisier vir elke kompanie met hul werksaamhede begin het.

Die offisiere e.a. wat aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die K.M.V.R. gestaan het, was die volgende:[48]

| Rang: | Vroeëre rang en senioriteit: |
|---|---|
| Kommandant-instrukteur:<br>Sereld Mordaunt Alan Josslyn Hay (luitenant R.N., afgetree) 7.4.1913 | |
| Kommandant:<br>Thomas Smith Price (kommandant R.N.R., afgetree (S.M.S. *Hyacinth*) 1.7.1913 | Kommandant, 8 Augustus 1906. |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| Vroeëre rang en senioriteit: | Rang: |
|---|---|
| **Luitenante:** | |
| Frank Hoare (Ere-kommandant) (S.M.S. *Hyacinth*) 1.7.1913 | Kommandant, Junie 1906. |
| Alfred Ernest Barker (S.M.S. *Hyacinth*) 1.7.1913 | Luitenant, 11 Maart 1907. |
| Maurice John Green (S.M.S. *Hyacinth*) 1.7.1913 | Luitenant, 19 Desember 1907. |
| Charles Frederick William Struben, L.W.V. (S.M.S. *Hyacinth*). Tydelik gesekondeer terwyl L.W.V.). 1.7.1913 | Waarn. Luitenant, 8 Julie 1906. |
| **Onderluitenante:** | |
| Lancelot Horace Aupertus Shadwell (Ere-luitenant). 1.7.1913 | Luitenant, November 1901. |
| Robert Corbett Allen Lindsay (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | Onderluitenant, Januarie 1911. |
| Charles le Strange Furlong (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | Onderluitenant, 19 Desember 1907. |
| Clifford Bateman Woodhead (waarn.). (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | Waarn. Onderluitenant, 26 Julie (3). |
| Harold William Birch (waarn.). (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | |
| **Ere-betaalmeesters:** | |
| Robert Francis Hamilton Johnson 1.7.1913. | |
| John Franklin Bartlett (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | Betaalmeester, Maart 1907. |
| **Seekadet:** | |
| G. Boyes (S.M.S. *Hyacinth*). 1.7.1913. | |
| **Ere-geneesheer:** | |
| Bernhard James Guilemard, M.D., C.M. 1.7.1913. | |

Die koste, verbind aan die instandhouding van die Afdeling was ongeveer R8.000 per jaar en die opleiding het onder die waaksame oog van die Britse opperbevelhebber, Kaap die Goeie Hoop, geskied.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Aan die einde van die eerste opleidingsjaar het Skout-by-nag H. King-Hall in sy verslag aan die Britse admiraliteit o.m. van die Afdeling getuig:

> *The system of administration appears to be very satisfactory, and would permit expansion of the Corps if desired in the future, and the officers and men take a keen interest in their work. Each year will add to the sea knowledge and usefulness on board ship, and I anticipate that in a short time the corps will be well trained and will form a valuable adjunck to His Majesty's Navy in South African waters in time of war.*[49]

In Augustus 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek, op 2 Augustus is die *Royal Naval Volunteer Reserve* deur die opperbevelhebber van die Britse vloot gemobiliseer. Sonder proklamasie, orders-in-rade of enige ander formaliteit het die Suid-Afrikaanse Afdeling outomaties deel van die Britse vlootorganisasie geword en in Suid-Afrika was die mobilisasie binne vier-en-twintig uur voltooi. Twaalf offisiere en 267 man, onder kommandeur T. S. Price as bevelvoerder, het gereed gestaan om, aan die kant en in diens van die Britse vloot, tot die stryd toe te tree.[50]

# 3

# DIE SUID-AFRIKAANSE AFDELING VAN DIE R.N.V.R. (K.M.V.R.) (1914–1918)

## a. 'N FLOTTIELJE? DIE K.M.V.R.

Die Imperiale Konferensie van 1911 was die laaste van sy soort voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Op 23 Mei 1911 het die voorsitter, Eerste Minister H. H. Asquith, K.C., die konferensie geopen en aan die slot van sy openingsrede verklaar:

> *For us, to-day, and throughout this Conference, there is, I believe, one spirit and one purpose; to make the Empire, in all its activities, and throughout all its parts, a more complete and effective instrument for the furtherance of our corporate unity and strength along the old, well-trodden, but ever lengthening and widening road, of British liberty.*[51]

Die Unie van Suid-Afrika was deur genl. Louis Botha, minister sir Dawid de Villiers Graaff en minister F. S. Malan verteenwoordig en op 14 en 17 Junie het laasgenoemde 'n komiteevergadering in verband met die militêre ryksverdediging bygewoon,[52] waarop as uitgangspunt die volgende besluit van die Imperiale Verdedigingskonferensie van 1909 geneem is:

> *That each part of the Empire is willing to make its preparations on such lines, as will enable it, should it so desire, to take its share in the general defence of the Empire.*[53]

In 1913 het die Unie van Suid-Afrika, deur die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. 'n bydrae in bogenoemde verband gelewer.

In 1914 het genl. Smuts planne beraam om 'n flottielje van torpedobote en duikbote te verkry. In 'n skrywe van 6 Mei 1914 het sekretaris Bourne hom teenoor sir William Graham Greene, van die Britse admiraliteit, soos volg oor dié aangeleentheid uitgelaat:

> *General Smuts has charged me with the task of seeing you and discussing with you quite informally whether it would be possible to formulate a scheme acceptable to His Majesty's Government on the lines of the Union paying for the cost and the maintenance by the Admiralty of a Coast defence flotilla of torpedo craft and submarines, officers and men recruited for the Royal Navy from South Africa being employed as much as possible with that flotilla and the present Cruiser fleet.*

Sekretaris Bourne het, in die volgende woorde, genl. Smuts se sienswyse in verband met bogenoemde aangeleenthede geskets:

> *General Smuts thinks it is possible that the presence of such a flotilla in South African waters would prove to be a factor of great strategic importance both from the Imperial as well as from the local point of view.*

Die sekretaris het op 16 Junie 1914 in Engeland aangekom en sir William Graham Greene versoek om hom te Southampton te laat meedeel wanneer hy hom by die admiraliteitsgebou kan spreek.

Op 30 Junie 1914 het 'n telegram van genl. Smuts in besit van die Unie se Hoë Kommissaris in Londen gekom. Hierin is aan sekretaris Bourne opgedra om op nie-amptelike vlak die mening van die Britse admiraliteit in te win in verband met die wyse waarop die Unie van Suid-Afrika die imperiale verdediging ter see op die beste wyse kan dien. Kort daarna het 'n bespreking tussen sir William Graham Greene en sekretaris Bourne plaasgevind wat, soos uit 'n skrywe van 7 Julie 1914 afgelei kan word, oor die aanskaf van 'n Suid-Afrikaanse R.N.V.R.-opleidingskip en ander R.N.V.R.-aangeleenthede gehandel het.

Die eersgenoemde aangeleentheid het uit 'n versoek voortgespruit wat deur die *Navy League* aan die Britse admiraliteit gerig is en waarin ook vir meer geldelike bystand aan die Kaapstadse vlootkadette (Cape Town Naval Cadets) gepleit is.

Sekretaris Bourne het verklaar dat so 'n opleidingskip, sover dit die Unieregering betref, nie benodig is nie. Indien dit wel die geval sou wees dan sou so 'n wenk van die kant van vise-admiraal H. King-Hall moet kom aangesien laasgenoemde verantwoordelik vir die K.M.V.R.-opleiding is. Verder sou die aankoop van 'n opleidingskip kosbaar wees, aldus Bourne, wat hieraan toevoeg dat die Unieregering bo en behalwe die jaarlikse vlootbydrae van R170.000, ietwat meer as R8.000 per jaar aan die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. spandeer.

Met betrekking tot die vlootkadette was die Sekretaris nie vir meer geldelike steun te vinde nie, omdat dié groep onder die bestaande kadette-organisasie val en 'n spesiale vlootinstrukteur 'n jaarlikse toelae van R60 ontvang, terwyl dieselfde bedrag vir die instandhouding van bote e.d.m. betaal word.

Met hierdie mededelings eindig die amptelike voor-oorlogse korrespondensie in verband met Suid-Afrikaanse seemagaangeleenthede wat, soos reeds aan die begin van hierdie hoofstuk verklaar is, uitsluitend gesien moet word as 'n deel van die imperiale verdedigingsplanne- en-beplanning.

### b. MOBILISASIE EN AKTIEWE DIENS

Reeds in Junie 1911 is, met die oog op die moontlike uitbreek van 'n oorlog, die eerste maatreëls in verband met die uitstuur van 'n mobilisasiebevel aan lede van die K.M.V.R. getref. In Maart 1913 is verder op hierdie aangeleentheid ingegaan en op 3 September van dieselfde jaar het die Eerste Minister van die Unie van

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Suid-Afrika, genl. Louis Botha, in 'n geheime diensbrief voorgestel dat, na ontvangs van 'n telegram die Goewerneur-generaal die Uniekabinet moet versoek om die volgende goewermentskennisgewing in die Staatskoerant te publiseer:

> *Mobilization of the Royal Naval Reserve.*
> *The following special Admiralty Order is published for the information of those concerned (then follows Special Admiralty Order RV. 53.C). Royal Naval Reserve men in the Union of South Africa should report themselves to the nearest of one of the following officials who will give them the necessary instructions (then follows list of officials).*

Die Uniekabinet sou dan reël dat die ondersekretaris van Verdediging dié kennisgewing in die Staatskoerant en die pers publiseer, terwyl laasgenoemde afskrifte van die kennisgewing aan dié outoriteite sal stuur wat hierin genoem is.

Op Sondag 2 Augustus 1914 het, aldus kommandeur S. M. A. J. Hay in sy *History of the R.N.V.R.*,[54] die bewuste telegram van die opperbevelhebber van die Britse vloot in Suid-Afrika aangekom. Orders om die volgende dag om elfuur te mobiliseer is uitgestuur en sowel in Kaapstad as in Durban het die K.M.V.R.-mobilisasie gevolg. Altesaam is twaalf offisiere en 267 manskappe, wat soos volg ingedeel was, ter beskikking van vise-admiraal King-Hall gestel:

Kommandeur T. S. Price, bevelvoerder.
Luitenant C. S. Struben.

*A-kompanie* (Kaapstad): Luitenant A. E. Barker, onderluitenante Woodhead en Birch; een eerste onderoffisier, drie onderoffisiere, twee baasseemanne, een-en-sewentig manskappe.

*B-kompanie* (Kaapstad): Luitenant M. J. Green, onderluitenant Furlong, adelbors Boyes, twee onderoffisiere, drie baasseemanne en een-en-sewentig manskappe.

*C-kompanie* (Durban): Luitenant F. Hoare, ere-kommandeur; onderluitenante Shadwell en Lindsay, een eerste onderoffisier, vier onderoffisiere, vier baasseemanne en nege-en-tagtig seemanne.

*Staf:*
Bevelvoerder: Kommandeur-instrukteur G. M. A. J. Hay.
Eerste onderoffisier W. Lamerton, A-kompanie.
Eerste onderoffisier H. H. Chambers, B-kompanie.
Eerste onderoffisier H. G. Moore, C-kompanie.[55]

Aan die hand van kommandeur Hay se reeds genoemde publikasie word, met betrekking tot die aktiewe dienstydperk van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R., die volgende besonderhede verstrek:

i. *Die eerste jaar (Kaapstad)*
Op 4 Augustus 1914 is kommandeur Price en offisiere van B-kompanie, saam met 101 manskappe na Simonstad waar hulle in die werfkapel en die seilsolder ingekwartier is. Wagte is uitgesit en twee seiners is aan boord van twee torpedobote geplaas, terwyl die ander manskappe met die daelikse werksaamhede, eie aan 'n vlootbasis, belas is.

Op 10 Augustus 1914 het S.M.S. *Hyacinth* van die ooskus op Simonstad aangekom en in die loop van die volgende dag is twee onderoffisiere en een-en-veertig K.M.V.R.-manskappe aan dié skip se bemanning toegevoeg. S.M.S. *Hyacinth* se taak was om die handelsroetes rondom die Kaap die Goeie Hoop te beskerm en op 26 Augustus 1914 het hierdie skip, saam met S.M.S. *Astroea*, wat met 'n gedeelte van C-kompanie van Durban na Simonstad gestoom het, met konvooibegeleiding (troepeskepe) begin.

S.M.S. *Hyacinth* het die konvooi tot op 20° 22′ N.B. begelei en daarna op 1 Oktober 1914 voor Lüderitzbucht verskyn, terwyl S.M.S. *Astroea* reeds vroeër na die Kaap teruggekeer, ses troepe-transporte na Duits Suidwes-Afrika en daarna twee soortgelyke konvooie tot die Kaap Verdiese eilande vergesel het.

Op 13 Januarie 1916 het S.M.S. *Hyacinth* van Simonstad na Hori Vanga en, nadat steenkool in Zanzibar aan boord geneem is, na Mafia gestoom. Daarna, het hierdie skip, saam met die Australiese ligte kruiser S.M.S. *Pioneer,* patrolliewerk onderneem in verband met die Duitse kruiser *Königsberg,* wat skuiling in die Rufiji-delta gesoek het.

Op 1 Maart 1916 het die blokkade van Duits Oos-Afrika begin en op 14 April 1916 is 'n stoomskip deur S.M.S. *Hyacinth* gesink.

Nadat S.M.S. *Hyacinth* 'n beskeie rol in verband met die vernietiging van die *Königsberg* gespeel het, is die skip vir heruitrusting terug na Simonstad.

Terwyl 'n deel van die Kaapse lede van die K.M.V.R. dus geruime tyd op aktiewe diens op see was, het die oorblywendes op 12 Augustus 1914 van Kaapstad na Simonstad afgereis om daar verdere opleiding te ontvang. Luitenant C. F. W. Struben het 'n benoeming op die staf van die vise-admiraal ontvang en is onder meer aan die hoof van die prysehof geplaas, terwyl maj. Jones, bygestaan deur onderluitenant Furlong, inligtingswerksaamhede in die kloktoringkantoor van die Kaapstadse hawegebied verrig het. In Maart 1915 is laasgenoemde na Walvisbaai gestuur om met die bou van hawewerke te help.[56]

Uitgaande van die gedagte dat die aantal kleiner vaartuie vir offensiewe doeleindes versterk moet word, het vise-admiraal H. King-Hall opdrag gegee dat die sleepboot *Ludwig Wiener,* van die Departement van Spoorweë en Hawens, Kaapstad, ter beskikking van die Britse admiraliteit gestel word.

Herdoop as S.M.S. *Afrikander* en bewapen met 'n twaalfponder, is hierdie nuwe aanwins deur K.M.V.R.-lede beman. Ander lede het as 'n prysbemanning aan boord van die voormalige Duitse skip *Rufiji* opgetree, terwyl ander groepies na Port Nolloth, Lüderitzbucht en Walvisbaai gestuur is om diverse werksaamhede te verrig.

Tydens die Rebellie het 140 K.M.V.R.-lede, saam met 'n kompanie infanteriste, as 'n mobiele eenheid gereed gestaan om, indien nodig, veldwerk te verrig.

ii. *Die eerste jaar (Durban)*

C-kompanie, gestasioneer te Cato Creek, het aktiewe diens op die Durbanse Bluff begin waar 'n twaalfponder en 'n soeklig opgestel is.

Op 20 Augustus 1914 het die ligte kruiser S.M.S. *Astroea* in Durban aangekom.

'n Groep van dertig K.M.V.R.-onderoffisiere en K.M.V.R.-manskappe is aan die bemaning toegevoeg, terwyl nog twintig K.M.V.R.-lede aan boord van die stoomskip *Gascon* na Zanzibar gestuur is om diens aan boord van S.M.S. *Pegasus* te verrig. In Januarie 1915 is luitenant Shadwell en agt-en-twintig manskappe aan boord van S.M.S. *Armadale Castle* om, as tydelike bemanningslede, genl. Louis Botha en sy staf na Duits Suidwes-Afrika oor te bring.

In Maart 1915 is 'n groep van nege-en-twintig, onder eerste onderoffisier Ambler, aan boord van die stoomskip *Llandovery Castle,* aan diens na Zanzibar en Mombasa om patrolliewerk te verrig en 'n battery te beman wat onder meer aan die geveg van Salaita Hill deelgeneem het.

iii. *In Duits Suidwes-Afrika (1914-1915)*

In verband met die aanstaande veldtog in Duits Suidwes-Afrika het die K.M.V.R. gehelp met die inskeping van troepe en voorrade en het vervolgens diens aan boord van 'n groot aantal troepe- en transportskepe verrig. Hierdie skepe, t.w. die *Galway Castle*, die *Gaika*, die *Rufiji*, die *Den of Glamis*, die *Monarch* en die *Glenorchy*, het almal K.M.V.R.-lede aan boord gehad.

In totaal is tydens hierdie veldtog nie minder as 140 reise na en van Duits Suidwes-Afrika onderneem nie.[57] Tewens is werksaamhede te Walvisbaai en Swakopmund verrig. Dit was ongetwyfeld 'n treffende hulde dat lede van die K.M.V.R. 'n deel van die erewag gevorm het ten tye van genl. Louis Botha se aankoms in Kaapstad na die suksesvolle beëindiging van die veldtog.

iv. *Kontingente vertrek na die buiteland*

Na die Suidwes-veldtog is 'n gedeelte van die K.M.V.R. gemobiliseer. Terwyl die werk in die Unie op 'n kleiner skaal as in die verlede voortgesit is, is 'n aantal K.M.V.R.-lede na Engeland, waar die eerste Suid-Afrikaanse K.M.V.R.-kontingent op 29 Oktober 1915 aangekom het en aan die *Devonport Gunnery School* opgelei is. Lede van hierdie kontingent het, in Britse oorlogsdiens, in die Noordsee, die Middellandse see en selfs op die Tigris-rivier opgetree.

Op 20 Mei 1916 het 'n kontingent van vyf-en-twintig man, onder bevel van luitenant A. E. Barker, met die stoomskip *Norman* na Engeland vertrek. Die derde kontingent het op 29 Januarie 1917, aan boord van die stoomskip *Themistocles* gevolg en in September 1917 het die vierde, tewens laaste, kontingent vanaf Kaapstad afgereis.

In totaal het vyf K.M.V.R.-offisiere en 159 K.M.V.R.-manskappe na die buiteland vertrek.[58] Van hulle het 102 diens gedoen by die Britse vloot, terwyl vyf-en-tagtig by die oorgawe van die Duitse vloot (21 November 1918) in Britse waters aanwesig was.[59]

Op 14 April 1919 het die grootste groep K.M.V.R.-lede, t.w. agt-en-tagtig, met die stoomskip *Chepston Castle* in Tafelbaai aangekom en teen die einde van Augustus van dieselfde jaar was die laaste K.M.V.R.-lede weer terug in die Unie.[60]

v. *Oorlogstydse wetgewing*

In die Staatskoerant van 30 November 1917 het, in die vorm van Goewermentskennisgewing no. 1628, gedateer 24 November 1917, en met verwysing na hoofstuk 22 van die *Royal Naval Volunteer Reserve Act, 1917*, die aankondiging verskyn dat die dienstyd van die R.N.V.R., dus ook van die K.M.V.R.-lede met vyf jaar na aktiewe indienstreding verleng is. Indien die oorlog binne genoemde tydperk ten einde sou loop, sou die diensdoendes onder die wapen bly solank hul dienste benodig sou word. Aan hierdie amptelike bekendmaking is die koninklike proklamasie van 7 Julie 1917 toegevoeg.

## c. SEKRETARIS BOURNE SE OORDEEL

Kort voor die einde van die Eerste Wêreldoorlog, op 18 Mei 1918, het sekretaris Bourne onder meer soos volg van die K.M.V.R. gedurende die oorlogstydperk getuig:

> *. . . the whole force . . . has been most useful in various ways both for naval transport work, in naval dock yards, also afloat in Cape Station waters (including West and East African waters) and in contingents serving in various H.M.'s ships in European and other waters? The administration of the force in all its details . . . has never presented the slightest difficulty.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Aan hierdie verklaring het dieselfde skrywer toegevoeg:

> *Successive Naval Commanders-in-Chief on the Cape Station will testify that their wishes and requests have been readily met by the Union Government and Department of Defence, while the Union Government and Department of Defence will with equal readiness bear witness to the unfailing courtesy of the Admiralty and all its officers in meeting its wishes wherever local conditions and circumstances seemed so to require, and to the invariable practice of the Admiralty and all its officers of consulting them fully and freely on all points in which, though the Naval authorities had powers to act independently, they desired to ensure the assent of the Union authorities to any course proposed.*

Op grond hiervan was sekretaris Bourne trots oor wat hy genoem het, „'n konstitusionele proefneming op 'n klein skaal." Hierin het die sekretaris die regverdiging gesien om 'n soortgelyke proefneming op 'n aanmerklik groter skaal aan te pak.

Indien, so vervolg hy, politieke en ekonomiese omstandighede dit sou toelaat dan sou Suid-Afrika die Imperiale regering van die grootste deel of al die koste van die vlootverpligtings wat nodig was om, in Suid-Afrikaanse waters, 'n deel van die stelsel van die Imperiale verdediging ter see in stand te hou, ontlas.[61]

Die proefneming op 'n aanmerklik groter skaal sou, na verloop van tyd, in die Suid-Afrikaanse Seediens kristalliseer en die begin van die geskiedenis van ons hedendaagse Suid-Afrikaanse vloot beteken.

# 4
# DIE UNIEREGERING PROBEER KOERS KRY

Reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog het die Imperiale regering saam met die dominiums, oor die na-oorlogse verdediging ter see van die ryk begin besin. Onder meer is die vraag te berde gebring of dit in die vorm van een, ondeelbare Imperiale vlootmag of andersins sou geskied.

Tewens is die vraag gestel watter bydraes die onderskeie dominiums in verband met die instandhouding en uitbreiding van dié na-oorlogse organisasie sou kan lewer.

Aangesien daar geen eenstemmigheid van beleid bestaan het nie, het die Unieregering — wat in beginsel sowel as daadwerklik bereid was om 'n bydrae te lewer — probeer koerskry met betrekking tot die wyse waarop dit sou kan geskied.

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die uitbreidingsbeleid van die K.M.V.R.-organisasie aanvaar en die aanskaf van een of meer skepe met die Imperiale outoriteite bespreek is.

## a. EEN GEMEENSKAPLIKE VLOOT?

Op 30 Maart 1917 is deur die Imperiale Oorlogskonferensie besluit dat die Britse admiraliteit versoek word om, onmiddellik na die bëeindiging van die oorlog, 'n doeltreffende skema insake die verdediging ter see van die Britse ryk op te stel.

Hierdie skema sou, saam met aanbevelings deur die Britse admiraliteit, vroegtydig aan die regerings van die dominiums voorgelê word. In die Britse admiraliteit se memorandum van 17 Mei 1918, wat aan die Imperiale Oorlogskonferensie van 1918 voorgelê is, is beklemtoon dat die oorlog duidelik bewys het dat die onafhanklike voortbestaan van die onderdele van die Britse ryk op die handhawing van die Britse seemag gebaseer is en dat, net soos in die verlede, die onderskeie dominiums bereid is om in dié verband by te dra.

Tot op datum (1918) kan die dominiums kies tussen die daarstelling van afsonderlike vlooteenhede of om personeel en geld aan die Britse vloot te verstrek. Enersyds was geldelike bydraes ewenwel nog nooit populêr nie, terwyl andersyds sommige dominiums nie eie vlooteenhede kon bekostig nie.

Tewens kon hulle nooit so ekonomies of doeltreffend as 'n enkele vloot onder sentrale beheer wees nie.

Op grond van hierdie en ander oorwegings het die Britse admiraliteit, by monde van admiraal Rosslyn Erskine Wemyss (1964-1933), tot die volgende oortuiging geraak dat 'n enkele, ondeelbare vlootmag noodsaaklik vir die veiligheid van die Britse ryk is.

Rekening is gehou "with the right of the nations within the Empire to partnership with the United Kingdom in the provision, administration, and disposition of the Fleet . . . ", terwyl tewens nadruk op eenvormigheid en uitskakeling van oorvleueling ten opsigte van die administrasie e.d.m. gelê is. Anders sou, sowel met betrekking tot personeel as materiaal, die beoogde ekonomiese oogmerke nie verwesenlik word nie. Op grond van hierdie gedagtegang is voorgestel dat die vlootmag van die Britse ryk in die vorm van een, ondeelbare seemag, onder 'n sentrale, Imperiale beheer saamgesnoer word, dat die skepe orals optree en dat offisiere en manskappe aan boord van enige oorlogskip sal dien.

Plaaslike vlootrade sou, elkeen onder 'n Minister van Marine deur die dominiums in die lewe geroep word. Hierdie rade sou met die sentrale vlootbeheer saamwerk, maar terselfdertyd regstreeks verantwoordelikheid aan hul eie parlemente verskuldig wees.

Vlootstrategie, bevoorrading, toerusting, doeltreffendheid, organisatoriese- en benuttingsvraagstukke van die vloot as 'n gevegsmag, bevorderings, opleiding en die formulering van behoeftes insake begrotings, materiaal- en skeepstipes e.d.m. sou deur die sentrale beheerraad gereël word.

Die plaaslike vlootrade sou plaaslike opleidingsinrigtings, die opleiding van personeel, die bou en herstel van skepe, bevoorrading en ander aangeleenthede met betrekking tot die instandhouding van 'n doeltreffende vloot hanteer.

Met betrekking tot die verdeling van die totale koste van die instandhouding van die beoogde vloot is voorgestel dat elke dominium, met inagneming van sy finansiële draagkrag of mannekrag, sy eie aandeel sou bepaal. Die sentrale beheerraad sou dan die totale behoeftes uitwerk en 'n kosteverdeling opstel wat daarna vir goedkeuring aan die onderskeie parlemente voorgelê sou word.

Hierdie en ander voorstelle was, aldus die opsteller, onder meer bedoel om uitdrukking te gee aan die begeerte om 'n sterker saamhorigheidsgevoel in die Britse ryk te bevorder, terwyl andersyds die beoogde vloot geleidelik ten volle verteenwoordigend ten opsigte van die dominiums sou word.

## b. DIE GEDAGTEGANG VAN DIE BRITSE ADMIRALITEIT VERWERP

Op 15 Augustus 1918, tydens die Imperiale Oorlogskonferensie van dié jaar, het die dominiums die gesketse gedagtegang van die Britse admiraliteit bespreek en, met uitsondering van Newfoundland, die Eerste Minister van Kanada (sir R. L. Borden, G.C.M.G.) versoek om 'n memorandum op te stel waarin verklaar is:

i. Die gedagte om, met betrekking tot die ryksverdediging ter see, een vlootmag onder 'n sentrale beheerraad daar te stel, word verwerp omdat dit onprakties is.

ii. Uit 'n standpunt van vlootstrategie beskou, hou dié voorstel van die Britse admiraliteit weliswaar sekere voordele in, maar tydens die Eerste Wêreldoorlog is bewys gelewer dat 'n vloot van 'n dominium . . . (b.v. Australië) met die grootste mate van doeltreffendheid as 'n deel van 'n verenigde vlootmag kan optree.

iii. Met betrekking tot vlootbou, -bewapening, -administrasie e.d.m. word reeds 'n eenvormige beleid deur die dominiums gevolg. Besoeke deur 'n vakkundig bekwame verteenwoordiger van die Britse admiraliteit, wat adviserend optree, sal in bogenoemde verband deur die dominiums verwelkom word.

iv. Laastens is aangevoer dat die Eerste Ministers van oordeel is dat, indien die vlootmagte van die dominiums aanmerklik uitbrei, dit oorweeg kan word om met die oog op oorlogsdoeleindes die een of ander vorm van opperste vlootgesag, met behoorlike verteenwoordiging vir elke dominium in die lewe te roep.

Die Unie van Suid-Afrika, verteenwoordig deur Eerste Minister luitenant-generaal J. C. Smuts en die Minister van Spoorweë en Hawens (H. Burton), het hom met bogenoemde sienswyse vereenselwig wat, nadat die aangeleentheid op 24 Augustus 1918 deur die Imperiale Oorlogskonferensie bespreek is, regstreeks aan die Britse admiraliteit voorgelê is.

v. Die Britse admiraliteit het weliswaar in sy sienswyse volhard, maar andersyds gunstig gereageer op die wenk van die dominiums om 'n deskundige te stuur om hulle met advies te bedien. Lord John Rusworth Jellicoe (1859-1935), admiraal van die Britse vloot, is vir hierdie sending aangewys en aan hom is opgedra om onder meer die grootste mate van eenvormigheid en samewerking tussen alle vlootmagte van die Britse ryk te verseker om op dié wyse die grootste mate van militêre slaankrag in verband met die verdediging ter see van die Britse ryk op te bou. Op sy reis het lord Jellicoe nie by die Unie van Suid-Afrika aangedoen nie en hierdeur 'n mate van ongerief aan die Unieregering besorg.

## c. OORTOLLIGE SKEPE AANGEBIED

In die loop van 1919 het die Britse admiraliteit met die vraagstuk te doen gekry om die Britse vloot te verklein. Die oorlog was verby en Brittanje het oor meer as 1.300 vlootvaartuie met 'n totale tonnemaat van 3.250.000 beskik.[62] Tewens was daar 'n surplus van vlootpersoneel.

Net soos in die geval van oortollige lugvaartmateriaal is besluit om te verneem of die dominiums nie 'n aantal van dié vaartuie en personeel sou wil oorneem nie. Nie alleen sou die Britse admiraliteit op dié wyse 'n afsetgebied vir die oortollige materiaal en personeel vind nie, maar gelyktydig sou deur dié oordrag die ou oogmerk, die versterking van die ryksverdediging ter see, versterk word.

Op 20 September 1919 het die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, burggraaf Buxton, 'n telegram van die Britse Minister van Kolonies, lord Milner ontvang waarin melding gemaak is van bogenoemde voorneme van die Britse admiraliteit.

Die volgende skeepstipes is genoem:

> *Vessels concerned include battle cruisers, light cruisers, destroyers, submarines, sloops, minesweepers, patrol gunboats, motor-launches, coastal motor-boats, trawlers and drifters.*

Tewens is verklaar dat offisiere en manskappe van die Britse marine as vrywilligers bereid sal wees om dergelike vaartuie te beman. Die Britse admiraliteit was begerig om ten spoedigste die behoeftes van die dominiums te verneem aangesien, aldus lord Milner, die verkoop vir handelsdoeleindes ten spoedigste moet geskied omdat

die vaartuie se gehalte spoedig versleg en die markwaarde verminder. Veral met betrekking tot sloepe, mynveërs, patrollie- en kanonneerbote, motorbote, treilers en dryfnetbote sal, onderhewig aan lord Jellicoe se aanbevelings omtrent die vermindering van die Britse vloot, 'n spoedige aanduiding gewens wees. Op 15 Oktober 1919 het genl. J. C. Smuts in 'n diensbrief die ontvangs van genoemde skrywe erken en meegedeel dat die kabinet nie by magte is om, tot tyd en wyl lord Jellicoe geraadpleeg is, die moontlike behoeftes van die Unie te bepaal nie. In afwagting van lord Jellicoe se besoek in 1920 het die Goewerneur-generaal op 8 Desember 1919 'n telegram van Londen ontvang waarin meegedeel is dat die Britse regering aan die kommissarisse van die Britse admiraliteit die reg gegee het om bogenoemde vaartuig tipes as geskenke aan die dominiums aan te bied indien hulle benodig word om hul onderskeie vlootmagte te ontwikkel. Op hierdie mededeling het die Unieregering, by monde van genl. Smuts, op 18 Desember 1919 weer sy vorige antwoord herhaal en hieraan toegevoeg:

> *His Majesty's Government is no doubt aware that the Union Government possesses no war vessels of any description at present and the question of acquiring any such vesels is therefore one which involves, so far as concerns the Union of South Africa, the whole and difficult problem of Naval Defence and cannot be dealt with until that problem has been fully considered in consultation with His Majesty's Government.*

## d. WENSLIKHEID VAN 'N VLOOTKONFERENSIE

Genl. J. C. Smuts het, met die oog op die verdedigingsvraagstukke ter see en, as 'n onderdeel die aanskaf van vlootvaartuie, die wenslikheid van raadpleging met die Imperiale regering in die vooruitsig gestel. In Londen het, op 30 Januarie 1920, die Britse admiraliteit aan die Minister van Kolonies meegedeel dat, na 'n ondersoek aangaande vlootsamewerking met die dominiums en veral met betrekking tot die noodsaaklikheid om ekonomies te werk te gaan, 'n bespreking met verteenwoordigers van die dominiums oor vlote vir die dominiums en vlootsamewerking in verband met die ryksverdediging beoog word. Lord Jellicoe se verslae oor die verdediging ter see van Kanada, Australië en Nieu-Seeland maak dié besprekings ook gebiedend, aldus dieselfde skrywe waarin tewens voorgestel is om alles tydens die eersvolgende Imperiale Konferensie te berde te bring.

## e. SUID-AFRIKA SE REAKSIE

Op grond van bogenoemde skrywe het sekretaris Bourne op 27 Maart 1920 aan die Minister van Verdediging (kol. H. Mentz, D.T.D.) gerapporteer dat dit, sonder dat die inhoud van lord Jellicoe se verslag in verband met vlootsamewerking bekend is, onmoontlik is om ten opsigte van die Unie van Suid-Afrika 'n beleid te formuleer. Hy stel voor dat, aangesien die Unieregering nie oor 'n vlootadviseur beskik nie en die vise-admiraal, Kaap die Goeie Hoop, binnekort vervang word; die Britse admiraliteit versoek word om leidrade ten opsigte van die Unie op te stel wat dan verder deur die Unieregering uitgewerk word. 'n Besoek van lord Jellicoe, gevolg deur 'n bespreking met die Uniekabinet en die opstel van 'n verslag deur eersgenoemde vir voorlegging aan die Imperiale Konferensie, sal dieselfde doel dien.

Voorlopig stel die sekretaris voor dat geantwoord word dat die Unieregering hom met die voorstel vereenselwig dat 'n bespreking met die Britse admiraliteit tydens die eersvolgende Imperiale Konferensie gehou word.

Op 6 Mei 1920 het die Unieregering, by monde van waarnemende Eerste Minister F. S. Malan, op die Goewerneur-generaal se diensbrief van 25 Maart 1920, waaruit sekretaris Bourne se memorandum van twee dae later voortgespruit het, geant-

woord dat die Unieregering kennis geneem het van die besluit om die bespreking van die vlootsamewerkingsvraagstuk tot die eersvolgende Imperiale Konferensie uit te stel, dat die Unieregering geen beleid kan formuleer as gevolg van die ontbreek van deskundige vlootsake-advies nie en dat die hoop uitgespreek word dat die Imperiale regering mettertyd sal aandui wat die Unieregering sal moet oorweeg.

Hierdie antwoord was gebaseer op sekretaris Bourne se tweede konsepantwoord van 30 April 1920 wat hy, saam met 'n memorandum, aan die Minister van Verdediging voorgelê het. Hierin het hy tewens die mening uitgespreek dat dit nutteloos is om vir geskenk-vaartuie in die vorm van mynveërs te vra tensy noukeurig bepaal word waarvoor hulle gebruik sal word. Om meer lig in die duisternis te verkry, dring sekretaris Bourne weer eens daarop aan dat die vise-admiraal, Kaap die Goeie Hoop, genader moet word om die regering te adviseer.

## f. 'N VAARTUIG VIR VISSERY-OPNAME? DIE K.M.V.R. DIE JELLICOE-VERSLAG

Ruim 'n maand nadat bogenoemde diensbrief aan die Goewerneur-generaal gestuur is, het die sekretaris van Mynwese en Nywerheid, H. Warrington Smyth, in sy hoedanigheid as voorsitter van die komitee insake vissery-opname, aan sekretaris Bourne geskrywe dat die stoomskip *Pickle,* wat nou deur die komitee gebruik word, om opnamewerk aan die kus van die Kaapprovinsie en Natal te verrig, dalk aan die Natalse administrasie of die vorige eienaars teruggegee moet word. Ten einde te verseker dat die genoemde werksaamhede nie onderbreek word nie, het die voorsitter die vraag gestel of een van die geskenk-vaartuie nie dalk van die regering geleen kan word nie. In 'n diensbrief van 18 Junie 1920 is hierdie aangeleentheid onder die aandag van die Goewerneur-generaal gebring, terwyl tewens die volgende aangeleenthede aanhangig gemaak is:

i. Die feit dat die regering die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. oorweeg deur die bestaande aantal kompanies te Port Elizabeth en Oos-Londen toe te voeg.

ii. Die vergroting van die Unie se bydrae in verband met maritieme samewerking deur die aanskaf van mynveërs vir gebruik in Suid-Afrikaanse waters.

iii. Die begeerte om die Britse admiraliteit te versoek om twee tot twaalf vaartuie ter beskikking van die Unieregering te stel. Hulle kan, indien nodig, vir die vee van myne en — onder gewone omstandigghede — vir visserydoeleindes, die walvisvaart of in verband met die ontwikkeling van die vissery-nywerheid gebruik word.

iv. Die gedagte om, indien dergelike vaartuie beskikbaar is, in samewerking met die vise-admiraal, Kaap die Goeie Hoop, 'n skema op te stel om bemannings vir die mynveërs te verkry en op te lei. Dit, aldus die diensbrief, kan dan as nog 'n bydrae in verband met die uitbreiding en ontwikkeling van die K.M.V.R. beskou word.

Hierdie planne van die Unieregering het heeltemal verskil van dié van lord Jellicoe wat in sy reeds genoemde verslag geskrywe het:

> *That South Africa's share should be that necessary to provide and maintain a squadron stationed at the Cape of Good Hope, and having this primary duty of keeping open the trade route round the Cape and protecting the trade on the west coast of Africa, leaving the trade to the eastward to the protection of the Far Eastern Fleet.*

Bostaande uitspraak kom voor in sekrearis Bourne se beskouings van 30 Junie 1920 oor lord Jellicoe se verslae oor Australië, Nieu-Seeland en Kanada. Aan die hand

van die gegewens en sienswyses wat deur hom in dié verslae aangetref is, het sekretaris Bourne sy gedagtes op die volgende aspekte ten opsigte van die maritieme verdediging van Suid-Afrika toegespits:

i. *Hawe-verdediging,* deur middel van vaartuie soos torpedojaers, duikbote, mynveërs en sperboomversperrings.

ii. *Beskerming van die handel en skeepvaart,* deur middel van ligte kruisers en gewapende geleideskepe.

iii. *Die aanvalsmag,* bedoel om enige vyandelike vloot te vernietig wat die beheer oor die see betwis. In dié verband het hy 'n aantal vrae gestel en o.m. gevra in watter mate die Unie van Suid-Afrika, nadat voorsiening gemaak is vir die twee eersgenoemde dienste, bereid sal wees om, finansieël beskou, 'n aanvalsmag op see op te bou. In laasgenoemde geval het hy die waarde van die instandhouding van die marinewerf op Simonstad beklemtoon en die moontlikheid van oorname van die jaarlikse uitgawes (R400.000) oorweeg.

iv. Hy het, ten slotte, tot die gevolgtrekking gekom dat die Unie se huidige bydrae van ongeveer R180.000 per jaar onvoldoende en ontoereikend is. Met alle benodigde feite en kundige raad het hy ewenwel gemeen dat die regering geleidelik met die uitvoering van 'n skema kan begin "which will eventually be worthy of its status and self esteem as a free and self-governing nation within the great British Commonwealth" en dat die opperbevelhebber, Kaap de Goeie Hoop, die aangewese persoon is om sodanige raad te verstrek.

## g. DIE VLOOTBELEID-VERKLARING VAN GENL. SMUTS

Terwyl die Minister van Verdediging en sekretaris Bourne, weens gebrek aan gegewens en vakkundige advies, geen noemenswaardige vordering met die formulering van 'n Suid-Afrikaanse maritieme beleid ten opsigte van die deur Engeland begeerde steun vir die Imperiale verdediging ter see gemaak het nie, is sowel in die Volksraad as in die pers uiteenlopende menings oor verdedigingsaangeleenthede en vlootsake gelug.[63]

Op 23 Julie 1920 het die verdedigingsbegroting van R2.534.790 in die Volksraad onder bespreking gekom en, na aanleiding van genl. J. B. M. Hertzog (L.V., Smithfield) se voorstel om dié bedrag met R1.278.000 te verminder, aanleiding tot 'n lewendige debat gegee. Tydens sy betoog het genl. Hertzog ook te kenne gegee dat hy die jaarlikse vlootbydrae van R168.000 graag sou wil verdubbel indien dit vir skepe aangewend word wat vir die verdediging van Suid-Afrika gebruik word.

Genl. Smuts het, na aanleiding van hierdie opmerking, 'n uiteensetting aangaande die regering se vlootbeleid gegee. Hy het verwys na die gedagte wat, nog maar 'n paar jaar gelede, die Britse admiraliteit besiel het "that the only proper way of naval defence for the Empire was one united navy for the whole Empire under one united command." Hy het verduidelik dat die dominiums hierdie gedagte beslis verwerp het en vervolgens na die Suid-Afrikaanse erfenis van 'n jaarlikse bydrae van R170.000 verwys en dit as "a paltry amount, entirely unworthy of us" beskrywe. Daar kan, aldus genl. Smuts, voortgegaan word om meer te betaal, maar die kardinale vraag is of ons tot die Britse vloot moet bly bydra of dat ons, net soos ander dominiums gedoen het, 'n begin met die kern van ons eie vloot moet maak. Hierdie saak moet sorgvuldig oorweeg word. Met verwysing na die Jellicoe-verslag het genl. Smuts verder verklaar dat, indien Suid-Afrika in laasgenoemde rigting besluit, die uitgawes aanmerklik meer as R170.000 per jaar sal wees. Met verwysing na die internasionale vlootbouwedywer tussen Japan en die V.S.A. en die gevare wat moontlik hieruit sou kan voortspruit, het genl. Smuts die volgende mening uitgespreek:

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

> *If we have to defend ourselves against the dangers of the future, that would be entirely beyond our resources. Whatever we can do we will be small, and so long as we are members of the British Empire we shall have to rely on the defence of the British navy of our South African interests.*[64]

Genl. Smuts het vervolgens 'n oorsig gegee van die stigting en ontwikkeling van die K.M.V.R. en vermeld dat die Minister van Verdediging beoog om die sterkte van dié organisasie met vier kompanies te vergroot.

Na aanleiding van hierdie beleidsverklaring het die *Cape Times* van 23 Julie 1920 o.m. na die aanstaande Imperiale Konferensie en die gesamentlike ryksverdediging verwys en die gedagte uitgespreek dat dit die Unie van Suid-Afrika dalk in die geleentheid sal stel om meer aandag aan die verdediging van sy eie hawens en handelsroetes te wy. Die geleidelike opbou van doeltreffende Suid-Afrikaanse vlootpersoneel sal die eerste stap in die rigting van die aanvaarding van hierdie nuwe verantwoordelikheid wees, aldus die skrywer van genoemde hoofartikel.[65]

### h. LONDEN ANTWOORD

Eers op 28 Oktober 1920 het lord Milner, met verwysing na die Uniekabinet se diensbrief van 18 Junie 1920, oor die voorgenome uitbreiding van die K.M.V.R. en die verskaf van mynveërs geantwoord. Die kommissarisse van die Britse admiraliteit het, aldus hierdie skrywe, met die oog op die opbou van reserwemagte in die Britse ryk, die beoogde uitbreiding van die K.M.V.R. verwelkom. Tewens is kennis geneem van die Unieregering se voorneme met betrekking tot die aanskaf van vlootvaartuie vir kommersiële doeleindes. In dié verband bied die Britse regering die volgende skeepstipes te koop aan:

| | | |
|---|---|---|
| i. | Sloepe (Flower-klas) ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R40.000 per stuk. |
| ii. | Sloepe („24"-klas) ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R40.000 per stuk. |
| iii. | Skepwiel-mynveërs (Ascot-klas) ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R40.000 per stuk. |
| iv. | Dubbelskroef-mynveërs (Hunt-klas) ...... ...... ...... ...... ...... | R40.000 per stuk. |
| v. | Treilers (staal) 125'. In Kanada gebou en nie toegerus met visruime, ens. nie ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R20.000 per stuk. |
| vi. | Dryfnetbote (hout) 84'. In Kanada gebou en nie toegerus met visruime, ens. nie. ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R 8.000 per stuk. |

Die treilers en dryfnetbote het op dié tydstip in Kanadese hawens gelê en dit is duidelik vermeld dat die genoemde pryse nie die vervoer na en die herstelwerk in Engeland insluit nie. Indien bogenoemde vaartuie uitsluitend vir vlootdoeleindes aangewend word dan was die Imperiale regering bereid om hulle kosteloos aan die Unieregering oor te dra, maar indien hulle vir handelsdoeliendes gebruik sou word, dan moes bogenoemde bedrae betaal word.

In Januarie 1921 het die Unieregering, met verwysing na bogenoemde aanbiedings en besonderhede, verklaar dat tans ondersoek word watter vaartuie vir handelsdoeleindes benodig sal wees, maar dat die genoemde vaartuie terselfdertyd in gereedheid gehou word om, indien nodig, as mynveërs gebruik te word. Verder is informasie met betrekking tot walvisskepe en vragskepe met 'n tonnemaat van 750 aangevra.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 5
# SUID-AFRIKAANSE VLOOTVRAAGSTUKKE EN -BESPIEËLINGS AAN DIE VOORAAND VAN DIE IMPERIALE KONFERENSIE

## a. DIE ADMIRALITEIT SE NUWE BENADERING

In Februarie 1921 het die Britse admiraliteit 'n nuwe, volledige benadering, in die besonder as 'n leidraad vir die dominiums insake vlootsamewerking, gereed gekry. Sekretaris Bourne het, met die hulp en bystand van die Britse marinepersoneel op Simonstad en ander, die inhoud van die *Grey Book* bestudeer en vervolgens, met die oog op die aanstaande Imperiale Konferensie in Londen, sekere voorstelle geformuleer wat as 'n leidraad vir die Unie se verteenwoordigers sou kan dien.

By sy bestudering van die Grey-memorandum is sekretaris Bourne deur die volgende aspekte getref:

i. Die feit dat die Jellicoe-plan in verband met eweredige bydraes deur die dominiums met betrekking tot die vlootbehoeftes van die Britse ryk laat vaar is en vervang is deur die wenk dat elke dominium dalk mag saamstem om 'n sekere vasgestelde deel van sy begroting vir verdedigingsdoeleindes aan te wend. Dit is nie noodwendig dieselfde persentasie as die moederland s'n nie en kan van dominium tot dominium verskil, terwyl die totaal deur elke dominium onderverdeel moet word in leër-, vloot- en lugmaguitgawes.

ii. Die feit dat daar in werklikheid of oënskynlik afgestap is van die Britse admiraliteit se memorandum van Mei 1918 waar dit die leerstelling van 'n ondeelbare vloot onder beheer van 'n Imperiale vlootoutoriteit betref.

iii. Die feit dat die Britse admiraliteit die beginsel van afsonderlike vlote vir die dominiums aanvaar het en dit 'n aangeleentheid vir elke afsonderlike dominium is.

## b. SEKRETARIS BOURNE SE VLOOTBELEID-SIENING

Na aanleiding van die Grey-memorandum het sekretaris Bourne vervolgens aandag gewy aan die vlootbeleid van die Unie van Suid-Afrika deur allereers op Suid-Afrika se uitsonderlike posisie te wys wat ons land in vergelyking met ander dominiums ten opsigte van die Britse vloot en Imperiale vlootaangeleenthede inneem. In dié verband wys hy allereers op die feit dat die groot vlootbasis Simonstad binne die territoriale gebied van die Unie lê en dat, in vredes- sowel as in oorlogstyd, die Britse admiraliteit hier 'n bevelvoeringstaf, 'n skeepwerkstaf en oorlogskepe moet aanhou.

Hy skrywe, met die oog op bostaande, verder:

> *Thus the Union has not only at, but within her gates, an important naval organisation and establishments not under her control nor maintained at her expense, but available to serve her by assisting her in the long and laborious process of developing her naval and maritime resources. I have assumed, therefore, any other assumption, indeed would seem futile — that the Admiralty will remain at Simonstown and will be used to serve the Union Government in any naval measures which the Union desires to carry out with the concurrence of H.M.'s Government.*

Om bogenoemde uitspraak te staaf, kom sekretaris Bourne met die volgende argumente wat veral met betrekking tot die vraagstuk aangaande die daarstelling van 'n toekomstige Suid-Afrikaanse vloot, soos hy dit op Uniedag 1921 gesien het, van belang is.

Sy *eerste* argument lui soos volg:

> *In the first place it is necessary to repudiate the idea that a South African Navy is possible for the present and to reject any scheme for a pseudo South African Navy. In the absence of a sea-faring population, no real South African Navy can be established. South Africa can, it is true, hire ships and men from the Imperial Government to whatever extent her Parliament will provide funds. She can borrow officers from the Navy and form a Naval Staff in the Defence Department to direct the administrative and operation of these hired ships and personnel. But that does not give South Africa a South African Navy.*

Die sekretaris het sy tweede argument soos volg geformuleer:

> *Secondly, however, it should be clearly enunciated that the aim of South Africa is to produce circumstances which will make possible in the course of years, the formation of a South African Navy. Unless and until South Africa's resources in population are multiplied enormously, a South African Navy would be small, not big enough even to cope unaided with the task of protecting her own Harbours, Water and Trade routes against an attack by a third or fourth rate Naval Power. Nevertheless, the policy of a South African Navy is, without doubt, a right and proper one, if only it satisfies the political sentiment in South Africa. But it must be a real and not a sham South African Navy, in that its personnel must be wholely or largely comprised of South Africans, both in the higher and lower ratings.*

*Derdens* verklaar sekretaris Bourne dat, om hierdie beleid uit te voer alles gedoen moet word om 'n liefde vir die see onder Suid-Afrikaners aan te kweek.[66] Dit kan, aldus die opsteller, gedoen word deur Suid-Afrikaanse seuns in die geleentheid te stel om in die Unie vir 'n seevaartkundige loopbaan opgelei te word; deur loopbane vir die opgeleides in en naby Suid-Afrikaanse waters en -hawens te verseker, en deur die Suid-Afrikaanse walvisvaart, vissery en koopvaardy te ontwikkel. In dieselfde verband beveel hy aan om aan 'n groter aantal Suid-Afrikaanse seuns, sowel in die binneland as aan die kus, 'n mate van vlootkadette-opleiding te verstrek.

*Vierdens* word aanbeveel dat die Unieregering die Simonstadse vlootbasis op dieselfde wyse moet gebruik soos dit tydens die afgelope agt jaar deur die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. gebruik is. In dieselfde verband skrywe sekretaris Bourne verder:

> *The system is established by law (S.A. Defence Act 1912, sections 22 and 23) and is constitutionally correct, securing complete control to the Union. It is elastic and, . . . is admirably fitted to meet any or all the requirements of Naval co-operation set forth in the Grey memo.*

*Vyfdens* verklaar sekretaris Bourne dat die Unie tans, sowel as ver in die toekoms, nie meer as die dubbele of drievoudige van die huidige jaarlikse bydraes van R17.000 en ongeveer R30.000 vir die K.M.V.R. vir vlootverdedigingsdoeleindes sal kan bydra nie. Hy lê nadruk op sy mening dat die bydrae-beginsel afgeskaf en

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

deur die aankoop van die behoeftes vervang moet word. Die aankope moet deur die Britse admiraliteit goedgekeur word en binne die raamwerk van die behoeftes insake die Imperiale vlootsamewerking val.

*Laastens* is hy van mening dat die Unie in oorlogstyd bereid moet wees om die koste van bogenoemde dienste ten volle te dra. Dit beteken dat, onder bogenoemde omstandighede, die Unieregering sy eie mynveër- en kuspatrolliedienste sal moet behartig, personeel vir vlootbeheer beskikbaar sal moet stel en handelskepe sowel as gewapende handelkruisers vir handelsbeskerming sal moet inskakel.

c. SEKRETARIS BOURNE SE VOORSTELLE

Op grond van bogenoemde sienswyses en aan die hand van die Grey-memorandum het sekretaris Bourne tussen 31 Mei 1913 en 1 Julie 1913, d.w.s. tydens die seereis na Engeland en tot kort na sy aankoms in Londen en ter voorbereiding van die Imperiale Konferensie, die volgende voorstelle op skrif geplaas:

i. *Met betrekking tot die strategiese beleid*

Suid-Afrika se verdedigingsbeleid moet langsaam ontplooi word en dit is wenslik, waar dit die vlootbeleid betref, om die jaarlikse uitgawes met R500.000 te begin en hulle geleidelik tot R1.000.000 te verhoog. Hierdie bedrag moet dan, ooreenkomstig voorkeur, bestee word in die lig van die Grey-memorandum.

ii. *Die samestelling van vlootmagte*

Suid-Afrika beskik, in sy K.M.V.R., reeds oor die kiem van 'n vlootmag. Groei in dié opsig kan bewerkstellig word deur die reserwepersoneel uit te brei, deur 'n opleidingskip en instruksie-vaartuie vir die vee van myne en ander vaartuie te verkry wat in vredestyd vir die vervoer van guano, vir vissery-navorsing, diepsee- en kusopmeting e.d.m. gebruik kan word. Hierdie vaartuie kan in oorlogstyd as hulp-oorlogskepe aangewend word.

Aangaande vlootvaartuie vir *offensiewe* doeleindes en die wenk wat in die Grey-memorandum vervat is dat, indien die Unieregering met 'n Suid-Afrikaanse oorlogsvloot wil begin, laasgenoemde 'n ligte kruiser moet aanskaf, is sekretaris Bourne van gedagte dat al wat die Unieregering in dié verband kan doen, is om 'n kruiser met 'n volledige bemanning, „ from Captain to powder monkey," te huur. So 'n kruiser sal R1.000.000 kos en sekretaris Bourne stel voor dat jaarliks R356.000 uit leningsfondse verkry word.

In verband met *handelsbeskerming* word gewapende handelskruisers en duikbootbestrydingsgeleideskepe benodig. In dié verband stel die opsteller van die verslag voor dat, in oorlogstyd, 'n sestal posbote van die *Union Castle*-maatskappy deur die Britse admiraliteit aan die Unieregering oorgedra en deur laasgenoemde omgebou, bewapen en deur K.M.V.R.-lede beman word. Tewens kan reëlings met skeepsboumaatskappye getref word om kusvaart-konvooivaartuie te bou wat ook deur K.M.V.R.-personeel beman kan word.

*Beheer oor kuswaters* en *hawe-beskerming* vereis beskerming teen aanvalle en bombardemente van kusstede, beskerming teen lugaanvalle deur vliegtuie wat van vliegtuigdraers opstyg, en beskerming teen seemyne.

Met betrekking tot eersgenoemde moontlikhede het sekretaris Bourne advies gevra van vise-admiraal sir William Goodenough, Kaap die Goeie Hoop. Laasgenoemde het onder meer die aankoop van ses tot agt *duikbote* van die L-klas aanbeveel wat in vredestyd in Simonstad gestasioneer en vir vyftig persent beman moet wees. Imperiale offisiere en manskappe sal hierdie vaartuie moet beman en K.M.V.R.-personeel moet oplei. Onder noodtoestande kan twee of drie duikbote na Durban en Port Elizabeth gestuur word, terwyl twee Kaapstad en Simonstad en omstreke sal moet verdedig.

Die koste van so 'n flottieljе is soos volg bereken:

| | |
|---|---|
| Ses duikbote, waarvan drie volledig beman ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R360.000 |
| Agt duikbote, waarvan vier volledig beman ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R400.000 |
| 'n Klein moederskip ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | R120.000 |
| Totaal ...... R480.000 of | R520.000[67] |

Die koste van ses duikbote en die feit dat die opleidingstydperk van duikbootpersoneel nie minder as drie jaar in beslag neem nie en 'n groot aantal vredestydse vlootpersoneel vereis, het sekretaris Bourne nie geesdriftig oor die aankoop van duikbote laat voel nie.

Tewens was hy van mening dat die Unieregering op die oomblik (1921) 'n instruksiestaf vir die K.M.V.R. en 'n kernbemanning van een-en-dertig man vir die mynveër-opleidingskepe beoog.

Dit is, militêr-histories beskou, van belang om hier te vermeld dat sekretaris Bourne tydens sy sending na Engeland, in 1914, reeds die aankoop van duikbote vir die Unie bespreek het. Sy aantekening in dié verband lui soos volg:

> *It is interesting to observe the ebb and flow of the development of naval opinion as to submarines. As will be seen from a perusal of my papers ie my "mission" in 1914, the idea originating with the late Capt. Savill, R.N. (lost on H.M.S.* Hampshire *with Lord Kitchener) of submarines for S.A. coast protection, was summarily turned down by the First Lord in 1914. It is now revived from Capt. Frank Theron's latest letter (q.v.) it seems probable that we shall be faced with something startling as to increasing enormously the range of land batteries or using submarines instead of guns on land to keep raiders a safe distance off our harbours.*[68]

In verband met die *aanskaf van mynveërs* het sekretaris Bourne, met verwysing na die kabinet se diensbrief van 9 April 1921, verklaar dat daar eenstemmigheid ten opsigte van die Grey-memorandum en die inhoud van genoemde diensbrief, gebaseer op 'n memorandum van die Unie se Departement van Verdediging, bestaan. Dié beoogde skema sal R40.000 per jaar kos en die Kabinet het die Britse admiraliteit gevra dat dié bedrag in mindering gebring word ten opsigte van die jaarlikse subsidie van R170.000.

Sekretaris Bourne teken hierby aan dat, indien op 1 Oktober 1921 met die organisasie van die mynveër-afdeling van die K.M.V.R. begin word, 'n bedrag van R14.000 tot R15.000 vir dié doel beskikbaar sal wees. Die opleidingsvaartuie sal nog na Suid-Afrika gebring moet word en dan kan die eerste opleidingskursus tydens die Kersfees-Nuwejaarvakansie begin. Ten slotte vermeld hy dat die aanskaf van *skepe vir guano-vervoer, vissery-navorsing en diepsee- en kusopmetingswerk* geen essensiële onderdeel van die mynveër-skema is nie. Nieteenstaande hierdie feit versoek hy die Unie se afgevaardigdes na die Imperiale Konferensie om in Londen die hulp en voorligting van die Britse admiraliteit te verkry om van dié vaartuie teen voordelige pryse te verkry.

Ander vraagstukke wat deur sekretaris Bourne in sy voorlegging aangeroer is, was die moontlikheid om die droogdok op Simonstad uit te brei, die wenslikheid om 'n voldoende beskermde ankerplek te Saldanhabaai te verkry, die aanskaf van vliegtuie en *Zero-lugskepe* vir kuspatrolliewerk, telegrafiese kommunikasie, die beskerming van die Imperiale koopvaardy in oorlogstyd, die vlootbeheerdiens (sensuur e.d.m.), personeelaangeleenthede, die voorsiening van brandstof (olie), die be-

voorrading van wapentuig, proviand en vlootbenodigdhede, vraagstukke in verband met die hidrografiese opmeting en 'n oorsig van die toekomstige Suid-Afrikaanse vlootuitgawes.

Met betrekking tot *personeelaangeleenthede* het sekretaris Bourne die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die K.M.V.R. (1913-1921) geskets.[69] Hy vermeld dat dié organisasie op 1 Julie 1921 met twee kompanies (Port Elizabeth, Oos-Londen) uitgebrei is en dat finansiële probleme verdere vergroting met twee kompanies (Durban, Kaapstad) verhinder het.

Nogtans is, in die lig van die Grey-memorandum, gevoel dat reorganisasie en uitbreiding van die K.M.V.R. 'n vereiste is. In verband met hierdie aangeleentheid is die opperbevelhebber van die Britse vloot (Afrika) te Simonstad genader. Hy het sy voorstelle vir reorganisasie met sekretaris Bourne bespreek en vervolgens aan die Uniekabinet voorgelê (24 Mei 1921). Van vise-admiraal sir William Goodenough se skema is die belangrikste aspekte die volgende:

i. Die aanstel van 'n kaptein (R.N.) as bevelhebber onder die opperbevelhebber.

ii. Die algemene diens, die mynveër-afdeling, en die oorlogsreserwe.

iii. Die kaptein (R.N.) K.M.V.R. moet bygestaan word deur 'n kommandeur-instrukteur algemene diens-afdeling, 'n luitenant-kommandeur in bevel van die vee van myne, vir die mynveër afdeling, en 'n offisier-rekenmeester vir rekorddoeleindes van die oorlogsreserwe-afdeling.

Vérvolgens het sekretaris Bourne die wenslikheid beklemtoon dat voorstelle in verband met die opleiding van jong Suid-Afrikaners in die Britse vloot ter tafel gebring word en dat reëlings getref word dat die Unie oor 'n vlootreserwe in oorlogstyd beskik.

Tewens is deur hom die beginsel bepleit dat die Britse admiraliteit 'n vlootoffisier (rang: kaptein) beskikbaar stel om die beleid in verband met die aanskaf van mynveërs en duikbote uit te voer. Hierdie offisier moet deur die Unieregering besoldig word, terwyl die magte wat onder hom gestel is, onder die Britse opperbevelhebber (Afrika) se gesag val. Onderoffisier-instrukteurs moet deur die Britse admiraliteit verstrek en deur die Unieregering gesalariëer word.

In verband met die mynveërs stel sekretaris Bourne die volgende uniale vaste vlootpersoneel voor: Een luitenant-kommandeur (Bevelhebber van die mynveër-afdeling en een vaartuig), een luitenant-kommandeur (K.M.V.R.), drie onderluitenante (K.M.V.R.), twee onderoffisiere-masjiniste, twee masjiniste-assistente, drie draadloos-telegrafiste en seiners, agt stokers, agt dekmanskappe, twee kelners, twee kokke, in totaal: vyf offisiere en twee-en-dertig manskappe.

Saam met die kaptein, die kommandeur-instrukteur en die vyf onderoffisiere sou die totale sterkte „of the permanent S.A. Naval Force," aldus sekretaris Bourne wat dié bemanning op 3 Junie 1921 aan die papier toevertrou het, op nege-en-dertig te staan gekom.

In die laaste paragraaf van sy memorandum van dieselfde dag het hy aan bogenoemde gegewens toegevoeg:

> *A modest permanent personnel like that with two whalers as minesweeping instructional vessels cannot be dubbed as a "Dominion Navy."*

Twee aspekte van sekretaris Bourne se voorlegging vra ten slotte ons aandag:

*Die stookolievoorsiening en die hidrografiese opmeting.*

In verband met die eerste aangeleentheid verwys die sekretaris na 'n diensbrief van die Britse Departement van Kolonies (1919) waarin onder meer regerings van

dominiums versoek is om medewerking te verleen met betrekking tot die oprigting van olie-opslagplekke vir die Britse vloot. Vir die Unie van Suid-Afrika is, vir Kaapstad en Durban, opslagplekke met 'n kapasiteit van 20.000 ton voorgestel, terwyl vir Simonstad 'n opgaarplek vir 10.000 ton voorgestel is.

Tydens die Londense besprekings sal hierdie aangeleenthede ter tafel moet kom en sal die Unieregering dié aangeleentheid met die Britse admiraliteit moet bespreek.

Reeds in 1919 het die Britse admiraliteit die Unieregering se medewerking met betrekking tot die hidrografiese opmetingswerk versoek. Uit die beskikbare amptelike korrespondensie blyk dit daar dat reeds in 1914 deur die Imperiale regering voorgestel is om, met betrekking tot die dominiums, met dié werksaamhede te begin. Tussen 1910 en 1914 is die kuslyn tussen Durban en St. Luciabaai deur die Britse admiraliteit, bygestaan deur 'n Natalse amptenaar, in kaart gebring. In die Kaap is slegs soortgelyke werk met betrekking tot hawens, moontlike hawens en ten opsigte van aangrensende terreine verrig.

In April 1921 het die Unieregering versoek dat die Britse admiraliteit 'n geskikte vaartuig vir hidrografiese werksaamhede beskikbaar stel en die nodige tegniese personeel verstrek. Terselfdertyd het die kabinet verklaar dat die Unie vir die personeel, die bemannings en die onderhoud van die benodigde vaartuie sal betaal. Aan hierdie voorstelle het sekretaris Bourne die volgende toegevoeg: Die Britse admiraliteit moet gevra word om kosteloos twee van sy vaartuie, die een vir hidrografiese opmetingswerk en die ander vir visserynavorsing, bo en behalwe die mynveër-opleidingskepe, beskikbaar te stel. In ruil hiervoor sal die Unieregering dan bogenoemde werksaamhede ter hand neem.

Op grond van al hierdie voorstelle het sekretaris Bourne 'n jaarlikse begroting opgestel was soos volg gelyk het: 'n Ligte kruiser (R356.000), 'n duikboot-flottielje (R348.000), die K.M.V.R.-uitbreiding (sewe kompanies) (R28.000), bykomstige K.M.V.R.-staf (R3.000), vlootbeheerdiens (R400), mynveër-instruksievaartuie R40.000), 'n eskader i.v.m. kuspatrolliewerk (R70.000), die instandhouding van die marinewerf te Simonstad (R260.000), die hidrografiese opmetingsdiens (R12.000) en uitgawes in verband met die beoogde oorname van die Kaapse sterrewag deur die Unieregering (R32.000). In totaal sou daar dus, met betrekking tot die strekking van die Grey-memorandum, jaarliks R1.150.000 benodig wees wat bogenoemde items betref.

Hierdie en ander berekenings is op 9 Junie deur sekretaris Bourne opgestel. Op grond van die besprekings met die Britse admiraliteit het hy op 27 Junie 1921 die volgende items oorgehou: Met betrekking tot the K.M.V.R. R31.400, in verband met mynveërs R40,000, aangaande die hidrografiese opmeting R12.000 en ten opsigte van die sterrewag R32.000. Die totale bedrag was R73.600 minder as die lopende Suid-Afrikaanse uitgawes vir vlootdoeleindes!

Die duikbote, die onderhoudskoste van die marinewerf te Simonstad, die ligte kruiser en ander items het van die lys verdwyn en in verband met die ligte kruiser het die vraag te berde gekom oor die vlag. Sekretaris Bourne het in hierdie verband aangeteken:

> *It has been suggested that the cruiser towards whose maintenance the Union made this contribution should fly the South African flag at the jackstaff forward or at the foremast, the white ensign, of course being flown at the staff aft or at the mainmast, the same as in all ships of the Royal Navy and of the Australian and Canadian Navies. But there is no South African flag recognised as such by either of the European races of the Union.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

> *Any attempt to devise one with which both sections will be satisfied is for the present impossible. The Nationalists will not accept as a South African flag any piece of bunting which shows the Union Jack in however small a corner it be tucked away. The bulk of English South Africans will not accept any national flag which does not show the Union Jack. The recent debate in the Union House of Assembly demonstrated very fully the danger and futility of attempting to decide the question in the immediate future.*

In Junie 1921 het sekretaris Bourne besprekings met die Britse admiraliteit gevoer. Die vlootuitgawes van die Unie vir 1921 was reeds op ruim R187.000 vasgestel, vir 1922 was R234.590 begroot en in laasgenoemde geval is deur hom R307.000 voorgestel. Wat kon hy doen om, behalwe die vasgestelde R170.000 nuttige uitgawes met betrekking tot plaaslike vlootdoeleindes, "essentially South African, but useful to both South Africa *and* the Empire, as a substitute for the present 'tribute' of £85,000" te vind? Hierdie vraag kon sekretaris Bourne nie op 'n bevredigende wyse beantwoord nie. Hy het R32.000 vir die sterrewag-oordrag genoteer en die koste vir die hidrografiese opmeting en die vissery-navorsing van R12.000 na R50.000 opgeskuiwe, maar dit het hom, volgens sy eie woorde, nie bevredig nie.

In dieselfde memorandum deel hy mee dat die Britse admiraliteit oorweeg om twee opname-sloepe van die Beaufort-tipe aan die Unieregering aan te bied.[70]

Aan die slot van sy beskouings verwys die sekretaris na die Eerste Minister se vlootbeleid-toespraak van Julie 1920 en die begeerte om iets te doen wat die Unie se onlangs verworwe internasionale status waardig is.

In hierdie lig beskou, pleit hy ten slotte dat sy werk van die afgelope weke gunstig oorweeg sal word:

> *on the ground that it is all real help; each item can be defended logically; there is no sham, camouflage or make believe, while the whole scheme is set in pursuance of a steady policy of developing S.A.'s naval and maritime resources, always adhering to the motto "festina lente."*

# 6

# VAN DIE IMPERIALE KONFERENSIE TOT DIE STIGTING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SEEDIENS (S.A.S.D.)

## a. DIE IMPERIALE KONFERENSIE VAN 1921

Op 20 Junie 1921 is die Imperiale Konferensie onder voorsitterskap van Eerste Minister D. Lloyd George te Downingstraat 10, Londen, geopen.

Die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië en die Unie van Suid-Afrika is deur hul Eerste Ministers verteenwoordig. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het uit Eerste Minister, genl. J. C. Smuts, sir Thomas Smartt (Minister van Landbou) en kol. H. Mentz, D.T.D. (Minister van Verdediging) bestaan, terwyl kapt. E. F. C. Lane, C.M.G., die Unie by die sekretariaat verteenwoordig het.

Een van die dokumente wat aan die afgevaardigdes voorgelê is, was 'n beleidsverklaring met die titel *Empire Naval Policy and Co-operation* wat in Februarie 1921 deur die Britse admiraliteit opgestel was en as 'n belangrike leidraad met betrekking tot bogenoemde onderwerp gedien het.

In hierdie amptelike publikasie is met betrekking tot die Unie van Suid-Afrika die aanskaf van 'n ligte kruiser, wat in vredestyd as 'n opleidingskip gebruik kan word, aanbeveel. Verder is nadruk gelê op die aankoop van bewapende geleideskepe en kusvaartkonvooivaartuie, die aanskaf van mynveërs en die belangrikheid van Simonstad as 'n herstelbasis.

Tewens is die wenslikheid om 'n olie-opslagplek vir die Britse Akrika-eskader naby die Kaap die Goeie Hoop daar te stel, in die verklaring beklemtoon.

Op 11 Julie 1921 het die Britse admiraliteit sekere aanbevelings in verband met die Imperiale vlootbeleid, wat gedeeltelik as 'n beknopte weergawe van die publikasie van Februarie 1921 beskou kan word en, waarin met betrekking tot die rol wat die dominiums insake die Britse ryksverdedigingsbeleid moet speel, aanbevelings vermeld is, laat sirkuleer. Hierdie aanbevelings lui soos volg:

i. Die dominiums kan op die beste wyse tot die ryksverdediging ter see bydra deur hul oorlogsvlote op te bou en hul eie vlootbasisse te ontwikkel.

ii. Die vernaamste rol wat die dominiums insake ryksverdediging ter see moet speel, is onder meer om hul eie kusvaart te beskerm.

iii. Elke dominium kan op sy eie houtjie oor sy vlootprogram besluit.

iv. 'n Begin kan, met verwysing na (i), gemaak word deur Britse skepe oor te neem en tydelik Britse vlootpersoneel in diens te neem.

Op 5 Augustus 1921 is, by geleentheid van die afsluiting van die Imperiale Konferensie, 'n verklaring aan die pers uitgereik, waarin — aangaande die ryksverdediging ter see — die volgende besluit van die konferensie gepubliseer is:

> *That, while recognising the necessity of co-operation among the various portions of the Empire to provide such Naval Defence as may prove to be essential for security, and, while holding that equality with the naval strength of any other Power is a minimum standard for that purpose, this Conference is of the opinion that the method and expense of such co-operation are matters for the final determination of the several Parliaments concerned, and that any recommendations therein should be deferred until after the coming Conference of Disarmament.*

Tot hierdie besluit is gekom nadat, aldus die persverklaring, by verskeie vergaderings ook met die Britse Minister van Marine (lord Lee of Farenham, G.B.E., K.C.B.) van gedagte gewissel is en die afgevaardigdes van die dominiums en Indië ook by ander geleenthede besprekings met verteenwoordigers van die Britse admiraliteit gevoer het.

## b. GENL. SMUTS SE SKRYWES VAN 27 JULIE EN 2 AUGUSTUS 1921

In die vorige hoofstuk (p. 39) is reeds melding gemaak van sekretaris Bourne se besprekings met amptenare van die Britse admiraliteit, terwyl in die admiraliteitsverklaring van 11 Julie 1921, met betrekking tot die aanskaf van mynveërs, hidrografiese dienste en dergelike meer, asook in verband met die bereidwilligheid van die Britse admiraliteit om in verband met bogenoemde aangeleenthede adviserend op te tree, verklaar is:


> *In the case of South Africa a programme of co-operation has already been prepared.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




This commemorative plaque affixed to the magazine at Simonstown by the local historical society, is a reminder of the sojourn of Governor-General Gustaaf Willem, Baron van Imhoff (1705-1750) and his activities at the Cape of Good Hope (1743).
Photograph: *S.A. Navy*, Simonstown.

Hierdie gedenkplaat, wat deur die plaaslike historiese genootskap aan die pakhuis op Simonstad aangebring is, herinner aan Goewerneur-generaal Gustaaf Willem, Baron van Imhoff (1705-1750) se verblyf en optrede aan die Kaap die Goeie Hoop (1743).
Foto: *S.A. Vloot*, Simonstad.




Die Suid-Afrikaanse vloot beskik oor 'n trotse tradisie wat onder meer uit die ou geboue op Simonstad blyk. Die plaaslike historiese genootskap het bostaande gedenkplaat laat aanbring.
Foto: *S.A. Vloot*, Simonstad.

The South African Navy has a proud tradition; this is also apparent from these old buildings at Simonstown. The above commemorative plaque has been affixed by the local historical society.
Photograph: *S.A. Navy*, Simonstown.

Dit het, wanneer hierdie verklaring in gedagte gehou word, tot 27 Julie 1921 geduur voordat genl. J. C. Smuts sy eerste uitvoerige uiteensetting van die Suid-Afrikaanse vlootbeleid aan lord Lee of Fareham gestuur het.

In hierdie skrywe het genl. Smuts allereers na die besprekings tydens die konferensie, na die „Grey Book" en onderhoude met personeellede van die Britse admiraliteit as belangrike bronne van informasie, verwys. Tewens vermeld die Eerste Minister dat die amptenare sekretaris Bourne ten volle ingelig en op 'n besonder welwillende wyse bygestaan het.

Die volgende punte sal, aldus genl. Smuts, deur hom en kol. Mentz, na hul terugkeer in Suid-Afrika vir oorweging aan die kabinet en daarna in 1922 aan die Unieparlement voorgelê word, terwyl die parlement tewens gevra sal word om die benodigde fondse vir die begroting van 1922-1923 te bewillig:

i. Ons stel voor om vir die volgende finansiële jaar die subsidiestelsel, soos ingestel deur die Kaapse en Natalse koloniale regerings, af te skaf.

ii. In die plek hiervan stel ons voor om die vloot- en maritieme bronne van die Unie in elke opsig te ontwikkel, sodat regstreeks sowel as indirek maar daadwerklike steun aan die Britse vloot gegee word as, gesien in terme van die jaarlikse bydraes, die geval sal wees.

iii. Ons stel voor om kragtens ons bestaande wetgewing, te wete die Verdedigingswet van 1912, die K.M.V.R. aanmerklik uit te brei, sodat die organisasie 'n algemene afdeling van sewe of meer kompanies, 'n mynveër-afdeling, en 'n oorlogsreserwe-afdeling sal omvat. Op dié wyse sal ons oor 'n aansienlike hoeveelheid personeel in oorlogstyd beskik wat in staat sal wees om dié maatreëls in verband met plaaslike beskerming te tref wat deur ons, ten opsigte van Suid-Afrikaanse omstandighede, as noodsaaklik en vanpas beskou word; naamlik die beman van bewapende geleideskepe, defensiewe bewapening van handelskepe en die vlootbeheerdiens. Op dié wyse sal Suid-Afrika sy deel bydra op die gebied van handelsbeskerming wat, in oorlogstyd, lewensbelangrik vir die Britse ryk en die Unie van Suid-Afrika is. Tewens sal die K.M.V.R. dan 'n belangriker rol speel as, kort na sy stigting, in die Eerste Wêreldoorlog die geval was.

iv. Om Suid-Afrika se vlootbronne verder te ontwikkel, stel ons voor om hidrografiese opmetingswerk in Suid-Afrikaanse waters te onderneem. Dit is afhanklik van die beskikbaarstelling van twee opmetingsloepe deur die admiraliteit.

In die begin sal vissery-navorsing en eersgenoemde werk saam aangepak word tot tyd en wyl behoorlik opgeleide offisiere vir die uitvoering van hidrografiese take beskikbaar sal wees. Voorlopig sal een of albei sloepe met Suid-Afrikaanse seeliede beman word om minder ingewikkelde opmetingswerk te verrig, terwyl die vissery-navorsing kragdadiger voortgesit sal word. Die ontwikkeling van ons plaaslike vissery-nywerheid sal 'n belangrike faktor in verband met die opbou van ons maritieme hulpbronne wees, terwyl die daarstel van Suid-Afrikaanse seevaarders 'n waardevolle en regstreekse bydrae tot ons vloothulpbronne sal wees.

v. Daar is reeds begin om Suid-Afrikaanse seuns vir die seevaart op te lei en ons hoop dat die Suid-Afrikaanse opleidingskip „Generaal Botha" jaarliks ongeveer sewentig opgeleide seuns kan aflewer waarvan een derde vir die Britse vloot en die res vir die koopvaardyvloot voorbestem sal wees. Mettertyd hoop ons om met vakleerling-opleiding te Simonstad te begin waar seuns as leerling-masjiniste en-elektrisiëns opgelei sal word.

vi. Genl. Smuts her verder verklaar dat die uitvoering van hierdie program jaarliks 'n bedrag sal vereis wat gelykstaan aan die bestaande bydrae van R170.000. Nie hiermee tevrede nie word verder, in die lig van die belangrikheid van Simon-

stad vir die Britse ryk en die Unie, beoog om hierdie basis te vergroot en verder te ontwikkel. In hierdie verband word gevra om die skeepswerf en die werkswinkels in vredestyd soveel as moontlik vir die koopvaardy oop te stel om op dié wyse, sonder onnodige uitgawes, alles in stand te kan hou.

Aan hierdie versoek voeg genl. Smuts toe:

> *With that object in view, we think we can justify to our Parliament the provision of Union funds towards developing the docks at Simonstown primarily, of course for purposes which will be useful to the Navy in peace and war, but always with a view to these docks being available, to the greatest extent possible, as a South African maritime asset in peace.*

Genl. Smuts het tewens in die vooruitsig gestel dat, onder veranderde wêreldomstandighede, die Britse admiraliteit dit dalk nie meer noodsaaklik sal ag om Simonstad, tensy oorlog sou dreig, as 'n vlootbasis te handhaaf nie. Dan sou die basis heeltemal in die teken van handelsdoeleindes kan staan.

Met die oog hierop kom die Eerste Minister met die volgende voorstelle:

i. Die Unieregering sal 'n passende terrein vir olie-opgaardoeleindes beskikbaar stel en is bereid om hierop, aan die hand van spesifikasies wat deur die Britse admiraliteit verstrek word, twee tenks met elkeen 'n inhoud van 12.000 ton op te rig. Die bou van 'n derde tenk van 12.000 ton kan oorweeg word en olie vir Suid-Afrikaanse handelsdoeleindes of vir die admiraliteit kan hierin opgeslaan word. Genl. Smuts voeg hieraan toe dat die Sekretaris van Verdediging en die Britse admiraliteit hieroor onverwyld kan onderhandel.

ii. Die tweede voorstel betref die voltooiing van die oostelike gedeelte van die werf wat 'n uitgawe van ongeveer R530.000 vereis. Die Unieregering is bereid om dié bedrag, verdeel oor vyf jaar, beskikbaar te stel op voorwaarde dat die bogenoemde, dan selfonderhoudende deel van die basis, vir Suid-Afrikaanse vlootdoeleindes, soos huisvesting van K.M.V.R.-vaartuie, -bemannings, -voorrade e.d.m. en vir opleidingsdoeleindes gebruik word.

iv. Die vraagstuk van die bou van 'n nuwe droogdok te Simonstad moet in dieselfde verband gesien word, maar dit is nog te vroeg om dit tans verder te oorweeg.

v. Ten slotte het genl. Smuts die moontlikheid van oorname van draadloos telegrafie-stasies te Port Nolloth en Jacobs (Durban) van die Britse admiraliteit aangevoer en verklaar dat sekretaris Bourne in Engeland sal agterbly om sekere punte op te klaar en verdere reëlings te tref.

## c. LORD LEE SE ANTWOORD VAN 2 SEPTEMBER 1921

Op 2 September 1921 het lord Lee of Fareham sy antwoord op die skrywe van 2 Augustus 1921 aan genl. Smuts gestuur en, in dieselfde volgorde as waarin laasgenoemde sy vlootstelle opgestel het, verklaar:

i. Met betrekking tot die K.M.V.R.-planne:

> *Experience shows that only fully trained seamen are worth their pay in war. Half trained seamen are useful for local defence and secondary duties, but are ineffective against fully trained men on the high seas. After all, wars are won at sea and not near the coasts.*

ii. Aangaande die mynveërdiens:

> *This is mainly a local service.*

iii. In verband met die hidrografiese werksaamhede:

> *This is a non-fighting service, the necessity for which in regard to South Africa the Admiralty would not have been prepared to put in the forefront of their financial programme.*

iv. Met betrekking tot die opleidingskip „Generaal Botha":

> *The Admiralty will be willing to receive boys trained in this ship into the Navy, provided of course that they are up to the standards of the home Training Ships. The Admiralty will, however, save little money for this proposal, as boys are now trained in England very economically.*

v. Aangaande die voorgestelde uitbreiding, Simonstad:

> *This may be desirable from the general point of view, but the scheme affords no relief to Naval Votes.*

vi. In verband met die olie-opslagplekke, Simonstad:

> *The Admiralty and the British government are much with the assurance which you gave that the Government of South Africa will supply two 12,000 ton tanks for storage, together with the first supply of oil to fill them.*

Lord Lee het, met betrekking tot genl. Smuts se voorstelle as 'n geheel, verklaar dat hulle almal nuttig vir die Unie is, hoofsaaklik omdat hulle daartoe sal bydra om onder 'n klein gedeelte van die Suid-Afrikaners 'n gevoel vir die see aan te kweek.

Met uitsondering van die voorstelle in verband met die olietenks het al die voorstelle te doen met plaaslike verdediging en help hulle geensins om die mobiele gevegsmag van die Britse ryk te versterk nie.

Verder beteken slegs die olietenks en die olie 'n verligting van die Britse vlootuitgawes. Hierteenoor staan dat die jaarlikse bydrae van R170.000 verval.

Dit is, aldus die Britse Minister van Marine, waar dat 'n mate van plaaslike verdediging noodsaaklik vir elke dominium is, maar dergelike maatreëls besit slegs waarde wanneer die verenigde Imperiale vloot sterk en beweeglik is om 'n moontlike vyand te verslaan.

Dan vervolg lord Lee:

> *The safety of South Africa depends primarily on the Main Fleet and, in a future war, South Africa's existence as a Free State may be determined one way or the other by sea operations thousands of miles from her shore. No amount of local defence can save a country that has lost the support of its Main Fleet.*

Hieraan voeg dieselfde skrywer toe dat, ofskoon die Britse admiraliteit gevra is om advies te gee en maatreëls aan te beveel vir die ontwikkeling en ko-ordinasie van onafhanklike vlootmagte vir die dominiums en Indië, die gedagte aan een vloot vir die hele ryk, onder een bevelvoering nog steeds dié ideaal is en dat die Britse admiraliteit nog nooit hiervan afgewyk het nie.

Die minister gaan voort:

> *At the same time, we cannot, of course, question the discretion or responsibility of the Dominions themselves in deciding in what form they can assist, or to what degree they are prepared to approach this ideal to which, as stated, we adhere and which we have expressed on so many occasions.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Nadat lord Lee aan genl. Smuts meegedeel het dat dit jare sal duur voordat 'n land oor 'n doeltreffende seemag beskik en die aandag gevestig het op die drukkende en ondraaglike las wat tans uitsluitend op die skouers van Engeland rus om die Britse vloot vir die beskerming van die Britse ryk in stand te hou, spreek hy sy vertroue dat die voorstel wat warm verwelkom is tydens die Imperiale Konferensie, naamlik die herstelbetalingsgelde wat van Duitsland ontvang word deur die dominiums allereers aangewend sal word om die Britse ryk se sentrale vloot te rekonstrueer, deur die regerings en parlemente van die dominiums goedgekeur sal word.

Indien dit nie gebeur nie, aldus die Minister van Marine in die slotparagraaf van sy skrywe, is daar geen verligting in sig vir die reeds oorbelaste hulpbronne van Engeland nie. Dit is, onder dié omstandighede, moeilik om te sien op watter wyse die Britse posisie ter see gehandhaaf kan word.

Op 3 September 1921 het sekretaris Bourne 'n afskrif van bogenoemde skrywe aan kol. Mentz gestuur en lord Lee se antwoord op 26 September 1921, nadat hy van Engeland in Kaapstad aangekom het, aan genl. Smuts deurgestuur.

### d. DIE SMUTS-LEE-BRIEFWISSELING BEKEND GESTEL?

Na sy terugkeer op Pretoria het sekretaris Bourne op 7 November 1921 aan kommandeur J. G. Bower, D.S.O., van die Britse admiraliteit, meegedeel dat hy hoop om die kabinet te kan oorreed om die Smuts-Lee-korrespondensie in Januarie 1922 aan die Unieparlement voor te lê. In dié verband het hy kommandeur Bower versoek om vas te stel of die Britse admiraliteit geen beswaar hierteen het nie en dan die Hoë Kommissaris te versoek om die uitslag van sy bevindings na Pretoria te telegrafeer. Nadat kommandeur Bower op 12 Desember 1921 aan die Unie se Sekretaris van Verdediging meegedeel het dat daar geen amptelike beswaar teen die publikasie van die amptelike korrespondensie tussen die Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika en die Britse Minister van Marine bestaan nie, het daar voorlopig geen verdere verwikkelinge plaasgevind nie.

Voordat die begroting van die Departement van Verdediging teen die einde van Mei 1922 deur die Volksraad bespreek is,[73] het die Britse Minister van Marine tydens die Washingtonse konferensie die *Colonial Institute* toegespreek en by dié geleentheid verklaar dat die instandhouding van die Britse vloot tydens die Imperiale Konferensie bespreek is en hieraan toegevoeg:

> *. . . Britain had no word of comfort or offer of help from sister nations. On the contrary, Britain was confronted with signs of even more drastic reductions, and even a tendency to demobilise the slender naval forces hitherto maintained. Like "Topsy" they just "growed" but now were just shrinking. That was a tendency which he could only describe as exceedingly disappointing and discouraging to participants in the Imperial Conference.*[74]

Vervolgens het lord Lee of Fareham verklaar dat die Britse vloot die hele Britse ryk moet beskerm en dat die Britse belastingbetaler feitlik al die laste moet dra. Aan hierdie versugting het hy toegevoeg:

> *It was unfair, unwise and impossible of continuance. So long as she could Britain would continue to stagger along under the burden thus imposed, hoping at the same time that the eyes, hearts and pockets of fellow citizens of the Empire would be opened to bring relief before it was too late.*

In *The Star* (Johannesburg) is, in die uitgawe van 15 Mei 1922, 'n hoofartikel aan lord Lee se toespraak en klagtes gewy, in sy misnoeë gedeel en onder meer verklaar:

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

*The Dominions now claim to be something more than "daughters" in mother's house and mistress in their own." They claim to be equal members of one family; but so far they have imperfectly realised the responsibilities involved in the conception of the relations of the Empire.*

Op 26 Mei 1922 het *The Cape Argus* in 'n hoofartikel dieselfde aangeleentheid onder die opskrif *The Naval Scare* aangeroer en, met verwysing na Suid-Afrika, verklaar:

*Certain minor and provisional details appear to have been arranged, such as the dropping of the Union naval contribution on the understanding that the Admiralty would be relieved of a small part of their expenditure in South Arfican waters and a very modest beginning made in the direction of a South African Navy. But the main and really vital appointment of the naval burden was shelved until after the Washington Conference.*

Die skrywer van hierdie hoofartikel verklaar vervolgens dat hy teen die stigting van klein vlote deur die dominiums is omdat hulle, volgens sy mening, te kosbaar en te ondoeltreffend is.

*The adequate naval defence of the Empire demands something more than local units that can be brought together under a central control if danger threatens.*

Lord Lee of Fareham, aldus die skrywer, het die noodsein gehys. Indien die dominiums dié teken wil verontagsaam, moet hulle die onvermydelike gevolge dra. Hulle mag dink dat hulle veilig alle risiko kan dra, maar indien dit die geval is, is dit redelik dat hulle hul standpunt duidelik stel.

In die Volksraad het die Minister van Verdediging, kol. H. Mentz, op 28 Mei 1922 aangekondig dat die toekomstige sterkte van die K.M.V.R. sewe kompanies (1.215) sal wees, wat in oorlogstyd, mynveërs sal bedien.

In die loop van dieselfde dag het Volksraadslid W. Greenacre (Durban-Punt) gevra of die bedrag van R143.898, wat op die begroting vir vlootaangeleenthede vermeld is, voldoende is. Hy het na die Britse uitlating verwys dat die dominiums meer moet bydra en die vraag gestel of die Unie van Suid-Afrika alles in sy vermoë doen wat moontlik is.

Minister Mentz het Volksraadslid Greenacre soos volg geantwoord:

*... he was only dealing with the arrangement arrived at between ourselves and the Admiralty at the last conference, when the whole of the position was discussed. The Admiralty then said that if certain work was done by us here, then that would be satisfactory to both sides. That work was being done by us to the best of our ability.*[75]

Verder is hierdie aangeleentheid nie bespreek nie. Die korrespondensie tussen genl. Smuts en lord Lee het nie ter sprake gekom nie en dit is ook nie nodig of wenslik geag om die inhoud hiervan aan die Volksraad voor te lê nie.

## e. DIE TOESTAND IN OKTOBER 1921

Uit 'n gedeelte van 'n memorandum wat sekretaris Bourne op 18 Oktober 1921 opgestel het en waarvan ongelukkig die eerste bladsy verlore gegaan het, is af te lei dat die Sekretaris van Verdediging tydens sy besprekings met die Britse admiraliteit twee treilers van die Mersey-klas verkry het. Hierdie vaartuie sou van die Ierse kommandement onttrek word. Hulle sou volledig toegerus en van ekstra tuig voor-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

sien word. Van die Unieregering is R7.000 as vergoeding gevra om, teen 'n koste van R6.000, twee soortgelyke vaartuie wat tydelik aan die diens onttrek was, weer volledig uit te rus. Die bedrag van R1.000 sou bestee word om ekstra watertenks en tente op die vir die Unie bestemde mynveër-opleidingsvaartuie aan te bring.

Tewens is besluit dat S.M.S. sloep *Crozier* teen 'n koste van R16.000, aan die Unieregering oorgedra word vir hidrografiese opmetings-werksaamhede. Hierdie bedrag het o.m. boukoste en heruitrustingsuitgawes behels. Verder is kosteloos mynveërtuig (negentien stelle) aan die Unieregering oorgedra.

Die dienste van luitenant-kommandeur Arthur E. Buckland, D.S.O., D.S.C., R.N., 'n deskundige op die gebied van mynveërwerk, is verkry om sekretaris Bourne met die voorlopige reëlings te help, terwyl die Britse admiraliteit toegestem het dat genoemde vlootoffisier vir diens by die Unieregering gesekondeer word om in bevel van die mynveër-afdeling geplaas te word. Luitenant-kommandeur Buckland se soldy, en toelaes sou, vanaf die datum van inskeping (vermoedelik om en by 22 November 1921) deur die Unieregering betaal word.

Ten behoewe van bogenoemde afdeling is die Britse admiraliteit gevra om die volgende personeel aan die Unieregering te leen: Een luitenant (om in bevel van die tweede treiler geplaas te word), twee masjienkamer-vakmanne, onderoffisiere (3e klas), twee stokers (onderoffisiere) en een seiner.

Verder is reëlings getref dat in die Unie se pers die volgende personeel vir die twee treilers aangevra word om die bemanning volledig te kry: Twee onderluitenante, vier baasseemanne, agt bevare seemanne, twee telegrafiste, twee stokers (onderoffisiere), ses stokers, twee kokke en twee kelners.

Die Britse admiraliteit het aanbeveel dat luitenant Scott-Napier, R.N., in bevel van die tweede treiler geplaas word.

In verband met die sloep wat vir hidrografiese werksaamhede verkry is, is afgetrede kommandeur E. Delius, O.B.E., R.N., en luitenant J. Dalgleish, R.N.R., onderskeidelik 'n Kaapstadse assistent-fabrieksinspekteur en bevelvoerder van die skip *Pickle,* albei gekwalifiseerde hidrografiese opmeters, voorlopig aangestel. Kommandeur Delius was op dié tydstip op pad na Engeland om S.M.S. *Crozier* te haal en dus reeds in diens. Verder was dit die bedoeling om luitenant Dalgleish as navigasie-offisier en tweede in bevel van die opmeting-sloep aan te stel en in bevel van die vissery-navorsing te plaas.

Die volgende personeel sou nog vir S.M.S. *Crozier* benodig word: Een luitenant-opmeter (3e of 4e klas), een dek-eerste onderoffisier, een dek-onderoffisier, een seiner, een hoof-masjienkamervakman, drie masjienkamer-vakmanne (onderoffisiere), een hoofstoker (onderoffisier), vier baasstokers, een bevare seeman (baastorpedoman). Bostaande personeel moet, aldus die memorandum van 18 Oktober 1921, deur bemiddeling van die Britse admiraliteit verkry word, terwyl die volgende personeel, om die bemanning te voltooi, in Suid-Afrika aangeneem moet word: Een onderluitenant, een vuurwerktegnikus (adjudant-offisier), twee baasseemanne, nege bevare seemanne, een telegrafis, drie baasstokers, negentien stokers, twee kokke, drie kelners.

Sekretaris Bourne deel verder onder meer mee dat hy alles in sy vermoë gedoen het om die uitgawes onder R45.000 te hou en vermeld tewens dat, onderhewig aan goedkeuring deur die Uniekabinet, deur die Eerste Minister van die Unie en die Britse Minister van Marine besluit is dat die Suid-Afrikaanse bydrae van R170.000 tot die Britse vloot met ingang van 1 April 1922 sal verval en dat die Unieregering onderneem om, behalwe die lopende uitgawes ten opsigte van die K.M.V.R., dieselfde bedrag aan plaaslike vlootdoeleindes te bestee. Eersgenoemde uitgawes sal jaarliks ongeveer R200.000 bedra.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Hierdie totaal is soos volg uiteengesit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| i. | K.M.V.R. (sewe kompanies) | | R 31.400 |
| ii. | Mynveër-afdeling (400 man) | | |
| | Instandhouding | R40.000 | |
| | Aankoop van een-en-twintig stelle veegerei teen R400 elk | R 8.400 | R 48.400 |
| iii. | Hidrografiese opmetingsdiens | | |
| | Instandhouding | R76.000 | |
| | Aankoop van voorrade | R16.000 | R 92.000 |
| iv. | Opleidingskip „Generaal Botha," instandhoudingskoste | | R 30.000 |
| | | Totaal | R201.800 |

Ten opsigte van die vlootbasis op Simonstad is, onderhewig aan goedkeuring deur die Unieregering, besluit dat laasgenoemde 'n program van kapitaaluitgawe, versprei oor vyf jaar, sal uitvoer om die aldaar bestaande geriewe vir oorlogsvloot- en koopvaardy-doeleindes te ontwikkel. Dit sal in totaal ongeveer R720.000, verdeel oor vyf jaar, kos. By hierdie bedrag moet R192.000 bygetel word om die eerste olievoorraad van 24.000 ton aan te koop wat, ten behoewe van die Britse admiraliteit, in twee tenks opgeslaan moet word.

Op hierdie wyse het die Suid-Afrikaanse vlootuitbreiding sy beslag gekry. Dat dit moontlik was en dit ten spyte van die opposisie deur die Britse Minister van Marine en die feit dat dit in stryd met die Britse beleid was, is o.a. toe te skrywe aan genl. J. C. Smuts se vasberadenheid om sy eie koers te volg en nie die langdurige, nie altyd suiwer doelgerigte, voorbereidende werksaamhede van sekretaris sir Ronald Bourne nie. Dié gebrek aan doelgerigtheid is allereers toe te skrywe aan die onvoldoende mate van advies wat van Britse amptelike kant ontvang is op 'n tydstip waarop daar, in laasgenoemde kringe, ook na 'n beleid gesoek is.

# 7

# VAARTUIE EN PERSONEEL VIR DIE S.A. SEEDIENS

## a. NAAMGEWINGSVRAAGSTUKKE

Terwyl die Unie se Sekretaris van Verdediging, sir Roland Bourne, nog in Londen vertoef het, het hy op 1 September 1921, onder die hofie „Naming Vessels for South African Naval Service," 'n amptelike skrywe aan die waarnemende Minister van Verdediging (P. Duncan) te Pretoria gerig in verband met die drie Britse vaartuie wat vir die beoogde Suid-Afrikaanse Seediens bedoel was en na die Unie gestuur sou word.

Minister H. Mentz het, na aanleiding van 'n memorandum, wat op 30 Augustus 1921 deur die Sekretaris van Verdediging aan hom gerig is, op die toekomstige name van die drie vaartuie, t.w. die opmetingsloep S.M.S. *Crozier,* en die treilers S.M.S. *Eden* en S.M.S. *Foyle* (bedoel as mynveër-opleidingsvaartuie) ingegaan.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

[illegible]

Pretoria

The Minister of Defence.

SECRETARY FOR DEFENCE AT CAPE TOWN
20 JUL 1922

Naming of Vessels of South African Navy.

It has been definitely decided to call the Crozier = "Protea" Eden = "Immortelle" (I think that is the spelling for 'Everlasting') Foyle : Sonnebloem Sonneblom.

It is desirable that Cabinet should arrive at some conclusion on this subject before very long.

Attached is a copy of a minute I addressed under your instructions to Mr. Duncan while he was acting Minister of Defence. Cabinet, however, decided not to proceed with the naming of the three vessels in your absence. The trawlers will have to be commissioned on the 1st July and the Survey Sloop probably not later than the 1st October. But as the naming should be known several weeks before commissioning in order to have cap badges and other lettering carried out, I hope that a decision will be come to before the end of the month.

24 JUL 1922

I attach copy of a minute I addressed to you on the 30th August, conveying some suggestions made by the Naming Branch of the Admiralty.

H. R. M. Bourne
Secretary for Defence.

Cape Town.
11th April, 1922.

L.H.

This letter deals with the namegiving of the first three ships of the former South African Naval Service. In the margin appears the decision of the then Minister of Defence, the Honourable Col. H. Mentz, D.T.D.
Photograph: *Military Historical and Archival Services,* Pretoria.

In hierdie skrywe is die naamgewing van die eerste drie skepe van die toenmalige Suid-Afrikaanse Seediens behandel. In die kantlyn die toenmalige Minister van Verdediging, Sy Edele kol. H. Mentz, D.T.D., se besluit.
Foto: *Militêr-Historiese en Argivale Dienste,* Pretoria.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op grond van 'n wenk wat die Unie se Sekretaris van Verdediging van die hoof van die naamgewingstak van die Britse admiraliteit ontvang het, het eersgenoemde voorgestel dat die drie vaartuie genoem moet word na belangrike Suid-Afrikaanse stede; riviere of provinsies; Nederlandse of Britse ontdekkingsreisigers of goewerneurs wat met Suid-Afrika in verband staan; opperbevelhebbers van die vlootbasis Suid-Afrika; vooraanstaande Suid-Afrikaanse staatsmanne, of skepe wat met die geskiedenis van Suid-Afrika te doen het.

Op grond van drie van die vyf bogenoemde groepe is onderskeidelik die volgende name voorgestel:

(a) *Jan van Riebeeck, Simon van der Stel, Elphinstone.*

(b) *Keppel,*[75] *Richards,*[77] *Charlton,*[78] *Fitzherbert.*[79]

(c) *Penelope, Merchant Royal, Edward Bonaventure,*[80] *Reiger, Dromedaris, Goede Hoop.*[81]

Sekretaris Bourne het as toekomstige name vir die Britse treilers *Van Riebeeck* en *Elphinstone* en, vir die opmetingsloep, *Goede Hoop* aanbeveel.

Minister Mentz het, op sy beurt, vir die sloep die naam *Pretorius* en vir die treilerrs die name *Elphinstone* en *Potgieter* in gedagte gehad.

Die naamgewingaspek van die drie vaartuie het voorlopig bly rus, maar wel is deur die Sekretaris van Verdediging in dieselfde skrywe verklaar dat, voorafgaande aan die toekomstige skeepsname, die aanduiding „His Majesty's South African Ship," gebruik moet word.

Op 28 September 1921 het die kabinet op Pretoria besluit om die herbenaming van die vaartuie tot na hul aankoms in die Unie van Suid-Afrika uit te stel.

Op 25 Mei 1922 het die Sekretaris van Verdediging, nadat hy op 11 April 1922 in 'n skrywe van die Minister van Verdediging verklaar het dat die treilers op 1 Julie 1922 en die sloep vermoedelik nie later as 1 Oktober 1922 nie in diens geneem sal word, weer 'n aantal nuwe naamgewing-voorstelle aan Minister Mentz voorgelê.

Aangesien die treilers tot die sogenaamde Mersey-klas behoort en hul name aan Britse riviere ontleen is, het die Sekretaris van Verdediging die Suid-Afrikaanse riviername *Vaal* en *Orange* of *Vaal* en *Limpopo* voorgestel.

Waar S.M.S. *Crozier* se naam aan 'n blom ontleen is, het sekretaris Bourne twee name, ontleen aan die Suid-Afrikaanse flora, naamlik *Protea* of *Disa*, voorgestel. Op 2 Junie 1922 het Minister Mentz aangeteken: *Crozier*—'*Protea*.' *Eden* — '*Immortelle*.' *Foyle* — '*Sonneblom*.' Twee weke later is, nou van Simonstad, versoek om die herdopingsplegtigheid van S.M.S. *Foyle* en S.M.S. *Eden* nog ses maande uit te stel. Dan sou die twee vaartuie in 'n goeie toestand verkeer en skoon wees, terwyl die bemannings opgelei sou wees en hul korrekte uniforms sou dra, tewens sou dan die letters U.D.F. en U.V.M., onderskeidelik *Union Defence Force* en *Unie Verdedigings Mag* gereed wees.

Op 26 Julie 1922 het brigadier-generaal A. J. E. Brink, hoof van die Generale Staf van die Unieverdedigingsmag, die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. in kennis gestel dat die Minister van Verdediging besluit het dat die name *Crozier, Eden* en *Foyle* deur *Protea, Immortelle* en *Sonneblom* vervang sal word.

Op 7 November 1922 het die kabinet in 'n diensbrief die Goewerneur-generaal versoek om bogenoemde besluit aan die kommissarisse van die Britse admiraliteit mee te deel en op 2 Desember 1922 het die volgende mededeling in die Britse *Army, Navy and Air Force Gazette*[82] verskyn:

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

> *SOUTH AFRICAN SHIPNAMES*
>
> *The three ships presented last year to the South African Naval Force have all received new names which connect them direct with the Union. The surveying vessel Crozier, so called after a well-known naval hydrographer has become the "Protea," a name apparently taken from a small tree or shrub which is to be found in South Africa; and the trawlers Eden and Foyle, in place of these names of English and Irish rivers, will be known as the Sonneblom, or Sunflower, and Immortelle, or everlasting flower. It is curious that all three ships have had their names changed before. The Crozier was originally a twin-screw minesweeper of the later "HUNT" class, called first the "Ventor" and then the "Verwood," and the Eden and Foyle were known as "Thomas Johns" and "John Edmund," belonging to a class of Admiralty trawlers which were named from a list of able and ordinary seamen, who, according to her muster roll, fought in the victory of Trafalgar.*

In Oktober 1922 was daar reeds amptelike goedkeuring verkry om die nuwe name op die mynveërs en die boeie van die drie vaartuie aan te bring en om koperletters vir die opmetingsloep te verkry teen 'n koste van nie meer as R40 nie. Aanvanklik is 10 Februarie 1923 as 'n datum vir die herdopingseremonie van die vaartuie voorgestel. Daarna is besluit om die plegtigheid op 24 Maart 1923 in die Kaapstadse hawe te hou, maar op 9 Maart 1923 is besluit om die funksie vir 'n onbepaalde tyd uit te stel.

Op 20 Februarie 1923 het brigadier-generaal A. J. E. Brink finansiële magtiging aangevra by die Tesourie om R200 vir ververings en ander toevallige uitgawes in verband met die funksie te kan uitgee. Aangesien die Tesourie dié bedrag nie beskikbaar kon stel nie, het S.M.S.A.S. *Protea*, S.M.S.A.S. *Immortelle* en S.M.S.A.S. *Sonneblom*, vroeër bekend as S.M.S. *Crozier*, S.M.S. *Eden* en S.M.S. *Foyle*, sonder 'n herdopingsplegtigheid diens in Suid-Afrikaanse waters aanvaar.

Aan die begin van die Suid-Afrikaanse Seediens staan dan, saam met bogenoemde feite, die volgende sinsnedes uit 'n amptelike skrywe van 2 Maart 1923 van die Sekretaris van Finansies aan die Hoof van die Generale Staf van die Unieverdedigingsmag:

> *I beg to inform that the Minister of Finance does not consider that, at a time like the present when every effort is being made to effect economies in the public service, any expenditure should be incurred upon such a function as the re-naming of survey and minesweeping ships. In the circumstances, Mr. Burton regrets that he is unable to approve of the proposed expenditure.*

### b. DIE DRIE VAARTUIE KOM IN DIE UNIE AAN

Terwyl die naamgewing van die eerste toekomstige vaartuie van die in wording synde Suid-Afrikaanse Seediens 'n onderwerp van bespreking gevorm het, is S.M.S *Foyle*, S.M.S. *Eden* en S.M.S. *Crozier* vir die uitreis na die Unie van Suid-Afrika in gereedheid gebring.

Aan die eerste verslag aangaande die twee treilers en die sloep, wat op 28 September 1921 opgestel is, is die volgende besonderhede ontleen:

i. S.M.S. *Foyle* en S.M.S. *Eden* was vir herstel- en opknappingswerk op die skeepswerf en 'n lys ten opsigte van wysigings is vir goedkeuring aan die Britse admiraliteit gestuur.

ii. Soortgelyke werksaamhede het, met betrekking tot S.M.S. *Crozier* begin en op 5 November 1921 sou hierdie vaartuig gereed wees.

iii. Die volgende gesagvoerders is aangewys om die vaartuie na Suid-Afrika oor te bring: S.M.S. *Foyle,* luitenant-kommandeur A. E. Buckland, D.S.O., S.M.S. *Eden,* luitenant Lawrence R. Scott Napier, D.S.O., S.M.S. *Crozier,* kommandeur E. Delius, O.B.E.[83]

Die Britse admiraliteit het gehoor gegee aan 'n versoek om bogenoemde offisiere vir die duur van die reis beskikbaar te stel.

Verder is vir S.M.S. *Foyle* 'n onderluitenant of 'n onderoffisier, vir S.M.S. *Eden* dieselfde personeel en vir S.M.S. *Crozier* 'n onderluitenant of 'n onderoffisier en 'n vuurwerktegnikus beskikbaar gestel.

'n Hidrograaf, om in bevel van die hidrografiese opmetingswerk te wees, was op dié datum nog nie beskikbaar nie, terwyl 'n medikus nie as noodsaaklik vir die uitreis beskou is nie.

Luitenant Napier is tot 17 Oktober 1921 met die toesig oor die werksaamhede ten behoewe van S.M.S. *Foyle* en S.M.S. *Eden* belas, terwyl kommandeur Delius, wat op 24 Oktober 1921 in Engeland sou aankom, 'n wakende oog oor S.M.S. *Crozier* sou hou.

iv. Die drie vaartuie sou onder die Britse vlootvlag na Simonstad vaar en manskappe sou van die Britse vloot geleen, of gewerf word. Ook is aan Suid-Afrikaanse burgers wat in Engeland was en vervoer benodig het, die moontlikheid gebied om as stokers of kokke sonder vergoeding na die Unie terug te keer. Gedeeltelik sou lede van die Suidelike Afdeling van die R.N.V.R. as bemanningslede geneem word.[84]

Voorlopig is bepaal dat die vertrekdatums van die skepe 7 en 10 November sou wees. Die twee treilers sou gesamentlik en S.M.S. *Crozier* op sy eie die uitreis aanvaar. Tot Walvisbaai sou die Britse admiraliteit reëlings in verband met die verkryging van steenkool, water en proviand tref, terwyl die opperbevelhebber van die Afrikastasie (Simonstad) ten opsigte van laasgenoemde aanloophawe die nodige voorsiening sou maak.

Luitenant-kommandeur Arthur E. Buckland, D.S.O., D.S.C. het, aan die slot van sy verslag, die volgende, voorlopige reisroetes vermeld.

| | *Treilers* | *Opmetingskip* |
|---|---|---|
| Vertrek Plymouth ...... ...... ...... ...... | 10 November 1921 | 10 November 1921 |
| Aankoms Maderia ...... ...... ...... ...... | 16 November 1921 | 14 November 1921 |
| Vertrek Madeira ...... ...... ...... ...... ...... | 18 November 1921 | 16 November 1921 |
| Aankoms Sierra Leone ...... ...... ...... | 26 November 1921 | 22 November 1921 |
| Vertrek Sierra Leone ...... ...... ...... ...... | 29 November 1921 | 25 November 1921 |
| Aankoms Lagos ...... ...... ...... ...... ...... | | 29 November 1921 |
| Vertrek Lagos ...... ...... ...... ...... ...... | | 1 Desember 1921 |
| Aankoms St. P. de Loanda ...... ...... | | 5 Desember 1921 |
| Vertrek St. P. de Loanda ...... ...... ...... | | 7 Desember 1921 |
| Aankoms Walvisbaai ...... ...... ...... ...... | 11 Desember 1921 | 10 Desember 1921 |
| Vertrek Walvisbaai ...... ...... ...... ...... | 15 Desember 1921 | 15 Desember 1921 |
| Aankoms Kaapstad ...... ...... ...... ...... | 19 Desember 1921 | 19 Desember 1921 |
| Vertrek Kaapstad ...... ...... ...... ...... | 19 Desember 1921 | 19 Desember 1921 |
| Aankoms Simonstad ...... ...... ...... ...... | 20 Desember 1921 | 20 Desember 1921 |

Op 9 November 1921 het luitenant-kommandeur Arthur E. Buckland, D.S.O., D.S.C., sy sewende, d.w.s. sy finale vorderingsverslag opgestel waaraan die volgende gegewens ontleen is:

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

i. Die drie vaartuie sou op 12 November 1921 gereed kom vir die uitreis.

ii. Die volgende Britse vlootoffisiere is vir die uitreis verkry:

S.M.S. *Foyle*
— Luitenant-kommandeur A. E. Buckland, D.S.O., D.S.C., luitenant Cooper (aflos vir S.M.S. *Dublin)*, bootsman A. H. Harris (uitsluitend vir die uitreis).

S.M.S. *Eden*
— Luitenant L. R. Scott Napier, D.S.O., bootsman P. Smith (uitsluitend vir die uitreis).

S.M.S. *Crozier*
— Kommandeur E. Delius, luitenant-kommandeur Trepess (aflos vir S.M.S. *Afrikander)*, bootsman (aflos vir S.M.S. *Dublin)*, masjinis T. Davison (uitsluitend vir die uitreis).

iii. *Bemannings.* Soos volg saamgestel: Bemanninglede wat vir 'n tydperk van drie jaar aan die Unieregering geleen is, aflossings van S.M.S. *Thistle,* 'n paar lede van die aflosbemanning van S.M.S. *Dublin,* drie kokke en vyf kelners van die Suidelike afdeling R.N.V.R.[85]

iv. In verband met die indiensneming van die vaartuie is 15 November 1921 as datum van indiensneming vasgestel, terwyl 'n proefvaarte op 18 November, kompas- en stoomtoetse op 19 November, 'n inspeksie op 21 November, die laai van steenkool op 22 November en die vertrek vanuit Plymouth op 23 November bepaal is.

v. Die uitreis is diensooreenkomstig soos volg uitgewerk:

| | *S.M.S. Crozier* | *Treilers* |
|---|---|---|
| Vertrek Plymouth ...... ...... ...... ...... | 23 November 1921 | 23 November 1921 |
| Aankoms Madeira ...... ...... ...... ...... | 27 November 1921 | 29 November 1921 |
| Vertrek Madeira ...... ...... ...... ...... ...... | 29 November 1921 | 1 Desember 1921 |
| Aankoms Sierra Leone ...... ...... ...... | 5 Desember 1921 | 9 Desember 1921 |
| Vertrek Sierra Leone ...... ...... ...... ...... | 8 Desember 1921 | 12 Desember 1921 |
| Aankoms Lagos ...... ...... ...... ...... ...... | 12 Desember 1921 | |
| Vertrek Lagos ...... ...... ...... ...... ...... | 14 Desember 1921 | |
| Aankoms St. P. de Loanda ...... ...... | 18 Desember 1921 | |
| Vertrek St. P. de Loanda ...... ...... ...... | 20 Desember 1921 | |
| Aankoms Walvisbaai ...... ...... ...... ...... | 23 Desember 1921 | 24 Desemberr 1921 |
| Vertrek Walvisbaai ...... ...... ...... ...... | 28 Desember 1921 | 28 Desember 1921 |
| Aankoms Kaapstad ...... ...... ...... ...... | 1 Januarie 1922 | 1 Januarie 1922[85] |

c. PERSONEELAANGELEENTHEDE

Die eerste aanduiding dat pogings aangewend is om personeel vir die toekomstige Suid-Afrikaanse Seediens te werf, is te vind in 'n advertensie van 17 Oktober 1921, waarin-onder die opskrif *Permanent Force — Royal Naval Volunteer Reserve* (South African *Division*) — applikasies gevra is vir die poste van offisiere en bemanningslede vir die opmetingsloep en die twee mynveërs-treilers wat vroeër of later uit Engeland verwag is.

Die volgende poste, waaraan die ondervermelde soldy en toelaes verbind was, is geadverteer:

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| | Getroud Tarief per dag s | d | Ongetroud Tarief per dag s | d |
|---|---|---|---|---|
| 1 Luitenant | 37 | 6 | 31 | 10 |
| 3 Onderluitenante | 30 | 0 | 23 | 4 |
| 1 Vuurwerktegnikus | 39 | 8 | 29 | 10 |
| 2 Onderoffisiere-stokers | 26 | 8 | 17 | 0 |
| 6 Baasseemanne | 21 | 8 | 12 | 3 |
| 18 Bevare seemanne | 19 | 5 | 10 | 1 |
| 3 Telegrafiste | 20 | 5 | 11 | 1 |
| 3 Baasstokers | 23 | 2 | 13 | 9 |
| 27 Stokers | 20 | 5 | 11 | 1 |
| 4 Kokke | 20 | 5 | 11 | 1 |
| 5 Kelners | 20 | 5 | 11 | 1 |

Van suksesvolle applikante is vereis om vir 'n tydperk van drie jaar, met verlengings, by die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. aan te sluit. Verder is onder meer vermeld dat aansoeke aan die Sekretaris van Verdediging, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria gerig moet word en nie later as 15 November 1921 nie, in sy besit moet wees.

Aanvanklik is, op grond van beskikbare gegewens altans, nie verder op hierdie aangeleentheid ingegaan nie, maar wel is daar, na aanleiding van die Unieregering se voorneme om vir die tydperk personeel van die Britse vloot ten behoewe van die twee treilers en die opmetingsloep te leen, pogings aangewend om — met 'n ooreenkomsvorm van Nieu-Seeland en die Britse vloot as 'n voorbeeld — 'n passende patroon vir die toekomstige Suid-Afrikaanse Seediens se personeel te vind wat van die Britse vloot geleen sou word.

Voordat S.M.S. *Foyle,* S.M.S. *Eden* en S.M.S. *Crozier* te Simonstad aangekom het, is daar korrespondensie aangaande personeelaangeleenthede tussen die Hoof van die Generale Staf, die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. (Simonstad) en die Sekretaris van Verdediging oor personeelaangeleenthede gewissel.

Op 6 Desember 1921 het laasgenoemde na aanleiding van 'n bespreking tussen die opperbevelhebber van die Britse vloot (Afrika) te Simonstad en die Unie se waarnemende Minister van Verdediging onder meer ooreengekom dat vise-admiraal Goodenough vir kommandeur N. H. Rankin, die diensdoende kommandeur-instrukteur van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. as hoof van die vergrote K.M.V.R.-organisasie sal aanbeveel.

Terselfdertyd is, as 'n dringende aangeleentheid, die stigting van 'n *hoofkwartier* van hierdie organisasie bespreek.[88]

Op 29 Mei 1922 is, in bogenoemde verband, die volgende voorstelle deur vise-admiraal Goodenough aan die Goewerneur-generaal voorgelê:

i. Kommandeur N. H. Rankin word aanbeveel as hoof van die uitgebreide K.M.V.R.

ii. Mnr. H. H. Williams word, in die rang van onderluitenant, *as sekretaris van die kommandeur aanbeveel.*

iii. Mnr. P. B. Smuts word, in dieselfde rang, as betaalmeester aanbeveel.

Tewens is, by dieselfde geleentheid, luitenant-kommandeur J. Dalgleish as tweede offisier in bevel van die *Crozier* aanbeveel.[89]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| Pos | Rang of graad | Bekleër van pos | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 1 Bevelhebber | Kommandeur | H. N. Rankin[91] | |
| 1 Sekretaris van bevelhebber | Onderluitenant (2e graad) | H. H. Williams[92] | Tydelike klerk |
| 1 Betaalmeester | Onderluitenant | P. B. Smuts[93] | 2e graad klerk |
| 1 Eerste onder-offisier (proviand) | Eerste onder-offisier | W. G. Nunn[94] | Sersant-Kwartier-meester Z.A.B.S. |
| 1 Skrywer | Skrywer, 2e klas | A. H. Prescott[95] | Tydelike manlike klerk (tikwerk) |
| 1 Klerikale assistent | Tydelike klerk | R. Leech | Tydelike klerk |
| 1 Deeltydse tikster | Tydelike tikster (Kaapstad) | Mev. I. Steele-May | Deeltydse tikster |

Met hierdie aanstellings, waarvan dié van kommandeur Rankin en onderluitenant H. H. Williams van 1 April 1922 dateer, word gereken dat die Suid-Afrikaanse Seediens sy verskyning in ons militêre geskiedenis, en in die besonder van ons vlootgeskiedenis, sy verskyning gemaak het.

Op dieselfde tydstip was die volgende poste, met betrekking tot die *Algemene Diens-afdeling,* die *Mynveërafdeling,* die *Hidrografiese opmeting- en visserynavorsing-afdeling* reeds gedeeltelik gevul.

In onderstaande tabel is, ten einde 'n oorsig van die uitbreiding te gee wat ten opsigte van die bestaande K.M.V.R.-organisasie beoog is, sowel die gevulde poste as die ongevuldes aangedui.

*Algemene Diens-afdeling*

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 1 Offisier-instrukteur | Luitenant (10 maande) | W. Lamerton | Eerste onder-instrukteur |
| | ,, | T. A. Rogers | ,, |
| | ,, | W. A. Wheeler | ,, |
| | ,, | H. H. Whitty | ,, |
| 2 Opsigters | Opsigter | C. Millhouse | Loods-opsigter |

*Mynveër-afdeling*

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 1 Luitenant-kommandeur | Luitenant-kommandeur | A. E. Buckland | Luitenant-kommandeur |
| 1 Luitenant | Luitenant | L. R. S. Napier | Luitenant |
| 2 Onder-luitenante | Onderluitenant | | |

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 2 Onder-offisiere | Onderoffisiere | B. J. Thomas | Onderoffisier |
| | ,, | L. J. Maxwell | |
| 2 Baasseemanne | Baasseeman (9 maande) | | |
| | Baasseeman (9 maande) | | |
| 1 Baasseiner | Baasseiner | H. F. Evans | Baasseiner |
| 1 Seiner | Seiner | M. C. Ind | Seiner |
| 4 Bevare seemanne | Bevare seeman | T. Niehaus | Siviele bevare seeman |
| | ,, | W. Tourell | ,, |
| | ,, | T. Fraser | ,, |
| 2 Gewone seemanne | Gewone seeman (9 maande) | A. Ashenden | |
| | Gewone seeman (9 maande) | J. Barnard | |
| 2 Masjienkamer-vakmanne | Masjienkamer-vakman | J. N. Hays | Masjienkamer-vakman (2e klas) |
| | ,, | A. F. Carter | Masjienkamer-vakman (2e klas) |
| 2 Stoker-onder-offisiere | Stoker-onder-offisier | J. Edgecombe | Stoker-onder-offisier |
| 6 Stokers | Stoker | W. Payne | Siviele stoker |
| | ,, | R. Holmes | ,, |
| | Stoker (9 maande) | H. G. Meeser | |
| 2 Kokke | Kok | P. T. Holmes | Siviele kok |
| | Kok (9 maande) | | |
| 2 Kelners | Kelner | J. G. White | Siviele kelner |
| | Kelner (9 maande) | | |

*Hidrografiese opmeting- en visserynavorsing*

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 1 Luitenant-kommandeur (in bevel) | Luitenant-kommandeur | | |
| 1 Luitenant-kommandeur | Luitenant-kommandeur | J. Dalgleish | |
| 2 Luitenante | Luitenant | | |
| | Luitenant (6 maande) | | |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 2 Onder-luitenante | Onderluitenant (6 maande) | | |
| | Onderluitenant (6 maande) | | |
| 1 Eerste onder-offisier | Eerste onder-offisier | A. J. McLeod | Eerste onder-offisier |
| 1 Netmaker eerste onder-offisier | Eerste onder-offisier | | |
| 3 Onder-offisiere | Onderoffisier | S. J. Gribble | |
| | „ (6 maande) | | |
| | „ (6 maande) | | |
| 3 Baasseemanne | Baasseeman (6 maande) | | |
| | Baasseeman (6 maande) | | |
| | Baasseeman (6 maande) | | |
| 18 Bevare seemanne | Bevare seeman | R. S. Staines | Bevare seeman |
| | „ | F. Hyde | Siviele bevare seeman |
| | „ (6 maande) | F. H. Edmonds | „ |
| | „ (6 maande) | J. H. Whelan | „ |
| | „ t/m 14 (6 maande) | | |
| 1 Telegrafis | Telegrafis (6 maande) | t/m 18 | |
| 1 Seiner | Seiner | G. J. Helmer | Seiner |
| 1 Adjudant-masjinis | Adjudant-masjinis (6 maande) | | |
| 1 Eerste masjien-kamervakman | Eerste masjien-kamervakman | T. A. Stride | Eerste masjien-kamervakman |
| 3 Masjienkamer-vakmanne | Masjienkamer-vakman | W. Taylor | Masjien-kamervakman |
| | „ | J. H. Davis | „ |
| | „ (6 maande) | | |
| 1 Hoofstoker | Hoofstoker | W. Isaac | Hoofstoker |
| 6 Stoker-onder-offisiere | Stoker-onder-offisier | B. Berry | Stoker-onder-offisier |
| | „ | A. V. Dash | „ |
| | „ | D. H. Jones | „ |
| | „ | J. Moxey | |
| | Stoker-onder-offisier | W. Pill | |
| | | A. Rushbridge | |
| | „ | | |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

| Pos | Rang of graad | Naam van bekleër | Rang van bekleër |
|---|---|---|---|
| 4 Baasstokers | Baasstoker | J. Cash | Baasstoker |
| | ,, | W. H. Crook | ,, |
| | ,, | J. Newman | ,, |
| | ,, | A. Sutton | ,, |
| 19 Stokers | Stoker | T. McDonald | Siviele stoker |
| | ,, | W. C. Pirie | ,, |
| | ,, | W. F. Theys | ,, |
| | ,, (6 maande) | | |
| | ,, (6 maande) | | |
| | t/m 19 | | |
| 1 Skeepstimmerman | Skeepstimmerman | W. C. Dowling | Tydelike skeepstimmerman |
| 1 Smid | Smid | | |
| 1 Dokter | Luitenant-kommandeur | | |
| 1 Siekeboeg-oppasser | Siekeboeg-oppasser (6 maande) | | |
| 1 Skrywer | Skrywer, 2e klas (6 maande) | | |
| 1 Baasproviand-assistent | Baasproviand-assistent (6 maande) | | |
| 1 Baaskok | Baaskok | | |
| 1 Kok, 3e klas | Kok, 3e klas (6 maande) | C. E. Young | Siviele kok |
| 2 Offisiers-kelners | Kelner, 2e klas | | |
| | Kelner, 2e klas (6 maande) | | |
| 2 Offisiers-kelners | Kelner, 3e klas | A. C. Basden | Siviele kelner |
| | Kelner, 3e klas (6 maande) | | |

Ten einde die bemannings van die twee treilers vir die mynveër-afdeling op sterkte te bring, het die Minister van Verdediging reeds gedurende die eerste helfte van Mei 1922 die gedagte uitgespreek om 'n keurraad, bestaande uit kommandeur Rankin, luitenant-kommandeur Buckland en kaptein L. Beyers,[96] Staande Mag (Staf), in die lewe te roep om die bestaande personeeltekort aan te vul.

Op 5 en 6 Junie 1922 het hierdie keurraad wat in die Kasteel, Kaapstad, vergader het, sy keuse op onderluitenant F. J. S. Stokes, baasseemanne A. H. Godsmark en H. Brandon; bevare seemanne T. Niehaus, T. Fraser, W. Tourell en V. Grundy; gewone seeman J. Barnard, stokers L. Worroll, F. Beeton, S. A. J. Roos, H. G. Meeser, R. H. J. Holmes en W. Pirie; kelner A. C. Baxter en kok P. T. Holmes laat val.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 24 Junie 1922 het luitenant-kommandeur Buckland berig dat die finale keuse van die keurraad die volgende was: Onderluitenante: F. J. S. Stokes en S. L. Patterson, baasseemanne A. H. Godsmark en H. Brandon, bevare seemanne: W. T. Shutte, T. Fraser, V. R. B. Grundy en W. Tournell; gewone seemanne: J. Barnard en F. V. Smith; stokers H. G. Meeser, R. H. J. Holmes, W. C. Price, F. Beeton, L. Worroll en S. A. J. Roos; kelners A. C. Baxter en D. J. W. van der Mescht; kokke P. T. Holmes en F. G. Allchin.

Met betrekking tot die S.M.S.A.S. *Protea* het die keurraad op 17 Oktober 1922 in 'n skrywe aan die Hoof van die Generale Staf vermeld dat die vise-admiraal omtrent die volgende aanstellings saamstem: Luitenant Humphrey McMaster, luitenant Thomas Marmaduke Goddard en mnr. Edwin la Chard (vuurwerktegnikus, onder-offisier).

Kort daarna, op 31 Oktober 1922, het die raad waarnemende onderluitenant (op proef) Eric Louis Esselen as 'n verdere offisier van S.M.S.A.S. *Protea* aanbeveel. Hierdie aanbeveling is voorgelê nadat die keurraad in September 1922 onderhoude met applikante in Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria, Durban, Oos-Londen en Port Elizabeth gereël het.

Op grond hiervan is op 27 September 1922 die volgende bemanningslede vir S.M.S.A.S. *Protea* uitgesoek en vir aanstelling voorgedra: Masjienkamervakkundige: C. R. Thatcher, baasseemanne: A. S. W. Heasman, H. J. Leach; bevare seemanne: C. Graham, C. F. Schiferli, W. C. Bunnage, R. F. Attwell, G. F. Bond, S. J. D. van Zyl, W. L. Jenkins, P. H. v. R. Havenga, J. N. Thompson; gewone seemanne: S. Quirk, P. D. Horne, J. L. Ramsay; baasstoker: T. McDonald; stokers: F. W. Theys, A. A. L. Smith, L. H. H. Jeppe, F. G. Andrews, J. J. Victor, J. J. Farrell, A. J. Humphry, P. Smith, T. Winsip, C. M. du Toit, H. G. Dahl, G. S. Lock, C. M. Shephard; kelner (2e klas): J. G. White; kelners (3e klas): J. Hennesy, L. C. Lowenburg, P. R. Brindley; kok: H. Smith; skrywer (2e klas): A. M. Nicholson; proviandkelner: V. Desvages; siekeboeg. Die keurraad het tydens sy besoek aan die onderskeie sentrums (9 September 1922-26 September 1922) daarin geslaag om 'n aantal bemanningslede te werf. Die keurraad het in totaal 953 aansoeke ontvang en altesame 267 applikante (offisiere en manskappe) vir onderhoude laat kom. Van laasgenoemde aantal het twee-en-sewentig nie opgedaag nie. In totaal is 195 applikante medies ondersoek en van hulle is drie-en-negentig medies ongeskik verklaar, terwyl vyftig applikante hul aansoeke teruggetrek het.

Die keurraad was, afgesien van die mediese aspek, nie tevrede met die resultate nie en die voorsitter, sowel as die twee lede, het dit veral toegeskryf aan die feit dat die soldy nie aantreklik genoeg was nie.

In die eerste advertensie wat in Oktober 1921 in die pers verskyn het, was hoër besoldigings aangekondig as in latere oproepings vir gegadigdes. 'n Belangrike faktor was ook aldus die raad, dat 'n groot aantal applikante sonder werk was en as gevolg hiervan aansoek gedoen het. By hulle was geen wesentlike begeerte aanwesig om see toe te gaan nie.

Andersyds was daar geen gebrek aan ervare en geskikte applikante om luitenante-, masjienkamer- en kelnerposte te vul nie.

Die klein aantal beroeps-seelui onder die applikante was kenmerkend en moeilikhede is ondervind om kokke te kry.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Duplicate

V.26/1

The Officer Commanding
M/S Flotilla
H.M.S.A.S.FOYLE
August 11th.1922

The Commander,
South African Division.

Sir,

I have the honour to submit the following letter of proceedings:-

**July 24th** H.M.S.A.Ships Foyle & Eden sailed from Simonstown at 1100 and anchored at Hout Bay at 1745. Heavy swell was encountered after rounding Cape Point.

**July 25th** Sailed at 0645 and arrived at Saldanha Bay at 1700.

**July 26th.** AM. Exercised inexperienced men at steering
PM. Exercised crew at various stations.

**July 27th** Carried out Minesweeping exercises in Saldanha Bay.

**July 28th.** Sailed from Saldanha Bay at 0745. Carried out Minesweeping exercises in the forenoon . Arrived Capetown 1700 and proceeded into the Docks.

**July 29th** Completed with boiler and drinking water.

**July 31st.** Sailed from Capetownat 0800arrived Saldanha Bay at 1630, weather too bad to carry out minesweeping exercises.

**August 1st & 2nd.** Carried out Minesweeping exercises in Saldanha Bay.

**August 3rd.**Sailed at 0900 for Capetown ,carried out 4 hours steam trial ,average speed obtained , Foyle 10.6 knots,Eden 1 .5 knots. Arrived Capetown at 1600 and secured in Docks.

**August 4th** Foyle proceeded on Slip AM. Eden completed with coal and sailed at 15 for Simonstown arriving there at 2230

**August 5th** Foyle proceeded off Slip AM.stern gland having been repacked.

**August 8th** Foyle completed with coal ,sailed for Simonstown at 1700 arriving at 2330.

The cruise has been quite successful with regards the training of the crew. The Seamen ,who were not professional seamen have made satisfactory progressbut are still very inexperienced and ignorant.

'n Fotografiese weergawe van die verslag van die eerste reis wat deur S.M.S.A.S. *Foyle* en S.M.S.A.S. *Eden* in Suid-Afrikaanse waters onderneem is.
Foto: *Militêr-Historiese en Argivale Dienste,* Pretoria.

A photographic reproduction of the report of the first voyage of the H.M.S.A.S. *Foyle* and H.M.S.A.S. *Eden* in South African waters.
Photograph: *Military Historical and Archival Services,* Pretoria.

Verder het die raad die volgende mening op skrif gestel:

> *A minimum of 50% of men trained to the sea is the lowest that is considered safe to carry on with, and to ensure this being carried out, it may be necessary to obtain a limited number of R.N. men on loan from the Admiralty on short agreement. The following are the probable requirements of professional men to be obtained on loan: 1 Leading Seaman, 4 Able Seamen, 2 Stokers, 1 Wireless Telegraphist Operator. Even with these additional men to stiffen up the crew, the "Protea" for a few months must be looked upon partly as a Training Ship, and her output of Surveying work correspondingly decreased during that period.*

Op 7 Oktober 1922 is die volgende applikante deur die keurraad vir indiensneming aanbeveel: Baasseeman R. T. Evans, stoker J. Clements en baaskok J. H. Perry, terwyl op 9 Oktober 1922 die volgende applikante vir plasing aanbeveel is: Baasseeman F. S. Orbell, gewone seeman F. H. Jones, kok (2e klas) C. H. Fay en kok (3e klas) H. F. P. Burroughs.

Op 11 Oktober 1922 het die name van die skrywer (2e klas) I. T. Webber (ter vervanging van A. M. Nicholson) en bevare seeman R. W. P. I. Dyer en C. O'N. R. Molloy gevolg.

Op 18 Oktober 1922 is J. Mercer vir indiensneming as onderoffisier aan boord van S.M.S.A.S. *Protea* aanbeveel, terwyl tien dae later soortgelyke aanbevelings ten ospigte van S.M.S.A.S. *Protea* met betrekking tot gewone seemanne A. T. Wilson, H. W. J. Murray en N. Neilson en stokers W. J. Rowe en J. C. de Swardt gevolg het. Op 16 November 1922 is T. H. Louw as stoker vir plasing op S.M.S.A.S. *Protea* aanbeveel.


Op 24 Julie 1922 het S.M.S.A.S. *Sonneblom* en S.M.S.A.S. *Immortelle* om 11 uur vm. van Simonstad vertrek en, nadat hulle Kaappunt gepasseer het, om 5.45 uur nm. in Houtbaai geanker. Op 25 Julie 1922 is die twee vaartuie na Saldanhabaai waar hulle tot 28 Julie vertoef het om vervolgens op dieselfde dag, om 5 uur nm. in Tafelbaai aan te kom.

Oefeninge is op verskillende dae gehou en op 3 Augustus 1922 is 'n stoomtoets van vier uur uitgevoer. S.M.S.A.S. *Sonneblom* het by dié geleentheid 'n gemiddelde spoed van 10,6 en S.M.S.A.S. *Immortelle* 'n gemiddelde spoed van 10,5 knope behaal.

Op 4 Augustus het S.M.S.A.S. *Immortelle* na Simonstad teruggekeer, terwyl S.M.S.A.S. *Sonneblom* op 8 Augustus by sy basis aangekom het. Na aanleiding van hierdie oefenreise, die eerstes wat deur twee Suid-Afrikaanse mynveërs onderneem is, het kommandeur N. H. Rankin op 11 Augustus 1922 aan die Hoof van die Generale Staf, op Pretoria, onder meer soos volg gerapporteer:


> *The cruise has been quite successful with regards the training of the crew. The Seamen, who were not professional seamen have made satisfactory progress but are still inexperienced and ignorant. The stokers shape well and should become efficient men. The Cook and Steward in H.M.S.S.S. Foyle are both capable and are becoming accustomed to Naval ways. The Cook and Steward in H.M.S.A.S. Eden are not so satisfactory.*
>
> *Considerable further practice in minesweeping is required before ships become efficient minesweeping vessels.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



H.M.S.A.S. *Sonneblom*.
Photograph: *S.A. Navy*, Simonstown.

S.M.S.A.S. *Sonneblom*.
Foto: *S.A. Vloot*, Simonstad.



S.M.S.A.S. *Immortelle*.
Foto: *S.A. Vloot*, Simonstad.

H.M.S.A.S *Immortelle*.
Photograph: *S.A. Navy*, Simonstown.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 8
# DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE S.A. SEEDIENS

## a. 'N LANG PAD AFGELÊ

Dit was 'n lang en ingewikkelde pad wat van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. na die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Seediens op 1 April 1922 gelei het. Daar was die Imperiale vlootbeleid-aangeleenthede en die amptelike Suid-Afrikaanse reaksie hierop, die oordrag van S.M.S. *Crozier*, S.M.S. *Eden* en S.M.S. *Foyle*, die werwing van personeel ten behoewe van die vergrote K.M.V.R.-organisasie en die eerste kruistog van twee van die drie vaartuie, S.M.S.A.S. *Immortelle* en S.M.S.A.S. *Sonneblom* in die Suid-Afrikaanse waters naby Kaappunt. Omstreeks Oktober 1922 was al hierdie aspekte, wat deel van die grondleggende werksaamhede van die huidige Suid-Afrikaanse vloot gevorm het, geheel of gedeeltelik afgehandel.

## b. DIE INSKAKELING IN WEERMAGSVERBAND

Een belangrike aspek, waaraan nog geen aandag gewy is nie, was die inskakeling van die K.M.V.R.-organisasie in weermagsverband en die vervanging van die K.M.V.R. deur die Suid-Afrikaanse Seediens.

In die verband is nr. 65 van die *Africa Station Temporary Memoranda*-reeks, uitgevaardig deur vise-admiraal W. E. Goodenough (16 Februarie 1922) insiggewend.

In hierdie memorandum is verklaar:

> *The three ships belonging to the Union Government, "Crozier," "Foyle" and "Eden" (which will shortly be renamed) are to be regarded as a part of the Africa Squadron for all practical purposes.*
>
> *2. They are in commission but at present have considerably reduced crews which it is hoped to complete in the near future.*
>
> *They are still under the orders of the Commander-in-Chief and will be administed by Commander Rankin, who will be known as Commander, South African Division (short title:— C.S.A.D.). He will deal direct with the Officers of the Dockyard and "Afrikander" in questions of stores, finance and repairs; and will deal direct with the Defence Department of the Union Government in routine matters and finance. All matters of policy, movement of ships and discipline are to be submitted through the usual channels . . . to the Commander-in-Chief, or, in his absence, to the Senior Naval Officer.*
>
> *4. The officers and men in the ships are borne on the books of "Afrikander" for disciplinary purposes.*
>
> *5. Officers of the Fleet are to afford these vessels similar assistance to that which would be undertaken for any other small ships belonging to the Navy, and, as regards the Trawlers, which form part of the mine-sweeping defence, the Fleet Engineer Officer is to supervise their machinery and inspect it quarterly, reporting the result, with any recommendations, to the Commander-in-Chief, through the Chief of Staff. The Fleet Medical Officer is to arrange to have the ships visited when necessary and cases requiring hospital treatment sent to R.N. Hospital.*

*6. No charges are to be raised in respect of ordinary assistance given by the Fleet (except as shown in para 7) but charges against the Union Government in respect of stores and repairs effected by the Dockyard.*

*7. In the event of men from the Fleet being victualled on board any of these three ships for Naval purposes, not connected with the Union Government, or the upkeep or supervision of these three vessels themselves, the cost of their victualling at the usual rates is to be communicated to the C.S.A.D. and will be credited to the Union Government. If men are victualled on board in connection with Fleet assistance or repairs the cost of victualling will be chargeable to the Union Government, together with any extra pay the men may be entitled to under the King's regulations.*

*W. E. Goodenough,*
*Vice Admiral,*
*Commander-in-Chief.*
16th February 1922.

Hierdie memorandum is op 19 April 1922 deur die Sekretaris van Verdediging aan die Hoof van die Generale Staf deurgestuur.

Op 19 Junie 1922 het brigadier-generaal A. J. E. Brink, in 'n voorlegging aan die Minister van Verdediging, onder die opskrif *South African Naval Service*, die verband tussen die bestaande K.M.V.R. en artikels 22 en 23 van die Verdedigingswet van 1912 geskets en onder meer in sy uiteensetting verklaar:

*Regulations for this Unit have been approved and the Unit accordingly established as the South African Division Royal Naval Volunteer Reserve. This Unit is, as far as the service and training in time of peace is concerned, on par with A.C.F. Units.*

*No provision, however, exists in either the main or the amending act for a permanent S.A. Naval Unit or Corps. Parliament is now asked to vote funds for a permanent Naval Force, and a certain number of officers and men have been appointed in a permanent capacity to man the minesweepers in the service of the Union, and also to train the R.N.V.R. personnel.*

*2. It therefore, follows that legal provision should be made for the establishment of a permanent Naval Service, and I recommend that for the present this Reserve, to be designated the South African Naval Service (short title: S.A.N.S.), should form a portion of the South African Permanent Force.*

Die Hoof van die Generale Staf het die Minister van Verdediging opmerksaam gemaak op die bestaan van seksie 1(3) van die Verdedigingswet van 1922, t.w. dat die goewerneur-generaal eenhede kan daarstel en benoem deur middel van 'n proklamasie en voorgestel dat 'n proklamasie deur laasgenoemde uitgevaardig word om bogenoemde bykomstige eenheid van die Suid-Afrikaanse Staande Mag in die lewe te roep.

Brigadier-generaal Brink het die Minister van Verdediging se aandag op 'n Australiese presedent gevestig[97] en vervolgens, onder meer, in dieselfde verband die volgende voorstelle voorgelê:

a. i. *The S.A.N.S. be commanded and administered as a South African Permanent Force Unit by a Commander (designated Commander S.A.N.S.) under orders of Defence Headquarters.*

ii. *The training programmes for this Unit (as well as the S.A. Div.: R.N.V.R.) to be drawn up in consultation with the Naval C. in C.*

iii. *For the present and until special provision be made in the Defence Act, all members of the S.A.N.S. to be subject to the S.A. Permanent Force Regulations governing this branch of the Force, may in future be approved.*

iv. *The Comdr., S.A.N.S. to combine with this function, also that of Comdr. and instr. of S.A. Div.: R.N.V.R., and the present arrangement for the latter unit to continue for the time being.*

v. *I also recommend that during the next Session of Parliament that the Defence Acts be amended so as to provide for the service of this branch of the S.A. Permanent Force with the Royal Navy in time of war if, and under such circumstances, as may be deemed necessary, and for service in time of peace outside South African territorial waters. Authority is also required for the application of the naval discipline code to this Unit to such an extent as may be deemed necessary.*

vi. *The Comdr. S.A.N.S. to consult the Naval C. in C. in regard to all matters of training, movements of ships and administration of the S.A.N.S. and S.A. Div.: R.N.V.R. and he will also comply with the Orders of the Naval C. in C. in regard to conditions under which services, free or otherwise, are to be rendered by the Royal Navy establishment of the Africa Station at Simonstown.*

Op 19 Junie 1922 het brigadier-generaal Brink tewens 'n afskrif van bogenoemde skrywe aan die Sekretaris van Verdediging gestuur. Laasgenoemde het op 7 Julie 1922 'n voorlegging aan die Minister van Verdediging gestuur waarin hy onder meer verklaar het dat die koers wat deur brigadier-generaal A. J. E. Brink ingeslaan is volgens hom nie noodsaaklik nie en onprakties is. Met betrekking tot laasgenoemde aspek het die Sekretaris van Verdediging verklaar dat die dissiplinêre aspek 'n onoorkomelike struikelblok gaan wees.

Voortgaande het sekretaris Bourne geskrywe:

> *The Union cannot, and should not for a moment, attempt to set up for its embryo naval services a separate permanent naval establishment quite distinct from or having no intimate connection with the Royal Naval Establishment at Simonstown. Not only would this course be very expensive, but it would be impossible to operate with any degree of efficiency. We are deliberately and advisedly committed to linking our naval services up with the Royal Navy and placing them under the supervision of the Admiral commanding, Africa Station, based on Simonstown. By this we get trustworthy skilled supervision and technical advice and assistance as to naval training and administration as well as the use of all the dockyard establishments, including docks, moorings, workshops, victualling and store establishments as a free service except for actual out-of-pocket expenses to the Admiralty. But, of course, the Admiral who is responsible for these establishments must have control and to give him control all the personnel of our naval services both permanent and "volunteer" must be under the same disciplinary control or system as the personnel of the Royal Navy, i.e. they must be subject to the Naval Discipline Acts. Were the suggestion of the Chief of the General Staff to be acted upon this would not be the case as regards that portion which it is most essential should be under naval discipline, viz., the permanent, or as I prefer to call them, "the full time" officers and ratings.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Volgens die sekretaris kon dit slegs moontlik gemaak word deur 'n spesiale wetsontwerp aan te neem waarin voorsiening gemaak word vir die konstitusie van 'n permanente Suid-Afrikaanse Seediens om dan, op dié wyse, laasgenoemde groep onder die vlootdissipline-wette geplaas te kry. Sekretaris Bourne het soos volg voortgegaan:

> *Politically — in the broadest and narrowest sense of that word — to pass such an Act would be difficult and undesirable. We have no intention — if I read the government's intentions right — of embarking upon a Dominion Navy such as the wretched travesties of navies as exist in some other self-governing Dominions. We are facing, however, the task of preparing the foundations of such a Navy allied most closely to the Royal Navy, for without such close alliance an efficient South African naval service is, as a practical proposition,* ***impossible.***

Die Sekretaris van Verdediging het verder verklaar dat brigadier-generaal Brink dalk van die gedagte uitgaan dat daar gevaar bestaan dat hy beheer sal verloor indien daar voortgegaan word om 'n stelsel verder te ontwikkel wat spesiaal ontwerp is en waarvoor daar voorsiening gemaak is in artikels 22 en 23 van die Verdedigingswet van 1912.

Hierop het sekretaris Bourne geantwoord:

> *I can easily satisfy you and him, however, if necessary, that under that system we can retain full constitutional control not only in theory but also complete administrative control in practice.*
>
> *I am about to prepare a complete revision of the R.N.V.R. regulations in consultation with the new naval staff at Simons Town. It is a pretty big job but I see my way clear to do it both to your and to their complete satisfaction.*
>
> *In these regulations full and adequate provision can be made for a full-time staff, and all the new activities including minesweeping, hydrographic survey, war reserve section (for naval control service) and training of boys for the sea both full and part time. All this can be done well within the four corners of present legislation.*

Nadat minister Mentz die twee voorleggings ontvang en nagegaan het, het hy op 11 Julie 1922 die hele aangeleentheid met Vlootsekretaris kaptein H. P. W. G. Murray, D.S.O., R.N., bespreek. 'n Ooreenkoms in verband met die konstitusie van die Suid-Afrikaanse Seediens is gedurende dié bespreking bereik en in sy bedankingsbrief aan vise-admiraal sir William Goodenough, K.C.B., M.V.O., het minister Mentz onder meer geskrywe:

> *I feel sure that the new Service launched with so much goodwill and friendly co-operation, cannot be otherwise than a success and a credit to the Service of which it will be an off-shoot.*

Uit verdere briefwisseling blyk verder dat die reeds genoemde kaptein H. P. W. G. Murray, D.S.O., R.N., kommandeur M. L. Clarke, D.S.O., R.N., luitenant R. W. Moore, R.N., en luitenant S. V. C. P. Orme, R.N., 'n belangrike aandeel in die totstandkoming van die konstitusie van die Suid-Afrikaanse Seediens gehad het. Dieselfde geld, ten opsigte van die skakeling tussen die Hoof van die Generale Staf en die Minister van Verdediging, ten opsigte van die toenmalige kaptein (later generaal-majoor) F. H. Theron. Ook kommandeur N. H. Rankin het 'n rol in verband met die totstandkoming van die konstitusie gespeel wat op 12 Julie 1922 ministeriële goedkeuring ontvang het.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 12 Julie 1922 het die Hoof van die Generale Staf aan kommandeur Rankin meegedeel:

a. *That the South African Naval Service shall be constituted a unit of the South African Permanent Force under Section 1(3) of the Defence Act Amendment Act, 1922, and*

b. *That the Naval Discipline Acts shall be applied to this new Service under sub-section (t) of Section 116 of the Defence Act.*

Brigadier-generaal Brink het verder meegedeel dat hy die nodige stappe doen dat die vereiste proklamasie opgestel word.

Verder deel hy mee dat die Minister van Verdediging aan kommandeur Rankin opgedra het om die bestaande regulasies vir die Suid-Afrikaanse Staande Mag te hersien sodat hulle van toepassing op die toekomstige Suid-Afrikaanse Seediens sal wees. Tewens moet hy die bestaande K.M.V.R.-regulasies sodanig wysig dat die reorganisasie van genoemde eenheid deurgevoer kan word.

In laasgenoemde verband skrywe die Hoof van die Generale Staf verder:

> *Other views will also no doubt be submitted to the Minister and they will naturally also be considered; but the Minister is particularly anxious to have your views in regard to this matter clearly.*

Brigadier-generaal Brink vervolg:

> *The Minister understands from the Naval Secretary that this arrangement will be welcomed by them as it obviates the very serious objection that there exists to the attachment of the permanent personnel now engaged to the R.N.V.R., especially in view of the fact that most of the officers and ratings have been taken over from the Royal Navy and were thus asked to belong to a unit which it was proposed to make the appendage of a volunteer unit.*
>
> *The present cumbersome procedure of entering our officers on the books of H.M.S. Afrikander in order to give them the necessary disciplinary status, is thus also avoided, and ample provision is made on the Imperial side for the application of the Naval Discipline Acts to the Dominions Naval Services by the terms of the Naval Discipline (Dominions Naval Forces) act of 1911.*
>
> *The difficulty of the disciplining of the S.A.N.S. thus falls away.*

Met verwysing na die toekomstige status van die Suid-Afrikaanse Seediens tot „beyond a purely volunteer unit with attached personnel for training purposes," het die Hoof van die Generale Staf geskrywe:

> *The opportunity should be taken to lay the foundation for a permanent Naval Service, which can grow in accordance with the development of the requirements of the Union, without the subsequent dislocation which will surely ensue if the present system were continued and the permanent personnel attached to the R.N.V.R., eventually were to expand to the status of S.A. Dominion Navy.*

Die voorstel om 'n Suid-Afrikaanse Seediens te stig, beteken nie — aldus brigadier-generaal Brink — verbreking van dié diens met die Britse vlootinrigting op Simonstad nie. Die opleiding van personeel, die bewegings van skepe e.d.m. sal nog by die vlootopperbevelhebber, in sy hoedanigheid as hoof-vlootadviseur van die Unie-regering, berus.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## AFRICA STATION TEMPORARY MEMORANDA.

### No. 186. PROGRAMME FOR H.M.S.A. SHIPS "SONNEBLOM" AND "IMMORTELLE".

The following programme for H.M.S.A. Ships "SONNEBLOM" and "IMMORTELLE" has been approved:—

| PLACE. | ARRIVE. | LEAVE. |
|---|---|---|
| East London | 30th April | 2nd May. |
| Durban | 4th May | 2nd August. |

The programme at Durban will be as follows:—

| | |
|---|---|
| May 7th. | Embark Training Class R.N.V.R. |
| May 14th–18th. | Proceed to sea daily for Minesweeping training. |
| May 19th. | Disembark training class. Start boiler cleaning. |
| May 28th. | Embark training class. |
| June 4th–8th. | Proceed to sea daily for Minesweeping training. |
| June 9th. | Disembark training class. |
| June 11th. | Embark training class. |
| June 18th–22nd. | Proceed to sea daily for Minesweeping training. |
| June 23rd. | Disembark training class. |
| June 25th. | Embark training class. |
| July 2nd–5th. | Proceed to sea daily for Minesweeping training. |
| July 7th. | Disembark training class. Start boiler cleaning, paint and coal ship as convenient. (Date for coaling will be submitted later). |
| *August 2nd. | Sail for East London. |

### No. 187. CANCELLATION.

The following T.M's. are to be cancelled as having been sufficiently promulgated, or being obsolete or embodied elsewhere:—

Nos. 11, 12, 13, 18, 50, 51, 63, 96, 116, 120, 160, 162, 167, 172, 173, 174, 179.

**GORDON CAMPBELL,**
S.N.O. SIMONSTOWN,
*for Rear Admiral,*
*Commander-in-Chief.*
16th April 1923.

45. 16.4.23

Programme for S.M.S.A.S. *Sonneblom* and S.M.S.A.S. *Immortelle* dated 16 April 1923.

Photograph: *Military Historical and Archival Services,* Pretoria.

Program vir S.M.S.A.S. *Sonneblom* en S.M.S.A.S. *Immortelle,* gedateer 16 April 1923.

Foto: *Militêr-Historiese en Argivale Dienste,* Pretoria.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Ten slotte verklaar brigadier-generaal Brink:

> *The Minister feels that we shall thus be in the fortunate position of having our steadily growing Naval Service continually schooled in its infancy by the Naval Authorities at Simonstown, so that, when the time arrives for it to take over the guardianship of the S.A. Waters from its elder sister, it will have the benefit of years of close and intimate association with the R.N. which will surely be a guarantee that its traditions of Service will have been correctly grounded.*
>
> *He is, therefore, particularly anxious that an inception will at once be made with the establishment of the S.A.N.S. and that it will benefit to the fullest extent possible by the probationary period outlined above and that we shall consequently not find ourselves unready to take up the obligation when called upon to do so, as for instance was the case of the Canadian precedent when Halifax was handed over to them by the Imperial Government.*

Die konsep-konstitusie in verband met die Suid-Afrikaanse Seediens was op 14 Julie 1922 gereed, maar is daarna gewysig. Die konsepproklamasie in verband met die herinstelling van die Staande Mag was op 14 Augustus 1922 gereed.[98]

Laasgenoemde dokument se publikasie het op 26 Januarie 1923 gevolg, nadat die Goewerneur-generaal die proklamasie, nr. 17, 1923; op 15 Desember 1922 op Johannesburg onderteken het.

Kragtens hierdie proklamasie is bepaal dat 1 Februarie 1923 die datum sal wees waarop die Staande Mag opnuut ingestel sal word.[99]

Onder die eenhede waaruit bogenoemde Mag sal bestaan, is — as nommer III, die *Suid-Afrikaanse Seediens (South African Naval Service)* vir die eerste maal genoem, terwyl onder (3) vermeld is dit die *Suid-Afrikaanse Seediens (South African Naval Service)*, tot nadere kennisgewing, sal bestaan uit sulke offisiere en manskappe van die *Suid-Afrikaanse* Afdeling van die *Koninklike Mariene Vrywilliger Reserwe (South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve)* as wat vir voltydse diens in en by daardie afdeling is en wat, binne die Unie of elders, in alle opsigte onderworpe sal wees aan die regulasies vir die dissipline van die *Koninklike Seediens (Royal* Navy Service), wat enige tyd van krag mag wees.

c. PROKLAMASIE NR. 17, 1923

1 April 1922 sal steeds bekend bly as die stigtingsdatum van die Suid-Afrikaanse Seediens, 15 Desember 1922 is dié datum waarop hierdie jong eenheid vir die eerste maal as 'n eenheid van die Staande Mag ingestel is.
Die tekste van proklamasie nr. 17, 1923, lui, in laasgenoemde verband, soos volg:

PROKLAMASIES

VAN GENERAAL MAJOOR SY KONINKLIKE HOOGHEID PRINS ARTHUR FREDERICK PATRICK ALBERT VAN CONNAUGHT, RIDDER VAN DIE MEES EDELE ORDE VAN DIE KOUSEBAND, LID VAN SY MAJSTEITS MEES EDELAGBARE GEHEIDE RAAD, RIDDER VAN DIE ALOUDE EN ALLEREDELSTE ORDE VAN DIE DISTEL, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN ST. MICHAEL EN ST. GEORGE, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE KONINKLIKE VICTORIA ORDE, RIDDER VAN DIE MEES EDELAGBARE BATH ORDE, PERSOONLIKE AIDE-DE-CAMP VAN SY MAJESTEIT DIE KONING, HOGE KOMMISSARIS VAN SUIDAFRIKA EN GOEWERNEURGENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUIDAFRIKA.

No. 17, 1923.)

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Nademaal deur artikel één van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet Wijzigings Wet, 1922, verorden is dat die Goewerneurgeneraal deur proklamasie in die *Staatskoerant* 'n datum kan bepaal waarop die Staande Mag, soos ingestel onder artikel *elf* van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912, opnuut ingestel sal word; dat die Suidafrikaanse Staande Mag kan bestaan uit die eenhede wat opgenoem word in subartikel (3) van die gemelde artikel *één;* dat die Goewerneurgeneraal, ook deur 'n proklamasie, ander eenhede kan oprig en noem of die titel en naam van enige eenheid kan verander;

So is dit dat ek onder en kragtens die mag se gesag wat deur die gemelde artikel aan my verleen word, hiermee verklaar, proklameer en bekendmaak—

(1) dat die eerste dag van Februarie 1923 die datum sal wees waarop die gesegde Staande Mag opnuut ingestel sal word;

(2) dat van die gesegde datum of die Suidafrikaanse Staande Mag sal bestaan uit die volgende eenhede, onder die naam en titel soos vermeld, wat geoorloof is deur die toepaslike bepalinge van die gesegde Wet:

Artikel 1 (3) (i) en (4)—
I. Die Suidafrikaanse Stafkorps.

Artikel 1 (3) (i) en (4)—
II. Die Suidafrikaanse Instruksiediens.

Artikel (1) (3)—
III. Die Suidafrikaanse Seediens.

Artikel 1 (3) (ii)—
IV. Die Suidafrikaanse Veldartillerie.

Artikel 1 (3) (iii)—
V. Die 1ste Resjiment Suidafrikaanse Berede Skutters.

Artikel 1 (3) (iv) en (4)—
VI. Die Suidafrikaanse Permanente Vestingsartillerie.

Artikel 1 (3) (vi)—
VII. Die Suidafrikaanse Sjeniediens.

Artikel 1 (3) (v)—
VIII. Die Suidafrikaanse Lugmag.

Artikel 1 (3) (xi) en (4)—
IX. Die Suidafrikaanse Intendans.

Artikel 1 (3) (viii)—
X. Die Suidafrikaanse Geneeskundige Diens.

Artikel 1 (3) (x)—
XI. Die Suidafrikaanse Krygsbehoeftediens.

Artikel 1 (3) (ix)—
XII. Die Suidafrikaanse Veeartsenydiens.

Artikel 1 (3) (xii) en (4)—
XIII. Die Suidafrikaanse Administratiewe-, Betaal- en Klerklike Diens;

en

(3) dat die Suidafrikaanse Seediens, tot nadere kennisgewing, sal bestaan uit sulke offisiere en manskappe van die Suidafrikaanse Afdeling van die Koninklike Mariene Vrijwilliger Reserwe as wat vir voltydse diens in en by daardie afdeling ingedeel is en wat, binne die Unie of elders, in alle opsigte onderworpe sal wees aan die regulasies vir die dissipline van die Koninklike Seediens, wat enige tyd van krag mag wees.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika, te Johannesburg, op hierdie Vyftiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Twee-en-twintig.

ARTHUR FREDERICK,
Goewerneurgeneraal.

Op las van Sy Koninklike Hoogheid
die Goewerneurgeneraal-in-Rade.

H. MENTZ.

BY MAJOR-GENERAL HIS ROYAL HIGHNESS PRINCE ARTHUR FREDERICK PATRICK ALBERT OF CONNAUGHT, KNIGHT OF THE MOST NOBLE ORDER OF THE GARTER, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT OF THE MOST ANCIENT AND NOBLE ORDER OF THE THISTLE, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, KNIGHT GRAND CROSS OF THE ROYAL VICTORIAN ORDER, COMPANION OF THE MOST HONOURABLE ORDER OF THE BATH, PERSONAL AIDE-DE-CAMP TO HIS MAJESTY THE KING, HIGH COMMISSIONER FOR SOUTH AFRICA, AND GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 17, 1923.)

Whereas by section *one* of the South African Defence Act Amendment Act, 1922, it is enacted that the Governor-General may, by proclamation in the *Gazette,* fix a date as from which the Permanent Force, constituted under section *eleven* of the South African Defence Act, 1912, shall be reconstituted; that the South African Permanent Force may include the units enumerated in sub-section three of the aforesaid section *one*; that by like Proclamation of the Governor-General may establish and designate other units or alter the style and designation of any unit;

Now therefore under and by virtue of the power and authority in me vested by the aforesaid section, I do hereby declare, proclaim and make known—

(1) that the 1st day of February, 1923, shall be the date from which the said Permanent Force shall be reconstituted;

(2) that there shall from the said date be included in the South African Permanent Force under the style and designation mentioned, the following units authorised by the relevant provisions of the said Act:

Section 1 (3) (i) and (4)—

I. The South African Staff Corps.

Section 1 (3) (i) and (4) —

II. The South African Instructional Corps.

Section 1 (3) —

III. The South African Naval Service.

Section 1 (3) (ii) —

IV. The South African Field Artillery.

Section 1 (3) (iii) —

V. The 1st Regiment, South African Mounted Riflemen.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Section 1 (3) iv) and (4) —
VI. The South African Permanent Garrison Artillery.
Section 1 (3) (vi) —
VII. The South African Engineer Corps.
Section 1 (3) (v) —
VIII. The South African Air Force.
Section 1 (3) (xi) and (4) —
IX. The South African Service Corps.
Section 1 (3) (viii) —
X. The South African Medical Corps.
Section 1 (3) (x) —
XI. The South African Ordnance Corps.
Section 1 (3) (ix) —
XII. The South African Veterinary Corps.
Section 1 (3) (xii) and (4) —
XIII. The South African Administrative, Pay, and Clerical Corps; and

(3) that until further notice the South African Naval Service shall comprise the officers and men of the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve who are engaged for whole-time service in and with that division and who, within the Union or elsewhere, shall be subject in all respects to the regulations for the time being in force for the discipline of the Royal Navy.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Johannesburg, this Fifteenth day of December One thousand Nine hundred and Twenty-two.

ARTHUR FREDERICK,
Governor-General.

By Command of His Royal Highness
the Governor-General-in-Council.

H. MENTZ.

d. DIE EERSTE JAARVERSLAG

Aan die einde van die militêre verslagjaar wat op 30 Junie 1923 geëindig het, was die posisie van die op 1 April 1922 gestigte Suid-Afrikaanse Seediens soos volg.

Die eenheid het uit drie takke met 'n gesamentlike permanente personeel van dertien offisiere en 110 manskappe bestaan, naamlik:

i. Die algemene dienstak, bestaande uit die hoofkwartier. Hierdie tak verskaf tewens instrukteurs-personeel aan die gelyknamige tak van die K.M.V.R.

ii. Die mynveër-tak, bestaande uit S.M.S.A.S.[100] *Sonneblom* en S.M.S.A.S. *Immortelle;* verantwoordelik vir die opleiding van die mynveërflottielje-tak van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die K.M.V.R.

Gedurende die afgelope ses maande dat die flottieljes bestaan het, het — behalwe die bemannings in vaste diens — agt offisiere en sewe-en-negentig manskappe diens aan boord verrig. Vir strategiese oefeninge is die mynveërs aan die Britse vloot (Simonstad) toegevoeg.

iii. Die hidrografiese opmeting-tak, bestaande uit S.M.S.A.S. *Protea* wat, behalwe bogenoemde werksaamhede, terselfdertyd vissery- en biologiese navorsing op see

verrig. Daar is met die opmeting van St. Helenabaai begin en in Mei en Junie 1923 was die skip uitsluitend besig om, ten behoewe van die Visseryraad, navorsingswerk naby die Natalse kus te verrig.

Tydens die verslagjaar het die Britse admiraliteit S.M.S. *Afrikander* aan die Unieregering oorgedra om as depotskip van die S.A. Seediens gebruik te word. Die bevelvoerder van hierdie eenheid het sy wimpel aan boord van die S.M.S. *Afrikander* gehys en beskik nou oor die vereiste dissiplinêre magte ten opsigte van die S.A. Seediens. Aangaande die Suid-Afrikaanse Afdeling van die K.M.V.R. is soos volg gerapporteer:

Die sterkte bedra ongeveer dertig offisiere en 600 manskappe wat oor twee seksies verdeel is, te wete:

i. Die algemene dienstak, bestaande uit vyf kompanies, gestasioneer te Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban. Die personeel ontvang, behalwe opleiding aan land, jaarliks ook opleiding (tien tot veertien dae) op see aan boord van skepe van die Britse vloot.

ii. Die mynveër-afdeling, bestaande uit drie flottieljes wat te Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen, en Durban gestasioneer is. Die personeel ontvang jaarliks 'n gedeelte van sy opleiding aan boord van Britse mynveërs.

SLOT

In bogenoemde vorm en organisasie het die Suid-Afrikaanse Seediens tot 1934 voortbestaan. Ekonomiese omstandighede in die vroeë dertiger jare was die oorsaak dat S.M.S.A.S. *Protea* sy werksaamhede teen die einde van April 1933 gestaak het en aan die Britse vloot teruggegee is. Op 1 April 1934 het dieselfde lot S.M.S.A.S. *Immortelle* en S.M.S.A.S. *Sonneblom* getref. Nie alleen is hierdie twee skepe aan die Britse vloot teruggegee nie, maar terselfdertyd is diensdoende personeel ontslaan. Op hierdie wyse het, soos in die amptelike verslag van die Departement van Verdediging oor die tydperk tot en met 30 Junie 1934 vermeld is, die Unie se eerste poging om 'n onafhanklike vloot daar te stel ten einde geloop.

Die Britse vloot het die verantwoordelikheid aanvaar om die opleiding op see van lede van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die R.N.V.R. te behartig. Die hidrografiese werksaamhede is voortgesit en gunstiger tydsomstandighede is afgewag om, met betrekking tot Suid-Afrikaanse vaartuie weer 'n begin te maak met die opbou van 'n Suid-Afrikaanse vloot, wat, soos die Feniks van welweer, uit sy as sou herrys om — sterker as ooit tevore — sy vlerke uit te slaan en die eer van Suid-Afrika sowel in ons eie waters en elders hoog te hou.

SUMMARY

South Africa's naval tradition reverts back to the Netherlands Republic and Britain.

During the British colonial period in the history of South Africa the governments of the Cape and of Natal from 1898 and 1903 respectively, annually made available contributions to the British Navy and the Imperial Government.

In addition, both the *Cape Naval Volunteers* and the *Natal Naval Volunteers* made their appearance on a voluntary basis. These organisations did not satisfy the conditions as laid down by the British Admiralty. Nevertheless they accepted the name *Royal Naval Volunteer Reserve* on their own authority.

In 1912, after Under-Secretary Bourne had held discussions with the British Admiralty, provision was made in the South African Defence Act of that year for the establishment of the *South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve*.

This Division was established in 1913 and in 1914 British-South African discussions were held concerning the way the Union of South Africa could best serve the interests of the Imperial Seaward Defence.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

These discussions came to a dead end as a result of the outbreak of World War I (1914).

On 3rd August, 1914, after a telegram had been received by the Union Government from the Supreme Commander of the British Navy in South Africa, the mobilisation of the *South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve* followed. Without proclamation the South African Division of the R.N.V.R. was placed under British control. In his work *History of the R.N.V.R., South African Division,* (Cape Town, 1920), Commander S. M. A. J. Hay described the Division's history during World War I.

Some particulars regarding this period have been derived from his publication.
In 1917, during the Imperial War Conference, the British Admiralty was requested, immediately after the termination of hostilities to, draw up a scheme regarding the seaward defence of the British Empire.

During the Imperial War Conference of 1918 the idea postulated in the meantime by the British Admiralty to establish one Imperial Naval force for the British Empire under a central board of control, was rejected by the dominions.

The decentralisation concept in the shape of war fleets raised and maintained by the dominions, won the day.

In 1919 the British Admiralty made efforts to get rid of surplus ships and staff. The Union Government applied to acquire a number of those vessels.

In July 1920 Genl. J. C. Smuts, during a debate in Parliament, explained the Union Government's naval policy. Shortly afterwards the British Admiralty offered a number of vessels for commercial purposes.

In 1921 the British Admiralty formulated its policy in regard to naval co-operation with the dominions in the *Grey Book*. In here, inter alia, the principle of separate navies for the dominions was accepted. Consequently Secretary Sir Roland Bourne formulated certain proposals in connection with the acquisition of vessels and personnel and the expansion of the existing *South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve.* These proposals formed the basis for establishing a South African Navy.

In 1921 he discussed these plans, on behalf of the Union Government, with the British Admiralty. Shortly afterwards Genl. J. C. Smuts began to correspond on the matter with the British Lord of the Admiralty (Lord Lee of Fareham).
Genl. Smuts's exposition of the Union's naval policy received only partial approval of Lord Lee of Fareham because the latter felt that the Imperial Seaward Defence would only benefit here and there by these proposals.

According to Genl. Smuts's planning and views, two trawlers, the H.M.S. *Eden* and the H.M.S. *Foyle* (designed as minesweeper training vessels) and the survey-sloop H.M.S. *Crozier,* were transferred to the Union Government. These vessels, renamed H.M.S.A.S. *Immortelle,* H.M.S.A.S. *Sonneblom* and H.M.S.A.S. *Protea* (1922) and the founding of the *South African Naval Service* on 1st April, 1922, were the beginnings of the *South African Navy.*

With effect from 15th December, 1922 the *South African Naval Service* was integrated as a unit of the former Union Defence Force and in this way the precusor of the present *South African Navy* became a purely South African unit of the South African Permanent Force.

## AANTEKENINGE


1. H. W. Richmond, K.C.B., *National Policy and Naval Strength and other essays,* (London, 1934), p. 352.
2. *Ibid.*, p. 352.
3. F. A. Johnson, *Defence by Committee,* (London, 1960), p. 49.
4. *Ibid.*, p. 49.
5. Cd. 4948.
6. *Ibid.*, pp. 20 e.v.
7. *Ibid.*, p. 19.
8. *Ibid.*, p. 21.
9. *Ibid.*, p. 21.
10. *Ibid.*, p. 17.
11. *Ibid.*, pp. 6-7.
12. *Ibid.*, p. 20.
13. Wet no. 20 van 1898, art. 2. Die begrip admiraliteit is soos volg omskrywe: *the Admiralty shall mean the Lord High Admiral of the United Kingdom for the time being or the Commissioners for the time being for executing the office of Lord High Admiral of the United Kingdom.*
14. Datum: 31.10.1902.
15. Wet no. 5 van 1903.
16. Wet no. 33 van 1907 (Natal), wet no. 14 van 1908 (Kaapkolonie).
17. *22° × 23° Vict.*, hoofstuk 40.
18. *3 Edw. 7,* hoofstuk 6.
19. *7 × 8 Geo. 5,* hoofstuk 22.
20. *28° Vict.*, hoofstuk 14.
21. *29 × 30 Vict.*, hoofstuk 109.
22. *1 × 2 Geo. 5,* hoofstuk 42; *7 × 8 Geo.* 5, hoofstuk 34.
23. *3 Edw. 7,* hoofstuk 6.
24. Ontleen aan S. Hay, *History of the R.N.V.R. South African Division,* (Cape Town), 1920, p. 37 e.v.
25. *Ibid.*, p. 18.
26. *Ibid.*, p. 9. G.K. 158/1905.
27. G.K. 110/1903 (30.11.1903).
28. Hay, pp. 24-25.
29. *Ibid.*, p. 25.
30. 1857-1950.
31. Later: *Wet 1 × 2 Geo. 5,* 47.
32. B. voeg hieraan toe: *It is probably true that one political party, now powerful in the Union, would argue that ships and armament could be obtained from the yards and shops of foreign country, and trained personnel of the higher ranks and ratings borrowed from a naval Power outside the British Empire.*
33. *Zuidafrika Verdedigings Wet, 1912,* art. 23(2).
34. *Ibid.*, art. 28(7).
35. *Ibid.*, art. 28(6).
36. *Ibid.*, art. 10.
37. Koning se Orde-in-Rade, 14.10.1913.
38. Die Nederlandse teks o.m. in *Statutes of the Union of South Africa 1912/Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1912,* p. 203 e.v.
39. Gepubliseer in die Staatskoerant van 3 Junie 1913. Sien ook O.-in-R. 14 Oktober 1913 (2).
40. Afsonderlik gepubliseer onder dit titel *South African Division Royal Naval Volunteer Reserve.* ***Part** I: Regulations (with Index. Part II: Proclamation (with Order-in-Council). Extracts from South African Defence Act, 1912,* (Pretoria. The Government Printing and Stationery Office, 1913), pp. 64.
41. *Ibid.*, hoofstuk I.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

42. *Ibid.*, hoofstuk III, 4.
43. *Ibid.*, hoofstuk VII, 36.
44. *Ibid.*, hoofstuk VIII, 38.
45. *Ibid.*, hoofstuk XIII. Die terminologie van 1913 is deurgaans gebesig, t.w.: *Kommandant/Commander, Luitenant/Lieutenant, Onderluitenant/Sub-Lieutenant, Zeekadet/Midshipman, Eerste onderoffisier/Chief Petty Officer, Onderoffisier en Oppersignalist/Petty Officer and Yeoman of Signals, Eerste Zeeman en Eerste Signalist/Leading Seaman and Leading Signalist, Bevaren Zeeman en Signalist/Able Seaman and Signalman, Gewoon Zeeman en Gewoon Signalist/Ordinary Seaman and Ordinary Signalman.*
46. *Ibid.*, art. 79.
47. Hay, t.a.p., pp. 95-96.
48. *Ibid.*, pp. 97-98.
49. *Ibid.*, p. 105.
50. *Ibid.*, p. 107.
51. *Cd. 5741,* p. 6.
52. *Cd. 5746-2*, p. 3.
53. *Ibid.*, pp. 3-4.
54. P. 106.
55. *Hay,* t.a.p., p. 107.
56. *Ibid.*, p. 113 e.v. (ook vir meer besonderhede).
57. *Ibid.*, p. 135 (lys van skepe).
58. *Ibid.*, p. 148.
59. *Ibid.*, p. 170.
60. *Ibid.*, p. 175.
61. I.v.m. die R.N.V.R. verstrek J. Lennox Kerr en Wilfred Granville besonderhede in hul publikasie *The R.N.V.R. A Record of Achievement,* (London, 1957). Die werk bevat feitlik geen noemenswaardige besonderhede aangaande die S.A. Afdeling nie.
62. Arthur J. Marder, *From the Dreadnought to Scapa Flow. The Royal Navy in the Fisher era, 1904-1919,* (London, 1970), deel 5, p. 224.
63. O.m. in *The Cape Times* (hoofartikel) 23.7.1920 en 24.7.1920 (hoofartikel) en die weergawe van die Volksraadsdebatte in dieselfde uitgawes van *The Cape Times.*
64. *The Cape Times,* 24.7.1920.
65. In dieselfde artikel is ook na die die „Generaal Botha" 'n geskenk van mnr. T. B. F. Davis, van Durban, verwys.
66. Sien G. D. Scholtz se werk *Die Afrikaner en die see,* (Johannesburg, 1969).
67. By die totale is soldy, toelaes, proviand, pensioenbydraes, herstelwerk, brandstof, voorrade en waardevermindering ingesluit. Die waardevermindering is soos volg bereken: R20.000 per duikboot, R10.600 vir die moeder-(herstel)skip. Jaarlikse paaiemente: R340.400 (ses), R389.400 (agt).
68. Hierdie Britse oorlogskip het op 5 Junie 1916 naby Scapa Flow vergaan. Van die 655 aan boord was daar twaalf oorlewendes. Die R.S.A. se eerste duikboot, S.A.S. *Maria van Riebeeck,* het op 13 Mei 1971 te Simonstad aangekom. *Sien Paratus,* Mei 1971, p. 40 e.v. Genl.-maj. Frank Theron (1892-1967) het in 1922, nadat hy Stafkursus aan die *Camberley Staff College,* Engeland, voltooi het, as stafoffisier te V.H.K., Pretoria, begin werk. Sien *Kommando,* September 1967, p. 11 (lewenskets).
69. In verband met die benaming *S.A. Division of the Royal Naval Volunteer Reserve* teken B. o.m. aan: *The title is misleading if it leads anyone to imagine that it is part of, or even similar, to the R.N.V.R. organisation of the United Kingdom. It is not. But the title was necessary in order to secure legally correct constitutional sanction to a plan of close naval co-operation with the Mother country, which was thought in 1911 to suit the short skirts and long hair of the latest daughter of the Empire, and allow plenty of room for her properly regulated development into full womanhood, after undergoing suitable education and finishing courses.*
70. *Jane's Fighting Ships* (1919), p. 135 (afbeelding), p. 145 (teks).
71. Opgestel deur sekretaris Bourne.
72. Genoem: Kapt. Domville (Planne-afdeling), kommandeur J. G. Bower, D.S.O.
73. *The Cape Times,* 29.5.1922.
74. *Ibid.*, 12.5.1922.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 1, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

75. *Ibid.*, 29.5.1922.
76. Omstreeks 1860, later tweede seelord.
77. Omstreeks 1879, later eerste seelord.
78. Eerste Britse mynveër-admiraal.
79. Tweede Britse mynveër-admiraal.
80. Eerste Britse skepe wat, onder admiraal Raymond, Tafelbaai aangedoen het (1591).
81. Jan van Riebeeck se skepe (1652). Spelling van die name onveranderd.
82. P. 566.
83. Lt.-kommandeur Buckland en lt. Napier was diensdoende offisiere van die Britse vloot. Kommandeur Delius was 'n oud-vlootoffisier.
84. Vir S.M.S. *Foyle* en S.M.S. *Eden* was onderskeidelik benodig: *Petty Officer* — 1, *E.R.A.* — *1*, Stoker P.O. — 1, *Signalman* — 1, *Leading Seaman* — 1, *Able Seamen* — 4, *Stoker P.O.* — 1, *Stokers* — 4, *Cook* — 1, *Steward 2nd. Cl.* — 1. Vir *S.M.S. Crozier: Chief Petty Officer* — 1, *Petty Officer* — 1, *A.B.L.T.O.* — 1, *Signalman* — 1, *C.E.R.A.* — 1, *E.R.A.* — 3, *Chief Stoker* — 1, *Stoker P.O.* — 6, *Leading Stokers* — 4, *Leading Seamen* — 2, *A.B.* — 4, *Telegraphist* — 1, *Leading Stokers* — 3, *Stokers* — 13, *Leading Cook* — 1, *Steward 2nd. Cl.* — 1. Suid-Afrikaanse burgers: *A.B.S.* — *3*, *Stokers* — *6*, *Sook* — 1, *Steward* — 1.
85. Daar is reëlings vir kostelose vervoer van afhanklikes van uitgeleende bemanningslede getref.
86. Verdere, soortgelyke verslae is aan die Britse outoriteite gestuur.
87. *Rand Daily Mail,* Johannesburg, 17.10.1921.
88. Die Hoof van die Generale Staf het teen hierdie optrede geprotesteer aangesien hy, op grond van die bestaande Staande Mag-voorskrifte die reg van keuse insake die aanstelling van offisiere besit. Andersyds is in die regulasies van die S.A. Afdeling van die K.M.V.R. (para. 105) bepaal dat alle aanstellings van die permanente staf deur die Britse admiraliteit geskied. Die Hoof van die Generale Staf het ewenwel gevoel dat die vise-admiraal sy aanbevelings eers aan hom moet voorlê voordat hulle deur laasgenoemde aan die goewerneur-generaal voorgelê word. Op 20 Desember 1921 het die Sekretaris van Verdediging hierop geantwoord: *I do not think Dechief has any real occasion to complain as have kept him fully posted and peculiar initial conditions certainly warrant some deviation from routine, especially as Naval policy and arrangements have always been my special change and I know more about them than any one else.*
89. Op 12.5.1921 het die Hoof van die Generale Staf sy aanbevelings (soortgelyk) aan die Minister van Verdediging voorgelê. Aanstellingsdatum: 1.4.1922.
90. Die benamings van poste e.d.m. is dié van 1922.
91. Kommandeur Rankin is met 'n U.V.M.-kommissierang aangestel op 1.10.1920. Hy is met ingang van 1.4.1922 in sy nuwe pos aangestel.
92. Aanstellingsdatum: 1.4.1922.
93. Aanstellingsdatum: 1.4.1922.
94. Aanstellingsdatum: 1.7.1922.
95. Aanstellingsdatum: 1.4.1922.
96. In 'n skrywe van 10.6.1922 is verkeerdelik melding gemaak van kaptein Butler.
97. *Commonwealth of Australia Defence Act No. 20 of 1903,* art. 30, 30(1), 32(1), 32(2).
98. Sien in hierdie verband boek nr. 22 van 1922 *(Zuid-Afrika verdedigings Wet Wijzigings/ South African Defence Act Amendment).*
99. *Supplement to the Union of South Africa Government Gazette/Bijvoegsel tot de Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika,* Pretoria, 26.1.1923.
100. Kragtens G.K. nr. 1384 van 20.6.1952 (Staatskoerant nr. 4865 van genoemde datum) is S.M.S.A.S. deur S.A.S. vervang.
101. Bl. 4.



Die opleidingskip S.M.S.A.S. *Generaal Botha.*
Foto: *S.A. Vloot,* Simonstad.

The training ship H.M.S.A.S. *General Botha.*
Photograph: *S.A. Navy,* Simonstown.